



E. Boshoff & S.de Bod

Studiegids

Rekeningkunde

Graad 12





Heerengracht 40, Kaapstad, 8001

Posbus 5197, Kaapstad 8000

www.viaafrika.com

Eerste uitgawe

Eerste druk 2013

© Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting.

Alle pogings is aangewend om kopiereg te verkry van alle gedrukte uittreksels in hierdie boek. Indien ons egter onwetend gebruik gemaak het van materiaal wat kopiereg vereis, versoek ons die kopiereghouer om die saak onder ons aandag te bring sodat ons die nodige erkenning kan verleen.



Inhoud

Kwartaal 1

Oorsig: Hantering van die KABV in Via Afrika se handboek	1
Verdeling van wins	2
Aspekte wat betrekking het op die finansiële state	3
Basiese beginsels van rekeningkundige en finansiële state (AARP & IFVS)	5
Gepubliseerde finansiële state	8
Interne beheer	9
Ouditering	10
Oefening 1.1	14
Oefening 1.2	15
Oefening 1.3	16
Oefening 1.4	16
Oefening 1.5	17
Oefening 1.6	19

Kwartaal 2

Oorsig: Hantering van die KABV in Via Afrika se handboek	20
Vaste/tasbare bates	22
Oefening 2.1	25
Oefening 2.2	26
Oefening 2.3	28
Voorraadwaardasiemetodes	31
Oefening 2.4	34
Oefening 2.5	35
Bankrekonsiliasie	37
Debiteurerekonsiliasie en debiteure-ouderdomsontleiding	39
Krediteurerekonsiliasie en krediteure-ouderdomsontleiding	42
Oefening 2.6	45
Oefening 2.7	47
Oefening 2.8	50
Belasting op toegevoegde waarde (BTW)	51
Oefening 2.9	56
Oefening 2.10	57

Kwartaal 3

Oorsig: Hantering van die KABV in Via Afrika se handboek	58
Geprojekteerde Inkomstestaat	58
Oefening 3.1	60
Oefening 3.2	62
Oefening 3.3	64
Vervaardigingsondernemings en produksiekostes	66
Finansiële state van 'n vervaardigingsonderneming	74

Die opstel van 'n begroting.....	76
Oefening 3.4	77
Oefening 3.5	80

Algemene hersiening en wenke vir Rekeningkunde

Eksamenswenke.....	84
Die rekeningkundige vergelyking en die rekeningkundige siklus	87
Die klassifisering van rekeninge.....	89
Brondokumente.....	92

Antwoorde op oefeninge

Oefening 1.1	94
Oefening 1.2	95
Oefening 1.3	95
Oefening 1.4	95
Oefening 1.5	96
Oefening 1.6	97
Oefening 2.1	98
Oefening 2.2	99
Oefening 2.3	101
Oefening 2.4	102
Oefening 2.5	104
Oefening 2.6	105
Oefening 2.7	106
Oefening 2.8	107
Oefening 2.9	107
Oefening 2.10	108
Oefening 3.1	108
Oefening 3.2	110
Oefening 3.3	111
Oefening 3.4	112
Oefening 3.5	114



Kwartaal 1

Oorsig: Hantering van die KABV in Via Afrika se handboek

Kwartaal 1 Oorsig	Onderwerp 1 Finansiële rekeningkunde van maatskappye: Rekeningkundige begrippe en unieke grootboekrekeninge	<ul style="list-style-type: none">• Rekeningkundige begrippe en unieke grootboekrekeninge• AARP-beginsels• Boekhouding van maatskappye
	Onderwerp 2.1 Finansiële rekeningkunde van maatskappye: Voorbereiding van finale rekeninge en finansiële state	<ul style="list-style-type: none">• Voorbereiding van finale rekeninge en finansiële state• Jaareind-aansuiwerings• Finale rekeninge• Terugskrywing van aansuiwerings
	Onderwerp 2.2 Finansiële rekeningkunde van maatskappye: Voorbereiding van finale rekeninge en finansiële state (vervolg)	<ul style="list-style-type: none">• Finansiële state en aantekeninge van 'n maatskappy• Die Inkomstestaat• Die Balansstaat• Aantekeninge by die finansiële state• Die Kontantvloeistaat
	Onderwerp 3 Finansiële rekeningkunde van maatskappye: Ontleding en interpretasie van finansiële state	<ul style="list-style-type: none">• Ontleding en interpretasie van die Inkomstestaat, die Balansstaat en Aantekeninge• Finansiële aanwysers wat betrekking het op maatskappye
	Onderwerp 4 Ontleding van gepubliseerde finansiële state	<ul style="list-style-type: none">• Jaarlikse verslagdoening en gepubliseerde finansiële state

Verdeling van wins

Netto wins: die positiewe surplus van inkomste bo uitgawes, bereken as bruto wins plus inkomste minus bedryfsuitgawes.

Inkomstebelasting: Belasting bereken op die netto wins vir die jaar is nie 'n uitgawe nie – dit is 'n verdeling van inkomste.

Voorlopige inkomstebelasting: Belasting wat betaal word gedurende die finansiële jaar, ses maande ná die begin van die finansiële jaar.

Dividende: Verdeling van 'n gedeelte van die maatskappy se netto wins aan aandeelhouers, soos voorgestel deur die direksie en goedgekeur deur aandeelhouers, byvoorbeeld 5c per aandeel.

Behoue inkomste: Gedeelte van netto wins ná inkomstebelasting en dividende verdeel is, en wat deur die maatskappy behou word as 'n verdeelbare reserwe. Die verdeelbare reserwe is beskikbaar vir verdeling aan aandeelhouers.

Verdelingsrekening: 'n Finale rekening wat net gebruik word op die laaste dag van die finansiële jaar om netto wins en verdeelbare reserwes te verdeel.

VERDELING					N		
	Inkomstebelasting (<i>Totale bedrag verskuldig vir die jaar</i>)	AJ	204 000		Behoue inkomste (<i>Oorgedra vanaf behoue inkomste</i>)	AJ	40 000
	Dividende op gewone aandele (<i>Totale dividend vir die jaar</i>)	AJ	20 000		Wins en verlies (<i>Netto wins vir die jaar</i>)*	AJ	680 000
	Behoue inkomste (<i>Oorgedra na behoue inkomste</i>)	AJ	496 000				720 000
			720 000				

Aantekening van dividende in die Algemene Grootboek

ALGEMENE GROOTBOEK VAN FORMAT WINKELS BEPERK

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING

AANDEELHOUERS VIR DIVIDENDE B10

20.9 Okt.	15	Bank (<i>Tussentydse dividende betaal</i>)	KBJ 1	12 000	20.9 Aug.	31	Dividende op gewone aandele (<i>Tussentydse dividende verklaar</i>)	AJ1	12 000
					2.10 Feb.	28	Dividende op gewone aandele (<i>Finale dividende verklaar</i>)	AJ1	8 000

NOMINALE REKENINGE AFDELING

DIVIDENDE OP GEWONE AANDELE

N19

20.9 Aug.	31	Aandeelhouers vir dividende <i>(Tussentydse dividende verklaar)</i>	AJ1	12 000	2.10 Feb.	28	Verdelingsrekening <i>(Afgesluit na verdeling)</i>	AJ1	20 000
2.10 Feb.	28	Aandeelhouers vir dividende <i>(Finale dividende verklaar)</i>	AJ1	8 000					20 000

Aantekening van inkomstebelasting in die Algemene Grootboek

ALGEMENE GROOTBOEK VAN FORMAT WINKELS BEPERK

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

SAID: INKOMSTEBELASTING

B9

20.9 Aug.	31	Bank <i>(Tussentydse belasting betaal)</i>	KBJ 1	120 000	2.10 Feb.	28	Inkomstebelasting <i>(Belasting op laaste dag soos bereken)</i>	AJ1	204 000
		Saldo <i>(Verskuldig op laaste dag van huidige jaar)</i>	a/d	84 000					
				204 000					204 000

Mrt. 01 a/b 84 000

NOMINALEREKENINGEAFDELING

INKOMSTEBELASTING

N18

2.10 Feb.	28	SAID: Inkomstebelasting <i>(Belasting op laaste dag soos bereken)</i>	AJ1	204 000	2.10 Feb.	28	Verdelingsrekening <i>(Afgesluit na Verdeling)</i>	AJ1	204 000
				204 000					204 000

Aantekening van belasting op behoue inkomste in die Algemene Grootboek

ALGEMENE GROOTBOEK VAN FORMAT WINKELS BEPERK

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

BEHOUE INKOMSTE

B3

2.10 Feb.	28	Verdelingsrekening <i>(Oorgedra na Verdeling)</i>	AJ1	40 000	20.9 Mrt.	01	Saldo	a/b	40 000
					2.10 Feb.	28	Verdelingsrekening <i>(Oorgedra vanaf Verdeling)</i>	AJ1	496 000

Aspekte wat betrekking het op die finansiële state

Slegs verkorte (statutêre) finansiële state word gepubliseer. Hierdie verkorte finansiële state word opgestel volgens die minimum kriteria soos vereis deur die Maatskappywet. Vergelykende syfers word ook aangedui.

Inkomstestaat (Staat van omvattende inkomste): 'n staat vir die meting van die prestasie van die maatskappy met betrekking tot inkomste en uitgawes, as 'n wins of verlies vir die jaar.

Balansstaat: 'n staat om die finansiële posisie van 'n onderneming op 'n spesifieke tyd te toon met betrekking tot bates wat dit besit, laste wat verskuldig is en ekwiteit met betrekking tot hoeveel in die maatskappy belê is en wat die bron van die belegging was.

Kontantvloeistaat: 'n staat wat inligting verstrek oor die kontant en kontantekwivalente voorhande op die eerste dag van die finansiële jaar, asook die veranderinge in kontant en kontantekwivalente weens die invloei of uitvloei van kontant as gevolg van bedryfsaktiwiteite, beleggingsaktiwiteite en finansieringsaktiwiteite. Dit voorsien die kontant en kontantekwivalente op die laaste dag van die finansiële jaar.

Aantekeninge by die finansiële state: Dit is verduidelikende aantekeninge om rekeningkundige procedures en beleid uiteen te sit.

Staat van veranderinge in ekwiteit: Dit is verduidelikende aantekeninge om rekeningkundige procedures en beleid uiteen te sit.

Ouditeursverslag: die ouditeur voorsien 'n geskrewe verslag gebaseer op die eksterne audit van die finansiële state, en gee 'n 'auditopinie' oor die vraag of die finansiële state 'n 'ware en eerlike' beeld van die stand van sake van die organisasie en werksaamhede vir die tydperk gee.

- 'Waar' beteken dat 'n transaksie plaasgevind het en dat 'n bate bestaan.
- 'Eerlik' beteken dat 'n transaksie as eerlik geëvalueer word en dat bates en laste eerlik verklaar word.

Direkteursverslag: Dit bevat inligting oor die aktiwiteite van die maatskappy gedurende die afgelope finansiële jaar, 'n perspektief op die volgende finansiële jaar, asook ander belangrike sake.

Gebruikers van finansiële state

Verskillende gebruikers het die inligting nodig wat vervat is in finansiële state ten einde aan verskillende vereistes te voldoen:

- Interne gebruikers is mense wat direk betrokke is by die bestuur van die onderneming.
- Eksterne gebruikers is mense of organisasies wat 'n finansiële belang in die onderneming het, maar nie direk betrokke is by die bestuur van die onderneming nie.

Beleggers (eienaars)

Beleggers voorsien kapitaal en het belang by die risiko inherent aan hul beleggings, en die opbrengs wat dit oplewer. Hulle gebruik inligting om te besluit of hulle hul belang in die onderneming moet koop, hou of verkoop. Aandeelhouers gebruik inligting om te bepaal wat die vermoë van die onderneming is om dividende te betaal.

Direksie en bestuur

Die finansiële state bied rekords van bates wat besit word, laste wat verskuldig is en geld wat belê is. Dit help om die onderneming te bestuur en bied 'n maatstaf van die doeltreffendheid van

verskillende afdelings en die onderneming in die geheel. Hulle monitor aktiwiteite, prestasie en posisie en help met die evaluering van kontroleprosesse.

Werknemers

Werknemers en vakunies stel belang in inligting oor die stabiliteit en winsgewendheid van hul werkgewers. Hulle gebruik inligting om die vermoë van die onderneming te bepaal om vergoeding, aftreevoordele en werksgeleenthede te bied.

Banke, verskaffers en ander handelskrediteure

- Banke gebruik inligting om te bepaal of lenings en rente betaal sal word wanneer dit verskuldig is.
- Verskaffers en ander krediteure gebruik inligting om te bepaal of bedrae wat aan hulle verskuldig is, betaal sal word wanneer dit verskuldig is.

Regering, SAID en ander agentskappe

- SAID stel belang in omset (BTW is betaalbaar op verkope), lone en salarisstebelasting en LBS is betaalbaar), invoerbelasting en winste (belasting is betaalbaar op netto wins).
- Regerings en hul agentskappe stel belang in die allokering van hulpbronne en die aktiwiteite van ondernemings. Hulle het ook inligting nodig om die aktiwiteite van ondernemings te reguleer, om belastingbeleid te bepaal en om die basis te vorm vir nasionale inkomste en soortgelyke statistiek.

Die publiek en klante

Ondernemings kan op baie maniere 'n belangrike bydrae maak tot die plaaslike ekonomie, insluitende die aantal mense wat hulle in diens neem, en hul steun aan plaaslike verskaffers. Die finansiële state kan inligting bied oor tendense, veranderinge en die omvang van aktiwiteite.

Klante het 'n belang in die volgehoue sukses van 'n onderneming, veral wanneer hulle 'n langtermyn verhouding het met, of afhanglik is van, daardie onderneming.

Basiese beginsels van rekeningkundige en finansiële state (AARP & IFVS)

Historiese koste

Transaksies word aangeteken teen historiese kosprys. Historiese koste is die hoeveelheid hulpbronne wat prysgegee is om die bate te bekomen of die diens te verbruik, of die bedrag van die las wat aangegaan is. 'n Toename in die waarde van bates in daaropvolgende finansiële jare word nie as 'n toename in inkomste aangedui nie. 'n Gebou is in 2005 vir R600 000 gekoop. Die waarde van die gebou as dit vandag verkoop sou word, is R1 000 000. Grond en geboue word as R600 000 op die Balansstaat getoon.

Omsigtigheid

Die elemente van die finansiële state is konserwatief om seker te maak dat bates en inkomste

nie ooraangegee word en dat laste en uitgawes nie onderaangegee word nie. Die moontlikheid bestaan dat nie alle handelsdebiteure die volle bedrag gaan betaal wat hulle aan die onderneming verskuldig is nie. Daar bestaan dus 'n moontlikheid van oninbare skuld. 'n Kontrarekening tot Handelsdebiteure, genoem Voorsiening vir oninbare skuld, word geopen. Dit bring die Handelsdebiteure-saldo na die bedrag wat na verwagting gerealiseer sal word en voorkom dat bates ooraangegee word. Voorraad word gewaardeer teen die laagste van koste of netto realiseerbare waarde om te verseker dat die waarde wat in die Balansstaat aangedui word, verkry kan word wanneer voorraad verkoop word.

Wesenlikheid

Inligting is wesenlik wanneer dit die vermoë het om die besluite van gebruikers van finansiële state te beïnvloed op grond van die bedrag wat betrokke is of die belangrikheid van die gebeurtenis. Die vergoeding wat aan die uitvoerende beampies en die direkteure betaal word, is wesenlik. Die rekeningkundige beleid is wesenlik omdat dit die gebruikers help om die syfers te verstaan.

Ondernemingsentiteit

Die onderneming en sy eienaars word gesien as twee aparte identifiseerbare partye en die aktiwiteite van 'n onderneming word afsonderlik gehou van dié van sy eienaars.

Lopende onderneming

Die onderneming is 'n 'lopende onderneming' en daar word verwag dat dit in die voorsienbare toekoms (die volgende finansiële jaar) in bedryf sal bly. Daar word nie voorsien dat die onderneming in die nabye toekoms gelikwider sal word nie. Let op die onderskeid tussen:

- Vaste bates en bedryfsbates
- Kort- en langtermynlaste
- Kapitaal- en inkomstebesteding.

Indien 'n maatskappy in ernstige finansiële moeilikheid is en die direksie neem 'n besluit om die onderneming te likwider, is die maatskappy nie 'n lopende onderneming nie.

Paring (oploping)

Inkomstes en uitgawes word erken in die finansiële jaar waarin hulle voorkom en nie wanneer kontant ontvang of betaal word nie. Dit verseker akkurate netto inkomstesyfers. 'n Onderneming sal die uitgawe van die elektrisiteitsrekening gedurende die huidige finansiële jaar realiseer wanneer dit ontvang word en nie gedurende die volgende finansiële jaar wanneer dit betaal word nie, omdat die diens alreeds gebruik is.

Substansie eerder as vorm

Die finansiële uitwerking van 'n gebeurtenis word gemeet pleks van sy regsvorm. Grond en geboue word teen R2 000 000 gekoop gedurende die laaste maand van die huidige finansiële jaar. Die registrasieproses sal eers gedurende die volgende finansiële jaar gefinaliseer word. Die grond en geboue word ingesluit in die huidige Balansstaat.

Konsekwentheid en vergelykbaarheid

Beste rekeningkundige praktyk behels die konsekwente toepassing van IFVS-beginsels. Dit verseker dat rekeningkundige inligting verstaanbaar, relevant, betroubaar en vergelykbaar is. Rekeningkundige beleid behoort slegs om 'n geldige rede te verander. Vergelykbare rekeningkundige inligting stel gebruikers in staat om die huidige finansiële tydperk te vergelyk met vorige finansiële tydperke, asook met ander soortgelyke maatskappye.

- Die 2014 finansiële state sal die ooreenstemmende 2013-syfers insluit.
- Die 2014 finansiële state van Alpha Handelaars Beperk kan met die 2013 finansiële state van Alpha Handelaars Beperk vergelyk word om te sien of die prestasie en posisie verbeter of verswak het.
- Die 2014 finansiële state van Alpha Handelaars Beperk kan met die 2014 finansiële state van Omega Handelaars Beperk vergelyk word om die verskil in die prestasie en posisie van hierdie twee maatskappye te sien.

Geldeenheid

Die geldeenheid van die land (R) is die eenheid wat as die metingsbasis gebruik word. 'n Onderneming gee slegs rekenskap van daardie dinge wat in terme van geld gemeet kan word. Indien die onderneming die oorsaak is van 'n natuurkatastrofe (bv. 'n oliestorting), rapporteer hulle die finansiële uitwerking in die vorm van eise wat uitbetaal word, skadevergoeding, opruimkoste, ensovoorts.

Rekeningkundige tydperk

Finansiële state word opgestel vir 'n rekeningkundige tydperk en die resultate word op 'n periodieke grondslag gerapporteer (bv. elke 12 maande). Die Inkomstestaat bied insig in die prestasie van die maatskappy vir 'n bepaalde tydperk.

	→														
Feb. 2014	Mrt. 2014	Apr. 2014	Mei 2014	Jun. 2014	Jul. 2014	Aug. 2014	Sep. 2014	Okt. 2014	Nov. 2014	Des. 2014	Jan. 2015	Feb. 2015	Mrt. 2015		

Die Balansstaat (of staat van finansiële posisie) gee met 'n oogopslag 'n beeld van die finansiële posisie van 'n onderneming (bates, laste en ekwiteit) aan die einde van die tydperk.

Feb. 2014	Mrt. 2014	Apr. 2014	Mei 2014	Jun. 2014	Jul. 2014	Aug. 2014	Sep. 2014	Okt. 2014	Nov. 2014	Des. 2014	Jan. 2015	Feb. 2015	Mrt. 2015		

Die kontantvloeistaat en die staat van veranderinge in ekwiteit gee besonderhede oor hoe die maatskappy se finansiële posisie oor die tydperk verander het.

Feb. 2014	Mrt. 2014	Apr. 2014	Mei 2014	Jun. 2014	Jul. 2014	Aug. 2014	Sep. 2014	Okt. 2014	Nov. 2014	Des. 2014	Jan. 2015	Feb. 2015	Mrt. 2015

Gepubliseerde finansiële state (openbare maatskappye)

Die direksie

'n Maatskappy word deur 'n direksie bestuur. Die direkteure is individue wat verkies word as verteenwoordigers van die aandeelhouers ten einde die maatskappy te bestuur en na die aandeelhouers se belang om te sien. Die eienaars van die maatskappy (aandeelhouers) stel die direksie aan.

- Die uitvoerende direkteur is 'n voltydse werknemer wat 'n spesifieke besluitnemingsrol vervul, byvoorbeeld Hoof- Uitvoerende Beampte of HUB.
- 'n Nie-uitvoerende direkteur is 'n niewerkende direkteur wat nie betrokke is by die daaglikse bestuur van die maatskappy nie.

Pligte van die direkteure

- Stel die finansiële state op in ooreenstemming met die toepaslike wette (maatskappywet, belastingwet) en regulasies (IFVS & AARP).
- Selekteer rekeningkundige beleid en pas dit toe.
- Bied inligting, insluitende rekeningkundige beleid, op so 'n manier aan dat dit relevant, betroubaar, vergelykbaar en verstaanbaar is.
- Openbaar verdere inligting wanneer voldoening aan die spesifieke vereistes in IFVS nie genoeg is om gebruikers te help om die uitwerking van spesifieke transaksies en ander gebeure en toestande op die onderneming se finansiële posisie en finansiële prestasie te verstaan nie.
- Evalueer die maatskappy se vermoë om voort te bestaan as 'n lopende onderneming.
- Neem verantwoordelikheid vir die hou van behoorlike rekeningkundige rekords wat met redelike akkuraatheid die finansiële posisie van die maatskappy op 'n gegewe tydstip weerspieël.
- Beskerm bates.
- Doen redelike stappe om bedrog en ander onreëlmatergheede te voorkom en te ontdek.
- Hou toesig oor die voorbereiding van 'n direkteursverslag en direkteursvergoedingsverslag.
- Neem besluite oor maatskappykwesties:
 - stel maatskappybeleid en -doelwitte
 - stel die HUB en ander uitvoerende beamptes in diens
 - maak voorstelle vir dividende
 - reik bykomende aandele uit.

Die jaarvergadering (AJV)

Aandeelhouers by die AJV stem ooreenkomsdig die aantal aandele wat hulle besit:

- Aanvaarding van die geouditeerde finansiële state

- Goedkeuring van die aanbevole dividende
- Aanstelling van direksielede
- Aanstelling van ouditeure.

Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR)

SAIGR is 'n professionele liggaam vir geoktrooieerde rekenmeesters en onafhanklike ouditeure:

- Dit reik riglyne en verklarings uit oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP).
- Dit bied indiensopleiding aan.
- Dit het 'n gedragskode wat deur alle lede gevvolg moet word. Versum sal daartoe lei dat die lid se naam uit SAIGR geskrap word en dat die lid nie meer as rekenmeester of onafhanklike ouditeur mag praktiseer nie.

Interne beheer

Interne beheer is 'n bestuursinstrument. Die bestuur stel beleidsmaatreëls, metodes en prosedures in om te verseker dat hulle die maatskappy se doelwitte en doelstellings bereik. Voorbeeld hiervan is om te verseker dat daar geen noodlottige ongelukke is nie, dat daar nie produksie-ure verloor word nie, en dat daar prosedures bestaan om foute, bedrog en geldverduistering te voorkom.

Redes vir internebeheer-maatreëls

- Bates en inkomste (kontant) word beskerm teen diefstal en bedrog.
- Werkers voldoen aan rekeningkundige beleid, veiligheidsprosedures, wette en regulasies in die werkplek.
- Bates en hulpbronne word effektief, doeltreffend en ekonomies gebruik.
- Alle werknemers werk saam om die doelwitte van die onderneming te bereik. Belastingregulasies en wette wat op die onderneming betrekking het, moet gevvolg word.

Bedrog

Bedrog is 'n vals voorstelling van feite met die doel om te bedrieg (deur woorde of gedrag), of misleidende bewerings, of nie-openbaarmaking.

- **Beroepsbedrog:** Misbruik/wanverdeling van werkgewer se bates of hulpbronne vir persoonlike gewin.
- **Geldverduistering:** Diefstal van geld deur middel van vals inskrywing in die finansiële rekords.
- **Omkopery:** Dit kan die vorm aanneem van kontant, ontvangste van verskaffers vir voorkeurbehandeling, of inligting.

Tipes beheermaatreëls

- Voorkomende maatreëls voorkom ongewenste voorvalle, foute en koste. Voorbeeld: bewaring van kontant in 'n deponeerkluis, of waarskuwingsborde vir nat vloere, rook

verbode, geen selfone nie.

- Opsporende maatreëls het te doen met die ondersoek van foute en onreëlmatighede nadat dit gebeur het, byvoorbeeld brandalarm, sekuriteitsvideo's.
- Korrekturende maatreëls dien om foute en die uitwerking van ongewenste gebeure reg te stel, byvoorbeeld die aanstel van 'n sekuriteitswag na 'n inbraak.

Interne rekeningkundige kontroleprosedures

- Hou rekeningkundige rekords op datum, netjies en in behoorlike orde.
- Doen onafhanklike interne oudits.
- Gemagtigde personeel moet joernalinskrywings goedkeur.
- Hou en volg 'n opgedateerde organisasiediagram.
- 'n Behoorlik gekwalifiseerde professionele persoon moet hoof wees van die rekeningkundige afdeling.
- Meer as een persoon moet verantwoordelik wees vir die volgende pligte (skeiding van pligte):
 - magtiging van transaksies
 - aantekening van transaksies wat op mekaar volg
 - kontrolering van bates.
- Roteer werknemers van tyd tot tyd.

Ouditering

'n Oudit behels die versameling en evaluering van inligting oor finansiële transaksies en finansiële state. Gestelde doelwitte en kriteria word vergelyk met die werklike resultate wat bereik is. Dit word gedoen deur die doeltreffendheid van bestaande interne kontroles (wat te doen het met die rekeningkundige beleid van die onderneming) te meet en te evaluateer, en te bepaal hoe effektiel hulle toegepas word.

Interne ouditeur

Die interne ouditeur is 'n werknemer van die maatskappy wie se werk dit is om onafhanklike en objektiewe evaluasies aan die auditkomitee en direksie te voorsien.

Interne audit

Interne audits is die verantwoordelikheid van die bestuur en word deur die interne ouditeur gedoen. Die volgende aspekte word geouditeer:

- Die implementering en/of doeltreffendheid van finansiële aktiwiteite, rekeningkundige prosedures, bedryfsbekwaamhede en korporatiewe bestuur om te verseker dat bogenoemde ingestel is en werklik gevolg word.
- Identifisering van probleemareas en die doen van korrekturende stappe.
- Die versekering van doeltreffende beheer en bestuur van hulpbronne en ander bates.

Eksterne ouditeur

Die eksterne ouditeur is 'n paslik gekwalifiseerde persoon met 'n gesertifiseerde rekeningkundige

benoeming, wat onafhanklik verslag doen oor die state van 'n maatskappy se sake deur 'n ouditeursverslag te lewer.

Eksterne ouditering

Eksterne oudits word deur onafhanklike ouditeure gedoen om 'n onbevooroordelde opinie uit te spreek oor die maatskappy se finansiële state. Hulle moet aandeelhouers verseker dat:

- die finansiële state betroubaar en vry van weselike foute is
- die finansiële state 'n ware en eerlike voorstelling van die maatskappy se finansiële resultate en posisie vir die afgelope finansiële jaar is
- die finansiële state in ooreenstemming met IFVS en AARP opgestel is.

Dit is belangrik om daarop te let dat die primêre finksie van 'n oudit nie is om bedrog op te spoor nie. Eksterne oudits kan uitgevoer word as oudits met 'n spesiale doel. Forensiese oudits word gedoen om bedrog of geldverduistering op te spoor.

Die insameling van ouditbewyse

Die ouditeur sluit alle inligting in wat deur middel van inspeksie, waarneming, navraag en bevestiging, herberekening, en die uitvoer van berekeninge en ontledingsprosedures verkry is.

In 'n tipiese oudit sal die ouditeur die personeel identifiseer wat betrokke is by die opeenvolgende hantering van rekeningkundige transaksies, byvoorbeeld die persoon wat kontant ontvang, die persoon wat kontant deponeer, die persoon wat die bankrekonsiliasie doen ensovoorts. Die ouditeur sal seker maak van die volgende:

- die akkuraatheid van die brondokument
- die magtiging van die transaksie
- die akkuraatheid van aantekening van transaksies in die rekeningkundige rekords
- die beheermaatreëls wat ingestel is om bates te beveilig.

Dokumente wat die ouditeur nodig het

Die ouditeur kan die volgende rekords en ander dokumentasie aanvra:

Rekeningkundige rekords	Kleinkasboek volledig op datum tot jaareinde Lêer van fakture/bewyse vir alle items van besteding Lêer of boek met kwitansies vir gelde wat ontvang is Bankstate, depositostrokies en tjekboeke Loonboek en rekords Algemene Grootboek
Opsommings en rekonsiliasiestate	'n Proefbalans of 'n opsomming van alle ontvangste en betalings Bankrekonsiliasiestate Kleinkasrekonsiliasiestaat Voorraadstate
Skedules	Krediteurelys (geld verskuldig deur die maatskappy) Debiteurelys (geld verskuldig aan die maatskappy) Vastebateregister

Ander inligting	'n Brief van bankiers om saldo's te bevestig Notules van direksievergaderings
------------------------	--

Statistiese steekproewe

Die ouditeur sal die geldigheid toets van 'n paar transaksies (monsters) geneem uit alle transaksies (populasie). Die monsters word geouditeer en indien dit korrek bevind word, word aanvaar dat die populasie korrek sal wees. Monsters kan versamel word deur:

- selektering van alle transaksies
- selektering van spesifieke items, soos alle kontantontvangste bo R200 000
- ouditsteekproef, soos die selektering van 20 kontantontvangste deur middel van ewekansige seleksie.

Ouditverslag

- 'n Oudit lei tot 'n verslag waarin 'n 'auditopinie' gegee word oor die finansiële state. Is dit 'n 'ware en eerlike'beeld van die stand van sake van die organisasie en werkzaamhede vir die tydperk?
- Die auditverslag word aan die aandeelhouers gerig. Dit bestaan uit:
 - 'n inleiding waarin gesê word wat was geouditeer
 - verklaring van die direksie se verantwoordelikheid vir die finansiële state
 - verklaring van die ouditeur se verantwoordelikheid
 - die ouditeur se opinie.

Voorbeeld van ouditeursopinies:

Ouditeur se opinie	Kommentaar
Ongekwalifiseerd. Die rekeninge gee 'n ware en eerlike beeld	Die rekeninge, finansiële state en rekeningkundige prosedures is korrek en volledig
Gekwalifiseerd. Behalwe vir die effekte van ... gee die rekeninge 'n ware en eerlike beeld	Spesifieke wanvoorstellings/kwessies is onseker: foutiewe rekeningkundige beleid, debiteure kan nie verhaal word nie, ongeopenbaarde bedrog of binnelenings, sommige dokumente nie beskikbaar vir beoordeling nie, 'n internebeheerfout wat daar toe kan lei dat inkomste nie aangeteken word nie
Ongunstig. Die rekeninge gee nie 'n ware en eerlike beeld nie	So baie wanvoorstellings in die rekeninge dat hulle heeltemal verkeerd is
Vrywaring. Ons is nie in staat om 'n opinie uit te spreek nie	So baie vermisté dokumente of verduidelikings dat ons nie genoeg inligting het om 'n opinie te vorm nie

Voorbeeld van 'n ouditverslag:

Onafhanklike ouditeursverslag *Titel van verslag*
Aan die Aandeelhouers van Alpha Beperk *Gerig aan ...*
Inleiding
Ons het die Groeps- finansiële jaarstate en die finansiële jaarstate van Alpha Beperk geouditeer. Hierdie state bestaan uit die state van finansiële posisie op 30 Junie 2012, en die state van omvattende inkomste, state van veranderinge in ekwiteit en state van kontantvloei vir die jaar geëindig op daardie datum, en die aantekeninge by die finansiële state wat 'n opsomming insluit van betekenisvolle rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, en die direkteursverslag, soos uiteengesit op bladsy 25 tot 84.

Direkteursverantwoordelikheid vir die Finansiële state *Verduideliking:*
Die Maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding en eerlike voorstelling van hierdie finansiële state in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Maatskappwyet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure as nodig beskou om die voorbereiding van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstellings – hetsy weens bedrog of fout – moontlik te maak.

Ouditeur se Verantwoordelikheid *Verduideliking:*
Ons verantwoordelikheid is om 'n opinie uit te spreek oor hierdie finansiële state gebaseer op ons oudit. Ons het ons oudit uitgevoer in ooreenstemming met Internasionale Standaarde vir Ouditering. Hierdie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry oor die vraag of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbarings in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word, hang af van die ouditeur se oordeel, insluitende die evaluering van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of fout. In hierdie risiko-evaluering oorweeg die ouditeur interne beheer wat relevant is vir die onderneming se voorbereiding van en eerlike aanbieding van die finansiële state ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel van die uitspreek van 'n opinie oor die doeltreffendheid van die onderneming se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook in die evaluering van die toepaslikheid van die rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die bestuur gemaak is, asook die evaluering van die aanbieding van die finansiële state in die geheel.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, voldoende en toepaslik is om 'n basis daar te stel vir ons ouditopinie.

Opinie *Opinie van ouditeur*
Volgens ons opinie bied hierdie finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n eerlike voorstelling van die finansiële posisie van Alpha Beperk op 30 Junie 2012, en sy finansiële prestasie en kontantvloei die jaar op daardie datum geëindig in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die vereistes van die Maatskappwyet van Suid-Afrika.

Audits-R-Us
Teerstraat 129
Jewerstad
Suid-Afrika
Naam en adres van ouditeur

AB Iemand
Geoktrooieerde rekenmeester (SA)
Geregistreerde Oudit *Datum*
7 Desember 2012

Oefening 1.1

Die volgende inligting verskyn in die rekords van Johnson Handelaars Beperk vir die finansiële jaar geëindig op 30 Junie 20.1.

Inligting

- Bedrag verskuldig aan SAID vir Inkomstebelasting op 30 Junie 20.0, R135 000.
- Die uitstaande bedrag is aan SAID betaal op 28 Julie 20.0.
- 'n Eerste voorlopige inkomstebelastingbetaling van R337 500 is gedoen op 30 Desember 20.0.
- 'n Tweede voorlopige inkomstebelastingbetaling van R278 100 is gedoen op 29 Junie 20.1.
- Die netto wins vir die jaar geëindig 30 Junie 20.1 is bereken teen R2 570 000.
- Die inkomstebelasting vir die jaar is bereken teen 28% op die netto wins vir die jaar.

Instruksies

1 Stel die SAID: Inkomstebelasting-rekening op vir die jaar geëindig 30 Junie 20.1.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN JOHNSON HANDELAARS BEPERK

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

SAID: INKOMSTEBELASTING

B12

2 Watter bedrae sal gebruik word vir inkomstebelasting in die volgende finansiële state?

Inkomstestaat / Staat van omvattende inkomste	
Balansstaat / Staat van finansiële posisie	
Spesifieke gedeelte en beskrywing in Balansstaat / Staat van finansiële posisie	

3 Bereken vir die doel van die Kontantvloeistaat die inkomstebelasting wat vir die jaar betaal is.

Oefening 1.2

Die inligting is voorsien deur Pacco Beperk vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.2.

- R48 000 te veel inkomstebelasting is betaal vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.1.
- Hierdie bedrag sal in rekening gebring word met die eerste voorlopige belastingbetaling.
- 'n Voorlopige inkomstebelastingbetaling is gedoen op 31 Augustus 20.1. Die bedrag om te betaal is bereken op R247 000. Die ekstra R48 000 wat gedurende die vorige jaar betaal is, is in rekening gebring en die relevante bedrag is aan SAID betaal.
- 'n Tweede voorlopige inkomstebelastingbetaling is gedoen op 28 Februarie 20.2.
- Die finale inkomstebelastingaanslag vir die jaar was R514 000.
- Aan die einde van die finansiële jaar is Pacco Beperk steeds R58 000 aan SAID verskuldig.

Instruksies

- 1 Stel die SAID: Inkomstebelasting-rekening op vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.2.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN PACCO BEPERK

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

SAID: INKOMSTEBELASTING

B12

- 2 In watter gedeelte van die Balansstaat / Staat van finansiële posisie het die saldo van SAID: Inkomstebelasting op 1 Maart 20.1 verskyn?

- 3 Bereken vir die doel van die Kontantvloeistaat die inkomstebelasting wat gedurende die jaar betaal is.

- 4 In watter gedeelte van die Kontantvloeistaat sal die inkomstebelasting wat betaal is, verskyn?

Oefening 1.3

Die inligting het betrekking op Platinum Beperk vir die jaar geëindig 31 Oktober 20.3:

- Bedrag verskuldig aan SAID vir inkomstebelasting vir vorige finansiële jaar betaal op 16 November 20.2, R289 000.
- Betaling van voorlopige belasting van R960 000 is gedoen in twee gelyke bedrae gedurende die jaar.
- Netto wins ná inkomstebelasting van 28% op netto wins vir die jaar geëindig 31 Oktober 2013, R2 570 400.

Instruksies

Stel die SAID: Inkomstebelasting-rekening op vir die jaar geëindig 31 Oktober 20.3.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN PLATINUM BEPERK

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING

SAID: INKOMSTEBELASTING

B12

Oefening 1.4

Uit die finansiële rekords van Sharpco Beperk op 28 Februarie 20.4:

- Die gemagtigde aandelekapitaal van die onderneming is 900 000 aandele.
- 740 000 aandele is uitgereik op 28 Februarie 20.3.
- Alle aandele is teen R20 elk verkoop.
- 'n Finale dividend van 16c per aandeel is verklaar op 28 Februarie 20.3.
- Die dividend is betaal op 19 Maart 20.3.
- Al die onuitgereikte aandele is op 1 Junie 20.3 verkoop teen R26 elk.
- 'n Tussentydse dividend van 25c per aandeel is verklaar en betaal op 15 Junie 20.3.
- Nuwe aandeelhouers was nie geregtig op die tussentydse dividend nie.
- 'n Finale dividend van 18c is verklaar op 28 Februarie 20.4.

Instruksies

- 1 Stel die 'Aandeelhouers vir dividende'-rekening asook die 'Dividende op gewone aandele'-rekening op 28 Februarie 20.4 op.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SHARPCO BEPERK									
BALANSSTAATREKENINGEAFDELING									
AANDEELHOUERS VIR DIVIDENDE					B13				
NOMINALEREKENINGEAFDELING									
DIVIDENDE OP GEWONE AANDELE					N15				

2 Bereken vir die doel van die Kontantvloeistaat die dividende wat gedurende die jaar betaal is.

3 In watter gedeelte van die Kontantvloeistaat sal die dividende wat betaal is, verskyn?

--

Oefening 1.5

Hierdie inligting verskyn in die finansiële rekords van Samoa Beperk. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele.

Saldo's op 30 Junie 20.4

Gewone aandelekapitaal (240c elk) R920 000
 Behoue inkomste / Opgehopte wins R220 000
 SAID:Inkomstebelasting (Kt.) R116 000
 Aandeelhouers vir dividende R98 000

Enkele transaksies gedurende die jaar geëindig 30 Junie 20.5:

- Die uitstaande bedrae is aan SAID en die aandeelhouers betaal op 12 Julie 20.4.
- 50 000 aandele is van kleiner aandeelhouers teruggekoop teen 240c op 1 Augustus 20.4.
- 'n Tussentydse dividend van 34c per aandeel is verklaar en betaal op 30 Desember 20.4.
- Voorlopige belasting is betaal op 31 Desember 20.4, R105 000.
- 150 000 aandele is verkoop teen 275c per aandeel op 5 Januarie 20.5.
- Die netto wins vir die jaar geëindig 30 Junie 20.5 is bereken teen R830 000.
- 'n Finale dividend van 42c per aandeel is verklaar op 30 Junie 20.5
- 'n Tweede voorlopige inkomstebelastingbetaling is gedoen op 30 Junie 20.5. Die inkomstebelasting vir die jaar is bereken teen R232 400.

Instruksies

1 Bereken die saldo van die Gewone aandelekapitaal-rekening op 30 Junie 20.5.

2 Bereken die totale dividende op gewone aandele vir die jaar.

3 Stel die Verdelingsrekening op vir die jaar geëindig 30 Junie 20.5.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SAMOA BEPERK

NOMINALEREKENINGEAFDELING

VERDELINGSREKENING

N18

4 Bereken die aandeelhouersekwiteit op 30 Junie 20.5.

5 Bereken die volgende finansiële aanwysers:

5.1 Verdienste per aandeel (VPA)

--

5.2 Dividende per aandeel (DPA)

--

5.3 Netto batewaarde (NBW)

--

5.4 Lewer kommentaar op die finansiële aanwysers. Sal die aandeelhouers tevrede wees?

VPA:

DPA:

NBW:
Slotsom:

- 6 Bereken die opbrengs uit aandele wat uitgereik is vir die doel van die Kontantvloeistaat:

--

Oefening 1.6

- 1 Voltooи die volgende tabel deur die ontbrekende bedrae (?) in die Kontantvloeistate van drie maatskappye te bereken:

	Maatskappy A Beperk	Maatskappy B Beperk	Maatskappy C Beperk
Kontantuitwerking van bedryfsaktiwiteite	760 000	435 000	?
Kontantuitwerking van beleggingsaktiwiteite	(2 340 000)	?	(367 000)
Kontantuitwerking van finansieringsaktiwiteite	?	210 000	(120 000)
Netto verandering in kontant en kontantekwvalente	?	143 000	251 000
Kontant en kontantekwvalente aan begin van jaar	430 000	(27 000)	?
Kontant en kontantekwvalente aan einde van jaar	(505 000)	?	127 000

- 2 Gee 'n kort beskrywing van moontlike kontantvloe-aktiwiteite van elke maatskappy gedurende die jaar.

Maatskappy A	
Maatskappy B	
Maatskappy C	

- 3 Watter maatskappy se aandeelhouers sal tevrede wees met die resultate vir die jaar soos getoon in die Kontantvloeistate? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Maatskappy:
Motivering:

Kwartaal 2

Oorsig : Hantering van die KABV in Via Afrika se handboek

Kwartaal 2 Oorsig	Onderwerp 5	Etiek <ul style="list-style-type: none">• Etiese optrede in besigheid• Professionele liggame vir rekenmeesters• Nievoldoening aan professionele gedragskode• Beleid met betrekking tot etiese optrede in die finansiële omgewing• Basiese beginsels vir die bestuur van maatskappye
	Onderwerp 6	Vaste/tasbare bates <ul style="list-style-type: none">• Wat jy oor vaste bates behoort te weet• Interpretasie van en veslagdoening oor die bewegings van vaste bates
	Onderwerp 7	Finansiële rekeningkunde van beslote korporasies (BK's) <ul style="list-style-type: none">• Rekeningkundige begrippe uniek aan 'n BK• Verskil tussen die finansiële state van 'n maatskappy en 'n BK
	Onderwerp 8	Interne beheer <ul style="list-style-type: none">• Toepassing van internebeheer- en interne-oudit-prosesse in 'n ondernemingsomgewing• Verskil tussen die rolle van interne en eksterne ouditeure
	Onderwerp 9	

	Voorraadstelsels	<ul style="list-style-type: none"> • Voorraadvalidering deur gebruik van die deurlopende of periodieke voorraadstelsels • Voorraadwaardasie • AARP-beginsels, interne beheer en etiese kwessies wat met voorraad verband hou
Onderwerp 10		
	Rekonsiliasie	<ul style="list-style-type: none"> • Ontleding en interpretasie van bank-, debiteure- en krediteurerekonsiliasie • Rekonsiliasie van krediteurestate met hul persoonlike rekeninge • Rekonsiliasie van debiteurelyste en krediteurelyste met kontrolerekeninge • Ontleding en interpretasie van debiteure ouderdomontleding • Ontleding en interpretasie van bankstate en bankrekonsiliasiestate
Onderwerp 11	Belasting op toegevoegde waarde (BTW)	<ul style="list-style-type: none"> • Berekening van die bedrag betaalbaar aan of ontvangbaar van SAID • Voltooiing van die BTW-kontrolerekening • Etiese kwessies met betrekking tot BTW • Interne audit- en beheerprosesse met betrekking tot BTW

Vaste/tasbare bates

Bates

Bates is hulpbronne wat deur die 'n onderneming besit en beheer word. Dit sal na verwagting toekomstige ekonomiese voordeel bring:

BATES		
Niebedryfsbates	Bedryfsbates	
langdurige hulpbronne (besittings van die onderneming) soos eiendom, geboue, voertuie en toerusting	Bates bestaande uit kontant of wat in die kort termyn (minder as 'n jaar) in kontant omskep kan word	
Vaste/tasbare bates	Finansiële bates	
Grond en geboue Voertuig Toerusting	Vaste bates Beleggings Aandele in maatskappye	Voorraad Handels- en ander /debiteure Kontant en kontantekwivalente

Vaste bates en begrippe wat verband hou met vaste bates

'n Onderneming gebruik vaste bates om inkomste te genereer. Sommige vaste bates het 'n beperkte nuttige lewensduur. Dit kan slegs vir 'n sekere aantal jare gebruik word, waarna dit vervang moet word. Die koste van 'n vaste bate word deur middel van waardevermindering oor sy nuttige lewensduur versprei.

Kosprys van 'n bate: die oorspronklike prys wat betaal is vir die bate, insluitende enige koste wat aangegaan is in die verkryging van die bate (vervoerkoste, registrasiekoste, installasiekoste).

Waardevermindering: die toedeling van die waarde van die bate oor die nuttige lewensduur van die bate. Dit dui aan hoeveel van die waarde van die bate gebruik is om inkomste in 'n spesifieke tydperk te genereer, en watter deel van die koste van die bate gebruik kan word as 'n belastingaftrekbare uitgawe. Waardevermindering word afgeskryf volgens twee metodes:

- vaste persentasie op kosprys of reguitlynmetode (vastebedragmetode)
- verminderdesaldometode of persentasie op drawaarde.

Opgehoorde waardevermindering: die totale waardevermindering wat afgeskryf word op 'n spesifieke bate tot op 'n spesifieke datum, d.w.s. die totale waarde 'wat gebruik is'.

Drawaarde: die oorblywende waarde van 'n bate of die deel van die koste van 'n bate wat nog nie as 'n uitgawe afgeskryf is nie. Die minimum drawaarde om in die rekords te gebruik is R1.

$$\text{Drawaarde} = \text{kosprys} - \text{Opgehoorde waardevermindering}$$

Bateregister: 'n bateregister lys al die besonderhede van elke bate en help die onderneming om op hoogte te bly van elke vaste bate se korrekte waarde. Dit is belangrik vir die beheer oor bates en besluite oor die ekonomiese waarde van bates.

Voorbeeld van waardevermindering

'n Voertuig is op 1 Maart 20.1 vir kontant aangekoop teen R200 000 (finansiële jaar wat eindig op 28 Februarie).

Waardevermindering teen 20% p.j. op kosprys	Waardevermindering teen 20% p.j. volgens verminderdesaldometode		
Waardevermindering op 28 Februarie 20.2: $20\% \times 200\ 000 \times 1 = 40\ 000$	Waardevermindering op 28 Februarie 20.2: $20\% \times 200\ 000 \times 1 = 40\ 000$		
Waardevermindering op 28 Februarie 20.3: $20\% \times 200\ 000 \times 1 = 40\ 000$	Waardevermindering op 28 Februarie 20.3: $20\% \times (200\ 000 - 40\ 000) \times 1 = 32\ 000$		
Waardevermindering op 28 Februarie 20.4: $20\% \times 200\ 000 \times 1 = 40\ 000$	Waardevermindering op 28 Februarie 20.4: $20\% \times (200\ 000 - 40\ 000 - 32\ 000) \times 1 = 25\ 600$		
Waarde van voertuie verskyn soos volg in die Balansstaat op 28 Februarie 20.4:			
Kosprys	200 000	Kosprys	200 000
Opgehopte waardevermindering	120 000	Opgehopte waardevermindering	97 600
Drawaarde	80 000	Drawaarde	102 400

Verkoop van 'n vaste bate

Enige bate kan verkoop, deur die eienaar onttrek, op 'n ander bate ingeruil of geskenk word. Indien 'n bate nie meer ekonomiese voordeel vir die onderneming inhoud nie, is dit beter om dit te verkoop om enige onnodige koste te voorkom. Die volgende inligting oor die spesifieke bate word verlang:

- die kosprys van die bate (dit moet van die rekords verwijder word)
- die opgehopte waardevermindering van 'n bate tot op datum van verkoop (dit moet van die rekords verwijder word)
- die bedrag waarvoor die bate verkoop, ingeruil of onttrek is (dit moet aangeteken word)
- enige wins of verlies wat met die transaksie gemaak is (dit moet aangeteken word).

Voorbeeld

Transaksie: 'n rekenaar is aangekoop op 1 Julie 20.3 (finansiële jaar wat eindig op 30 Junie).

Verkoop op 1 Julie 20.3 vir R7 000		Verkoop op 1 Januarie 20.4 vir R7 000		Verkoop op 30 Junie 20.4 vir R7 000	
Kosprys	8 000	Kosprys	8 000	Kosprys	8 000
Opgehopte waardevermindering ($25\% \times 8\ 000$)	2 000	Opgehopte waardevermindering [$2\ 000 + (25\% \times 8\ 000 \times \frac{6}{12})$]	3 000	Opgehopte waardevermindering [$2\ 000 + (25\% \times 8\ 000)$]	4 000
Drawaarde ($8\ 000 - 2\ 000$)	6 000	Drawaarde ($8\ 000 - 3\ 000$)	5 000	Drawaarde ($8\ 000 - 4\ 000$)	4 000
Verkoop vir	7 000	Verkoop vir	7 000	Verkoop vir	7 000
Wins op verkoop van bate ($7\ 000 - 6\ 000$)	1 000	Wins op verkoop van bate ($7\ 000 - 5\ 000$)	2 000	Wins op verkoop van bate ($7\ 000 - 4\ 000$)	3 000

Voorbeeld

Transaksie: 'n rekenaar is aangekoop op 1 Junie 20.3 (finansiële jaar wat eindig op 30 Junie).

Waardevermindering moet afgeskryf word teen 25% p.j. Die rekenaar is op 30 Junie 20.5 vir R7 000 verkoop. Toon die uitwerking van die transaksies op die rekeningkundige vergelyking.

Transaksie	Bates	Eienaarsekwiteit	Laste
Verkoop vir kontant	+ 7 000 – 4 000	+ 3 000	
Verkoop op krediet	+ 7 000 – 4 000	+ 3 000	
Ingeruil	– 4 000	+ 3 000	– 7 000
Onttrek deur eienaar	– 4 000	+ 3 000 – 7 000	
Geskenk deur die onderneming	– 4 000	+ 3 000 – 7 000	

Voorbeeld

Transaksie: 'n rekenaar is aangekoop op 1 Julie 20.5 (finansiële jaar wat eindig op 30 Junie).

Waardevermindering word afgeskryf teen 25% p.j. op kosprys. Die rekenaar is op 1 Januarie 20.7 verkoop vir R7 000 kontant. Toon die uitwerking op die rekeningkundige vergelyking.

	Hulpboek	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer	Bedrag
Oordrag van kosprys	AJ	Bateverkoop	Toerusting	8 000
Pro rata waardevermindering afgeskryf	AJ	Waardevermindering		1 000 $(25\% \times 8\ 000 \times \frac{6}{12})$
Oordrag van opgehoede waardevermindering	AJ	Opgehoede waardevermindering op toerusting	Bateverkoop	3 000 $[(25\% \times 8\ 000) + (25\% \times 8\ 000 \times \frac{6}{12})]$
Inskrywing vir verkope*	KOJ	Bank	Bateverkoop	7 000
Inskrywing vir wins of verlies	AJ	Bateverkoop	Wins op verkoop van bate	2 000 $[7\ 000 - (8\ 000 - 3\ 000)]$

*Indien die rekenaar in die voorbeeld nie vir kontant verkoop is nie, sal die verkoopstransaksie soos volg aangeteken word (die ander inskrywing bly dieselfde):

	Hulpboek	Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
Inskrywing vir kontantverkope	KOJ	Bank	Bateverkoop
Inskrywing vir kredietverkope	AJ	Debiteurekontrole	Bateverkoop
Inskrywing vir inruiltransaksie	AJ	Krediteurekontrole	Bateverkoop
Inskrywing vir onttrekings deur eienaar	AJ	Onttrekkings	Bateverkoop
Inskrywing vir 'n skenking	AJ	Skenkings	Bateverkoop

Oefening 2.1

Gebruik die inligting om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van Shabangu Handelaars te voltooи:

- Voertuie
- Opgehopte waardevermindering op voertuie
- Opgehopte waardevermindering op toerusting
- Bateverkoop
- Waardevermindering.

Inligting

- 1 Die finansiële jaar van die onderneming eindig jaarliks op 28 Februarie.
- 2 Voertuie word gedepresieer teen 15% p.j. op drawaarde (verminderde saldo).
- 3 Toerusting word gedepresieer teen 20% p.j. op koste.
- 4 'n Nuwe voertuig is op 30 November 20.8 aangekoop teen R120 000. Nuwe toerusting is gedurende die jaar aangekoop.
- 5 'n Ou voertuig is op 1 Februarie 20.9 verkoop vir R22 000. Die oorspronklike koste van die voertuig was R70 000 en die opgehopte waardevermindering wat op 1 Maart 20.8 afgeskryf is, het R46 000 bedra. Geen toerusting is gedurende die finansiële jaar verkoop nie.

AANTEKENING BY FINANSIELE STATE OP 28 FEBRUARIE		
20.9		
3 VASTE BATES	Voertuie	Toerusting
Drawaarde op 1 Maart 20.8	200 000	46 000
Kosprys op 1 Maart 20.8	350 000	90 000
Opgehopte waardevermindering	(150 000)	?
Bewegings		
Byvoegings	120 000	?
Verkope teen drawaarde	?	0
Waardevermindering	?	(22 000)
Drawaarde op 28 Februarie 20.9	?	?
Kosprys op 28 Februarie 20.9	?	130 000
Opgehopte waardevermindering	(134 900)	?

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SHABANGU HANDELAARS BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

VOERTUIE							B

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIEB

Berekening:

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING B

BATEVERKOOP						B			
WAARDEVERMINDERING						B			

Oefening 2.2

Die inligting is afkomstig uit die boeke van Thabo Mpy.

Instruksies

- 1 Voltooi die vastebateregister. Toon jou bewerkings.
- 2 Stel die Bateverkoop-rekening op.
- 3 Gebruik die toepaslike inligting om die aantekening vir vaste bates (Grond en geboue / Eiendom en Toerusting) te voltooi.

Inligting

NA-AANSUIWERINGS PROEFBALANS				
	28 Februarie 20.8		28 Februarie 20.9	
	Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
Grond en geboue	?		920 000	
Voertuie	?		620 000	
Toerusting	280 000		?	
Opgehopte waardevermindering op voertuie		147 000		?
Opgehopte waardevermindering op toerusting		136 640		?

BATEREGISTER VAN THABO MPY.

TOERUSTING

Nommer : SIM078/RT

Datum aangekoop : 1 Maart 20.5

Kosprys : R80 000

Metode van waardevermindering : 20% p.j. op drawaarde

Datum	Waardevermindering vir jaar	Opgehopte waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 20.6	16 000	16 000	64 000
28 Februarie 20.7	12 800	28 800	51 200
28 Februarie 20.8	?	?	?
1 Desember 20.8	?	?	?
AANTEKENING :	Ingeruil teen R33 000 by Afrika Ondernemings Wins/Verlies:		

Bykomende inligting

- 1 Veranderinge en verbeteringe aan die winkel gedurende die jaar het R440 000 bedra.
- 2 'n Nuwe voertuig is op 1 November 20.8 op krediet gekoop by Orapi Motors, R360 000.
- 3 Voorsiening word gemaak vir waardevermindering op voertuie teen 25% p.j. op kosprys.
- 4 Toerusting is ingeruil by Afrika Ondernemings op 1 Desember 20.8 vir nuwe toerusting met 'n kosprys van R70 000. (Sien baterregister.)
- 5 Nuwe toerusting is op 1 Februarie 20.9 op krediet by Mudau Toerusting gekoop vir R86 000.
- 6 'n Rekening vir R4 000 vir die installering van die nuwe toerusting is op dieselfde dag van Mbedzi & Seun ontvang en betaal.
- 7 Voorsiening word gemaak vir waardevermindering op toerusting teen 20% p.j. op drawaarde.

Antwoordblaie

BATEREGISTER VAN THABO MPY.

TOERUSTING

Nommer : SIM078/RT

Datum aangekoop : 1 Maart 20.5

Kosprys : R80 000 Metode van waardevermindering : 20% p.j. op drawaarde			
Datum	Waardevermindering vir jaar	Opgehopte waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 20.6	16 000	16 000	64 000
28 Februarie 20.7	12 800	28 800	51 200
28 Februarie 20.8			
1 Desember 20.8			
AANTEKENING:	Ingeruil teen R33 000 by Afrika Ondernemings Wins/Verlies:		

ALGEMENE GROOTBOEK VAN THABO MPY.

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

BATEVERKOOP

B

3 VASTE BATES		Grond & geboue	Voertuie	Toerusting	Totaal
	Drawaarde aan begin van jaar				
Koste					
Opgehopte waardevermindering					
Bewegings					

Oefening 2.3

Deel A

Dumisani Vani is die eienaar van Xan Taxi-diens. Hy het die onderneming begin op 1 Maart 20.7. Op daardie dag het hy grond en geboue wat teen R300 000 gewaardeer is, as kapitaal na die onderneming oorgedra en hy het drie eenderse taxi's gekoop vir R330 000 (d.w.s. R110 000 elk.) Xan Taxi-diens het nie enige voertuie gedurende die eerste drie finansiële jare gekoop of verkoop nie.

Inligting

2.10 Mei 31 Xan Taxi-diens verkoop een taxi vir R45 000 kontant. Hierdie voertuig is op 1

- Maart 20.7 aangekoop vir R110 000. Die voertuig word jaarliks gedepresieer teen die koers van 20% p.j. op kosprys.
- Aug. 31 'n Nuwe taxi word op krediet aangekoop by Marema Motors vir R200 000.
- Okt. 31 'n Nuwe garage word gebou teen 'n koste van R160 000 en herstelwerk word gedoen aan die dak van die kantoor vir R12 000.
- 2.11 Feb. 28 Die beleid vir waardevermindering het nie verander sedert Xan Taxi-diens begin sake doen het nie. Waardevermindering word bereken teen 20% p.j. op kosprys.

Instruksies

- 1 Stel die Bateverkoop-rekening in die Algemene Grootboek op. Laat die folionommers uit.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN THABO MPY.

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

BATEVERKOOP

Datum	Besonderhede		Bedrag	Datum	Besonderhede		Bedrag

- 2 Stel die 'Opgehopte waardevermindering op voertuie'-rekening in die Algemene Grootboek op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2.11.

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE

Datum	Besonderhede		Bedrag	Datum	Besonderhede		Bedrag

- 3 Stel die aantekening vir Vaste bates by die Balansstaat op 28 Februarie 2.11 op.

AANTEKENING BY FINANSIEËLE STATE OP 28 FEBRUARIE

2.11

3 VASTE BATES	Grond & geboue	Voertuie
Drawaarde aan begin van jaar		
Kosprys		
Opgehopte waardevermindering		
Bewegings		
Byvoegings		
Verkope teen drawaarde		
Waardevermindering		
Drawaarde aan einde van jaar		
Kosprys		
Opgehopte waardevermindering		

Deel B

Lulama Hono bedryf 'n taxi-onderneming genaamd Mama's Taxi-diens. Sy is bekommerd dat hul inkomste uit taxi-geld nie die begrote bedrag van R1 500 000 bereik het nie en dat hul brandstof- en herstelkostes die begroting van R710 000 oorskry het. Hono neem die volgende inligting uit die Algemene Grootboek, die Vastebateregister en ander rekords op 28 Februarie 2.11, die laaste dag van die finansiële jaar.

Inligting

	Taxi 1	Taxi 2	Taxi 3
Naam van bestuurder	Michael	Matthew	Shariefah
Datum aangekoop	1 Maart 20.0	1 Maart 20.8	1 Maart 20.10
Kosprys van voertuig	R45 000	R180 000	R300 000
Opgehopte waardevermindering	R44 999	R36 000	R60 000
Bedrag wat aan inkomste verdien is	R618 300	R222 800	R279 900
Kilometers gereis in die afgelope jaar	68 700 km	69 200 km	31 100 km
Brandstof- en herstelkostes vir die jaar	R439 680	R290 640	R136 840
Brandstof- en herstelkostes per kilometer	R6,40	R4,38	R4,40

Vrae

1 Wat is 'n begroting?

2 Bereken die totale inkomste uit taxi-geld vir die jaar.

3 Bereken die totale brandstof- en herstelkostes vir die jaar.

4 Behoort me Hono bekommerd te wees oor die verskille tussen die werklike en begrote bedrae? Gee 'n rede vir jou antwoord.

- 5 Oorweeg die inligting wat gegee is. Verduidelik of me Honk bekommert behoor te wees oor enige probleem of aspek wat verband hou met elke voertuig. Maak voorstelle.

Taxi 1:

Taxi 2:

Taxi 3:

Voorraadwaardasiemetodes

Twee metodes word gebruik om die koste van verkope vir die finansiële tydperk en die waarde van voorraad voorhande op die laaste dag van die finansiële tydperk te bereken.

Eerste-in-eerste-uit- (EIEU-) metode

Die aanname is dat goedere wat eerste gekoop is, eerste verkoop word:



Voorbeeld

DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL	EERSTE IN EERSTE UIT	PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL
<p>Verkope: 120 @ R50 = R6 000 + 150 @ R50 = R7 500 + 180 @ R50 = R9 000 = 450 @ R50 = R22 500</p> <p>Koste van verkope: 100 @ R10 = R1 000 + 20 @ R12 = R240 + 130 @ R12 = R1 560 + 20 @ R14 = R280 + 140 @ R14 = R1 960 + R40 @ R18 = R720 = R5 760</p> <p>Waarde van sluitingsvoorraad: 160 @ R18 = R2 880</p>	<p>EERSTE IN EERSTE UIT</p> <p>Openingsvoorraad 100 eenhede @ R10 = R1 000</p> <p>Jan. Aankope 150 eenhede @ R12 = R1 800 Verkope 120 eenhede @ R50</p> <p>Feb. Aankope 160 eenhede @ R14 = R2 240 Verkope 150 eenhede @ R50</p> <p>Mrt. Aankope 200 eenhede @ R18 = R3 600 Verkope 180 eenhede @ R50</p>	<p>Verkope: 120 @ R50 = R6 000 + 150 @ R50 = R7 500 + 180 @ R50 = R9 000 = 450 @ R50 = R22 500</p> <p>Eenhede beskikbaar: 100 + 150 + 160 + 200 = 610 eenhede</p> <p>Eenhede verkoop: 120 + 150 + 180 = 450 eenhede</p> <p>Waarde van aankope: 1 000 + 1 800 + 2 240 + 3 600 = R8 640</p> <p>Koste van verkope = Totaal beskikbaar vir verkoop – waarde van voorraad voorhande</p> <p>Eenhede voorhande teen jaareinde: 610 – 450 = 160 eenhede</p> <p>Waarde van sluitingsvoorraad: 160 @ R18 = R2 880</p>

Geweegde-gemiddelde-metode

Bereken die gemiddelde koste per item aangekoop, geweeg met betrekking tot die aantal eenhede wat geproduseer is.



Voorbeeld

DEURLOPENDE VOORRAADSTELSEL	GEWEEGDE GEMIDDELDE	PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL
<p>Verkope: 120 @ R50 = R600 + 150 @ R50 = R750 + 180 @ R50 = R900 + 450 @ R50 = R2 250</p> <p>Vind geweegde gemiddelde ná elke nuwe aankoop. Tel die aankoop by die voorraad voorhande:</p> <p>100 @ R10,00 = R1 000 <u>150 @ R12,00 = R1 800</u> <u>250 @ R11,20 = R2 800</u> <u>(120 @ R11,20 = R1 344)</u> <u>130 @ R11,20 = R1 456</u> <u>160 @ R14,00 = R2 240</u> <u>290 @ R12,74 = R3 696</u> <u>(150 @ R12,74 = R1 912)</u> <u>140 @ R12,74 = R1 784</u> <u>200 @ R18,00 = R3 600</u> <u>340 @ R15,84 = R5384</u> <u>(180@R15,84 = R2 851)</u> <u>160 @ R15,84 = R2 533</u> Waarde van sluitingsvoorraad</p> <p>Koste van verkope: $1\ 344 + 1\ 912 + 2\ 851 = \text{R}6\ 107$</p>	<p>Openingsvoorraad 100 eenhede @ R10</p> <p>Jan. Aankope 150 eenhede @ R12 Verkope 120 eenhede @ R50</p> <p>Feb. Aankope 160 eenhede @ R14 Verkope 150 eenhede @ R50</p> <p>Mrt. Aankope 200 eenhede @ R18 Verkope 180 eenhede @ R50</p>	<p>Verkope: 120 @ R50 = R600 + 150 @ R50 = R750 + 180 @ R50 = R900 + 450 @ R50 = R2 250</p> <p>Vind geweegde gemiddelde deur totale aankope vir die jaar by openingsvoorraad te tel:</p> <p>100 @ R10,00 = R1 000 150 @ R12,00 = R1 800 160 @ R14,00 = R2 240 200 @ R18,00 = R3 600 610 @ R14,16 = R8 640</p> <p>160 @ R14,16 = R2 266 Waarde van sluitingsvoorraad</p> <p>Koste van verkope = (120 + 150 + 180) @ R14,16 = R6 372</p> <p>Waarde van sluitingsvoorraad: 160 @ R18 = R2 880</p>

Redes vir die gebruik van die EIEU-metode

- EIEU is eenvoudig en maklik om te gebruik.
- Sluitingsvoorraad word gewaardeer teen realistiese (huidige) pryse.
- Kosprys word nie geraam nie. Werklike pryse word aangeteken.
- Beweging van voorraad is logies: voorraad wat eerste gekoop is, word eerste verkoop.
- Indien voorraad 'n beperkte raklewe het, moet ou voorraad voor op die rak geplaas word en nuwer voorraad daaragter.
- EIEU is geskik vir alle tipes ondernemings wat goedere van 'n soortgelyke aard verkoop (homogene goedere).

Redes vir die gebruik van die geweegde-gemiddelde-metode

- Met die geweegde gemiddelde word sporadiese prysverhogings gelyk gemaak.
- Die sluitingsvoorraad word gewaardeer teen realistiese (huidige) pryse.
- Dit is die beste metode om te gebruik wanneer 'n groot aantal goedere in klein hoeveelhede gekoop word.
- Die invloed van 'n enkele aankoop word verminder. Prysveranderinge het nie 'n dramatiese uitwerking op gemiddelde kostes nie.

Oefening 2.4

Die eienaar van Boots for All koop leerstewels in Namibië en verkoop dit dan aan baie verskillende kleinhandelsake in Suid-Afrika. Hulle gebruik die EIEU-metode vir alle voorraadwaardasies en die periodieke voorraadstelsel vir die aantekening van voorraad.

Inligting

Voorraad voorhande (1 Mei 20.6)

Mei 1 Voorraad voorhande: 200 pare stewels teen R1 500 elk

Aankope (Mei 20.6)

Mei 3 Aankoop van stewels: 100 pare stewels teen R1 500 elk

Mei 6 Terugstuur van stewels: 20 pare stewels gekoop op 3 Mei

Mei 13 Aankoop van stewels: 90 pare stewels teen R1 600 elk (plus R300 koerierkoste vir oornag-aflewering)

Mei 19 Aankoop van stewels: 50 pare stewels teen R1 800 elk

Mei 26 140 pare stewels bestel teen R1 650 elk. Die stewels sal gefakteer en afgelewer word op 1 Junie 20.6.

Verkope (Mei 20.6)

Mei 7 90 pare stewels teen R2 040

Mei 14 120 pare stewels teen R2 040

Mei 21 110 pare stewels teen R2 040

Mei 28 60 pare stewels teen R2 040

Mei 31 Aantal stewels verkoopt vir die maand: 380

Totale verkoopsbedrag: R775 200

Instruksies

- 1 Bereken die koste van verkope vir die maand Mei 20.6 deur die EIEU-metode te gebruik.

- 2 Bereken die bruto wins vir die maand Mei 20.6.

--

- 3 Bereken die waarde van handelsvoorraad voorhande op 31 Mei 20.6.

--

- 4 Bereken die koste van verkope deur gebruik te maak van die EIEU-metode vir voorraadwaardasie en die deurlopende voorraadstelsel vir aantekening van voorraad.

Jy moet die prys per paar stewels volgens die geweegde-gemiddelde-metode bereken elke keer as nuwe voorraad aangekoop word as gevolg van die gebruik van die deurlopende rekordstelsel:

- 5 Die eienaar van Boots for All voel ongelukkig omdat hulle besluit het om die EIEU-metode van voorraadwaardasie vir die onderneming te gebruik. Hy wonder of hulle nie eerder die geweegde-gemiddelde-metode moes gebruik het nie. Die nodige berekeninge wanneer die geweegde-gemiddelde-metode gebruik word, is:

Koste van verkope R591 986,80

Bruto wins R183 213,20

Waarde van voorraad voorhande R62 314,40

Die eienaar kom na jou toe vir advies. Lewer kommentaar oor:

- Die verskil wat die twee metodes sal maak op die finansiële state.
- Die rede waarom die syfers verskillend is.
- Gee advies oor die vraag of hulle die voorraadwaardasimetode moet verander of nie.

	Geweegde gemiddelde	EIEU + Periodieke stelsel	EIEU + Deurlopende stelsel
Koste van verkope			
Bruto wins			
Voorraad voorhande			
Kommentaar:			

Oefening 2.5

Die inligting het betrekking op Rodrigues Klerasie, vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2.12. Die onderneming verkoop plaaslik vervaardigde T-hemde. Die onderneming gebruik die ‘Trots Suid-Afrikaans’-logo in al sy advertensies.

Inligting

- 1 Die onderneming pas die deurlopende voorraadstelsel en geweegde-gemiddelde-metode van voorraadwaardasie toe.
- 2 Inligting vir die jaar:

	Eenhede	Eenheidsprys	Totale waarde
T-hemde voorhande op 1 Julie 2.11	200	R120	R24 000

Aankope gedurende die jaar	1 500		R176 750
Aangekoop op 31 Augustus 2.11	350	R140	R49 000
Aangekoop op 30 November 2.11	600	R80	R48 000
Aangekoop op 31 Januarie 2.12	550	R145	R79 750
T-hemde voorhande op 30 Junie 2.12	?		
T-hemde verkoop gedurende die jaar (voordat terugsendings in rekening gebring is)	1 430		

- 3 Plaaslike vervaardigers het hul prys op 15 November verhoog tot R160 per eenheid vir die Kersseisoen. Die eienaar besluit om T-hemde van straatverkopers te koop teen 'n baie laer prys op 30 November 2.11. Hy is nie seker waar die verkopers hul handelsware kry nie.
- 4 Die onderneming verkoop regdeur die jaar hul T-hemde teen R200 per T-hemp.
- 5 Gedurende Desember het 130 klante die T-hemde teruggebring aangesien dit van 'n baie swak gehalte was. Die straatverkopers wou nie die T-hemde terugneem nie, dus het die onderneming hierdie T-hemde aan 'n skuiling vir daklose mense geskenk. Die onderneming besluit om die laaste 110 T-hemde van die lot, aangekoop op 30 November, teen 'n prys van R100 te verkoop.

Instruksies

- 1 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 30 Junie 2.12.

- 2 Bereken die koste van verkope vir die jaar en lewer kommentaar op die situasie.

- 3 Bereken die totale verkope vir die jaar.

- 4 Bereken die bruto wins vir die jaar volgens beide voorraadstelsels.

- 5 Indien Rodrigues Klerasie die T-hemde teen R160 aangekoop het in November, sou die eenheidsprys volgens die geweegde-gemiddelde-metode R146,32 wees. Al die T-hemde sou verkoop kon word teen R200 elk. Die bruto wins sou R76 762,40 wees. Gee jou siening oor die besluit om T-hemde by straatverkopers te koop en die uitwerking wat dit op die onderneming gehad het.


Bankrekonsiliasie

Rekords van kontanttransaksies word gehou in die Kontantbetalingsjoernale (KBJ) en die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) en word dan oorgedra na die Bankrekening in die Algemene Grootboek.

- Die saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek word gekontroleer teen die saldo van die Bankrekening soos op die bankstaat.
- 'n Bankstaat is 'n kopie van die bankrekening soos dit in die bank se finansiële rekords verskyn.
- Bankstate word na kliënte gestuur om na te gaan en hul eie rekords op datum te bring.

Bankrekonsiliasiestaat

Die onderneming stel 'n bankrekonsiliasie op as uitbreiding van die bankstaat om die saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek te rekonsilieer met die saldo soos aangedui op die bankstaat, d.w.s. om die verskille te verduidelik. Die diagram toon die verhouding tussen die Bankrekening en die bankstaat:



Waarom saldo van Bankrekening en saldo van bankstaat verskil

- Die inligting is nie volledig nie. Bankkoste is byvoorbeeld nie aan die onderneming bekend totdat hulle die bankstaat ontvang nie.
- Daar is 'n tydsverskil: die Bankrekening dek 'n volle maand (van 01/01 tot 31/01), terwyl die bankstaat kan wees van 26/01 tot 25/02.
- Daar kan foute wees, óf by die bank op die bankstaat, óf by die onderneming in die joernale en/of Bankrekening in die Algemene Grootboek.

Waarom ons bankrekonsiliasie doen

- Beheermaatreël – KBJ, KOJ en bankrekening word opgedateer
- Bevestig akkuraatheid van inskrywing in KBJ, KOJ en bankrekening
- Gaan na dat bank nie ongemagtigde betalings of foute gemaak het nie.
- Bly op die spoor van rente, uitstaande deposito's, tjeks wat uitgereik is, 'verwys na trekker'-tjeks, bankkoste en/of elektroniese betalings en deposito's.

Formaat van die bankrekonsiliasiestaat

NAAM VAN MAATSKAPPY: Format Beperk		
Bankrekonsiliasiestaat op 31 Januarie 2.12		
	Debiet	Krediet
Debiet/Kredietsaldo soos op die bankstaat		xx xxx
Krediteer deposito's nog nie gekrediteer		xxx
Krediteer items verkeerdelik gedebiteer		xxx
Debiteer items verkeerdelik gekrediteer	xxx	
Debiteer uitstaande tjeks:		
No. 111	xxx	
No. 133	xxx	
No. 134	xxx	
Debiet/Kredietsaldo soos op die bankrekening	x xxx	
	xx xxx	xx xxx

Begin met die saldo op bankstaat

Deposo'ts ingeskryf in KBJ maar nog nie op bankstaat nie

Foutiewe debietinskrywing word reggestel

Foutiewe kredietinskrywing word reggestel

Tjeks wat uitgereik is maar nog nie vir betaling aangebied is nie

Procedure om bankrekonsiliasie te doen

Stap 1 Skryf die formaat van bankrekonsiliasiestaat (BRS) neer.

Stap 2 Skryf die saldo van die bankstaat neer.

Stap 3 Vergelyk die inskrywing op die bankstaat (BS) met die Bankkolomme in die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) en Kontantontvangstejoernaal (KOJ) asook met die vorige maand se BRS.

Stap 4 Transaksie op BS maar nie op KBJ of KOJ:

- Skryf uitstaande transaksies aan debietkant van BS in KBJ in.
- Skryf uitstaande transaksies aan kredietkant van BS in KOJ in.
- Balanseer bankrekening in die Algemene Grootboek en skryf saldo op BRS in as laaste inskrywing.

Stap 5 Transaksie in KBJ of KOJ maar nie op BS:

- Skryf uitstaande deposito's en foutiewe debietinskrywing in aan kredietkant van BRS.
- Skryf tjeks wat nie aangebied is vir betaling nie en foutiewe kredietinskrywing in aan debietkant van BRS.

Stap 6 Balanseer BRS.

Voorbeeld van inskrywing

	Bankrekening in Algemene Grootboek		Bankrekonsili asiestaat	
	Debit	Kredie t	Debit	Kredie t
Bankstaat het debietsaldo			✓	
Bankstaat het kredietsaldo				✓
Deposito in KOJ/Bankrekening nie getoon op bankstaat				✓
Foutiewe debietinskrywing op bankstaat				✓
Foutiewe kredietinskrywing op bankstaat			✓	
Debiteer tjeks uitgereik maar nog nie aangebied vir betaling (d.w.s. tjeks ingeskryf in KBJ maar nie getoon op bankstaat)			✓	
Alle betalings op bankstaat (debitinskrywing) wat nie in KBJ ingeskryf is nie		✓		
Alle ontvangste op bankstaat (kredietinskrywing) wat nie in KBJ ingeskryf is nie	✓			
Fout in KBJ: waarde onderaangegee		✓		
Fout in KBJ: waarde ooraangegee	✓			
Fout in KOJ: waarde onderaangegee	✓			
Fout in KOJ: waarde ooraangegee		✓		
Kanselleer tjeke wat uitgereik is	✓			
Reik nuwe tjeke uit in plek van gekanselleerde tjeke		✓	✓	
Bankrekening in Algemene Grootboek het debietsaldo			✓	
Bankrekening in Algemene Grootboek het kredietsaldo				✓

Debiteurerekonsiliiasie en debiteure-ouderdomsontleiding

Alle transaksies met debiteure word aangeteken in die relevante joernale en oorgeplaas na die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek, asook na die individuele debiteur se rekening in die Debiteuregrootboek:

- Debiteurejoernaal (DJ) vir kredietverkope.
- Debiteureafslagjoernaal (DAJ) vir verkope wat teruggestuur is.
- Kontantontvangstejoernaal (KOJ) vir kontant/tjeks wat as betaling van debiteure ontvang is en afslag wat toegestaan is.
- Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) vir teruggestuurde tjeks ontvang van debiteure ('verwys na trekker'-tjeks of V/T-tjeks).
- Algemene Joernaal (AJ). Debietkolom toon rente gehef op agterstallige rekeninge asook ander toenames in debiteure.
- Algemene Joernaal (AJ). Kredietkolom toon transaksies wat die bedrag verskuldig deur debiteure verminder, insluitende foute en weglatings.

Die saldo van die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek word gekontroleer teen die Debiteurelyls (wat die saldo's van die debiteure se individuele rekeninge in die Debiteuregrootboek toon).

Kontrolerekkening: Dit is 'n opsommingsrekening in die Algemene Grootboek. Die besonderhede wat die saldo in die opsommingsrekening steun, is in die Debiteurekontrolegrootboek ('n hulpgrootboek).

Debiteurekontrolerekkening: Dit is 'n rekening in die Balansstaatrekeningeafdeling van die Algemene Grootboek. Dit is 'n bedryfsbate, aangesien die geld binne die twaalfmaandetydperk ontvang sal word. Dit is 'n opsomming van al die transaksies met die individuele debiteure.

Voorbeeld

ALGEMENE GROOTBOEK VAN FORMAT BEPERK

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

DEBITEUREKONTROLE

B

	Saldo	a/b				Bank en afslag toegestaan	KO J	
	Verkope	DJ				Debiteureafslag	DAJ	
	Bank(V/T-tjeks)	KOJ				Joernaalkrediete	AJ	
	Joernaaldebiete	AJ				Saldo	a/d	
	Saldo	a/b						

Debiteuregrootboek: Dit is 'n hulpgrootboek wat individuele rekeninge vir elke debiteur bevat. Alle transaksies wat in die joernale ingeskryf word, word oorgeplaas na die individuele rekening van die debiteur. 'n Saldo word getoon na elke inskrywing.

Debiteurelys: die Onderneming stel 'n lys op (gewoonlik aan die einde van die maand of teen die jaareinde) wat die geld toon wat op daardie datum deur debiteure verskuldig is.

Indien jy die volgende rekonsilieer . . .	Kontroleer jy die . . .	Teen die . . .
Debiteurekontrolerekkening	Debiteurekontrolerekkening in die Algemene Grootboek	Debiteurelys wat saldo's bevat van debiteure se individuele rekeninge soos in die Debiteregrootboek
Debiteure se individuele rekeninge	Debiteure se individuele rekeninge in die Debiteregrootboek	Staat uitgereik aan debiteure of met dokumentasie voorsien deur debiteur

Waarom debiteure se rekeninge en state verskil

- Inligting is nie volledig nie (weglatings), byvoorbeeld, debiteure weet nie van renteheffing nie totdat die onderneming 'n staat, fakture, betalings of afslag wat weggelaat is, uitreik.
- Daar kan 'n tydsverskil wees. Die onderneming het nog nie EFO-betalings deur die debiteur aangeteken nie.
- Foute deur óf die onderneming in die debiteur se individuele rekening óf foute op die staat wat aan die debiteur uitgereik is (soos kredietverkope, bedrae betaal of afslag toegestaan wat foutief ingeskryf is).

Waarom ons debiteurerekonsiliasie doen

- 'n Debiteur beweer dat daar foute of weglatings op die rekening is.
- As 'n beheermaatreël word die Debiteurekontrolerekening opgedateer.
- Dit bevestig akkuraatheid van inskrywing in DJ, DAJ, AJ, KBJ en KOJ asook die debiteur se individuele rekening.
- Dit volg die spoor van van kredietverkope, verkope wat teruggestuur is, betalings ontvang, afslag toegestaan of rente wat gehef is op geld wat deur debiteure verskuldig is.

Verhouding tussen die Debiteurelys en die Debiteurekontrolerekening

ALGEMENE GROOTBOEK VAN ONS ONDERNEMING	DEBITEURELYS VAN ONS ONDERNEMING
DEBITEUREKONTROLEREKENING	ONS REKENING
Openingsaldo a/b	Openingsaldo
Verkope	Transaksies gedurende die maand
Bank('verwys na trekker'-tjeks)	Sluitingsaldo
Diverse inskrywing	Indien hierdie twee saldo's nie dieselfde is nie, soek na redes waarom hulle verskil
Saldo a/b	Debiteur A Debiteur B Debiteur C Debiteur D Rxx xxx Rxx xxx Rxx xxx Rxx xxx Rxxx xxx

Prosedure vir rekonsiliasie van Debiteurekontrolerekening en Debiteurelys

Stap 1 Open die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys met die gegewe saldo's.

Stap 2 Stel die foute of weglatings in die Krediteurekontrolerekening en/of in die krediteur se individuele rekening reg.

Stap 3 Balanseer die Krediteurekontrolerekening en sommeer die Krediteurelys. Hierdie twee saldo's behoort dieselfde te wees.

Prosedure vir rekonsiliasie van debiteur se individuele rekening en staat wat uitgereik is

Stap 1 Vergelyk die debiteur se individuele rekening met die staat wat uitgereik is.

- Die debietkant van die staat word gekontroleer teen die debietkant van die rekening.
- Die kredietkant van die staat word gekontroleer teen die kredietkant van die rekening.

Stap 2 Stel foute of weglatings in die debiteur se individuele rekening reg in die Debiteuregrootboek deur die inskrywing te joernaliseer en oor te plaas.

Stap 3 Open die debiteurerekonsiliasie met die saldo soos op die staat wat uitgereik is.

Stap 4 Stel foute of weglatings in die uitgereikte staat reg deur weglatings by te tel en foute reg te stel.

Stap 5 Jy behoort te eindig met dieselfde saldo as in die debiteur se rekening.

Die goue reël vir rekonsiliasie van debiteure

- Trek terugsendings van die laaste faktuur af.
- Trek kontant wat ontvang is (ontvangste) en afslag wat toegestaan is van die oudste verskuldigde bedrag af.

Debiteure-ouderdomsontleding

Dit is 'n ontleding van die bedrae verskuldig deur debiteure, en toon die aantal dae wat geld verskuldig aan die onderneming uitstaande is.

- As deel van die kredietkontrolestelsel moet die ouderdomsontleding gereeld ondersoek word. Gepaste opvolgaksie sluit in die uitstuur van state, telefonering van debiteure, aanmoediging van debiteure om uitstaande skuld te betaal, en die aanbied van afslag aan debiteure om ontvangste te verbeter.
- Hersiening die debiteure-ouderdomsontleding help 'n onderneming om tred te hou met die bewegings op debiteure en om agterstallige rekeninge op te volg. Dit help ook om oninbare skuld te bepaal, en om vas te stel watter debiteure nie betaal nie en op watter debiteure rente gehef moet word.
- Indien geld verskuldig aan die onderneming nie behoorlik bestuur word nie, behoort regstappe oorweeg te word, of skuld kan selfs afgeskryf word. Dit beteken dat geld bestee word om geld te kry.

Debiteure is bedryfsbates. Die onderneming moet kontant inkry om ander rekeninge te kan betaal. Indien debiteure laat betaal, plaas dit stremming op die kontantvloei tensy dit korrek bestuur word.

	Totaal	Huidig	30 dae	60 dae	90 dae
Debiteur A	R2 000	R1 000	R600	R400	
Debiteur B	R1 500		R1 000	R500	
Debiteur C	R3 000	R2 000			R1 000
Totaal	R6 500	R3 000	R1 600	R900	R1 000
%		46%	25%	14%	16%

Krediteurerekonsiliasie en krediteure-ouderdomsontleding

Alle transaksies met krediteure word in die relevante joernale aangeteken en oorgeplaas na die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek, asook na die individuele krediteurerekening in die Krediteuregrootboek:

- Krediteurejoernaal (KJ) vir kreditaankope.
- Krediteureafslagjoernaal (KAJ) vir aankope wat teruggestuur word.
- Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) vir tjeks uitgereik as betaling aan krediteure en afslag wat ontvang is.
- Kontantontvangstejoernaal (KOJ) vir teruggestuurde (V/T-) tjeks.
- Algemene Joernaal (AJ). Krediteer rente gehef op agterstallige rekeninge asook ander toenames in krediteure.
- Algemene Joernaal (AJ). Debiteer transaksies wat die bedrag verminder wat verskuldig

is aan krediteure, insluitende foute en weglatings.

Die saldo van die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek word gekontroleer teen die Krediteurelyls (wat die saldo's toon van die krediteure se individuele rekeninge in die Krediteuregrootboek).

Kontrolerekening: Dit is 'n opsommingsrekening in die Algemene Grootboek. Die besonderhede wat die saldo in die opsommingsrekening steun, is in die Krediteurekontolegrootboek ('n hulpgrootboek).

Krediteurekontrolerekening: Dit is 'n rekening in die Balansstaatrekeninggeafdeling van die Algemene Grootboek. Dit is 'n niebedryfslas aangesien dit binne die twaalfmaandetydperk betaal moet word. Dit is 'n opsomming van al die transaksies met die individuele krediteure.

Voorbeeld

ALGEMENE GROOTBOEK VAN FORMAT BEPERK

BALANSSTAATREKENINGGEAFDELING

KREDITEUREKONTROLE

B

	Bank & Afslag ontvang	KBJ			Saldo	a/b	
	Krediteureafslag	KAJ			Diverse aankope	KJ	
	Joernaaldebiete	AJ			Bank (V/T-tjeks)	KO J	
	Saldo	a/d			Joernaalkrediete	AJ	
					Saldo	a/b	

Krediteuregrootboek: Dit is 'n hulpgrootboek wat die individuele rekeninge vir elke krediteur bevat. Alle transaksies ingeskryf in die joernale word oorgeplaas na die individuele rekening van die krediteur. 'n Saldo word ná elke inskrywing getoon.

Krediteurelyls: Die onderneming stel 'n lys op (gewoonlik aan die einde van die maand of teen die jaareinde) wat die geld toon wat op daardie datum aan krediteure verskuldig is.

Indien jy is die volgende versoen . . .	Kontroleer jy die . . .	Teen die . . .
Krediteurekontrolerekening	Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek	Krediteurelyls wat saldo's bevat van debiteure se individuele rekeninge soos in die Krediteuregrootboek
Krediteure se individuele rekeninge	Krediteure se individuele rekeninge in die Krediteuregrootboek	Staat ontvang van krediteur

Waarom krediteure se rekeninge en state verskil

- Inligting is nie volledig nie (weglatings). Die onderneming weet byvoorbeeld nie van renteheffings nie totdat hulle 'n staat, fakture, betalings of afslag wat weggelaat is, ontvang.

- Daar kan 'n tydsverskil wees. Die krediteur het nog nie EFO-betalings deur die onderneming aangeteken nie.
- Foute óf deur die onderneming in die krediteur se individuele rekening óf foute op die staat ontvang van die krediteur (soos kreditaankope, bedrae wat betaal is of afslag wat ontvang is wat foutief ingeskryf is).

Waarom ons krediteurerekonsiliasie doen

- As 'n beheermaatreël word die Krediteurekontrolerekening opgedateer.
- Dit bevestig akkuraatheid van inskrywing in KJ, KAJ, AJ, KBJ en KOJ asook die krediteur se individuele rekening.
- Dit volg die spoor van kreditaankope, aankope wat teruggestuur is, betalings wat gemaak is, afslag wat ontvang is, of rente gehef op geld wat die onderneming skuld.

Verhouding tussen die Krediteurelyls en die Krediteurekontrolerekening

ALGEMENE GROOTBOEK VAN ONS ONDERNEMING		DEBITEURELYS VAN ONS ONDERNEMING	
KREDITEUREKONTROLEREKENING		ONS REKENING	
Betalings Afslag ontvang Aankope wat teruggestuur word Diverse inskrywing Saldo a/d	Openingsaldo a/b Aankope Diverse inskrywing Saldo a/b	Openingsaldo Transaksies gedurende die maand Sluitingsaldo <i>Indien hierdie twee saldo's nie dieselfde is nie, soek die redes waarom hulle verskil</i>	Krediteur A Krediteur B Krediteur C Krediteur D Rxx xxx Rxx xxx Rxx xxx Rxx xxx Rxxx xxx

Prosedure vir rekonsiliasie van die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelyls

- Stap 1 Open die Krediteurekontrolerekening en die Krediteurelyls met die gegewe saldo's.
- Stap 2 Stel foute of weglatings reg in die Krediteurekontrolerekening en/of in die krediteur se individuele rekening.
- Stap 3 Balanseer die Krediteurekontrolerekening en sommeer die Krediteurelyls. Hierdie twee saldo's behoort dieselfde te wees.

Prosedure vir rekonsiliasie van die krediteur se individuele rekening en die staat wat ontvang is

- Stap 1 Vergelyk die krediteur se individuele rekening met die staat wat ontvang is.
 - die debietkant van die staat word gekontroleer teen die kredietkant van die rekening.
 - Die kredietkant van die staat word gekontroleer teen die debietkant van die rekening.
- Stap 2 Stel foute of weglatings in die krediteur se individuele rekening in die Krediteuregrootboek reg deur die inskrywing te joernaliseer en oor te plaas.
- Stap 3 Open die krediteurerekonsiliasie met die saldo soos op die staat wat ontvang is.
- Stap 4 Stel foute of weglatings reg in die staat wat ontvang is deur weglatings by te tel en foute te korrigeer.

Stap 5 Jy behoort te eindig met dieselfde saldo as in die krediteurrekening.

Stap 6 Stel 'n betalingsadvies op om saam met die tjek uit te stuur wanneer jy krediteure betaal.

Ons gebruik 'n betalingsadvies om krediteure in te lig oor foute en weglatings op die staat wat hulle opgestel het.

Die goue reël vir rekonsiliasie van krediteure

- Trek terugsendings van die laaste faktuur af.
- Trek kontantbetalings en afslag wat ontvang is af van die oudste bedrag wat verskuldig is.

Krediteure-ouderdomsontleding

Dit is 'n ontleding van die bedrae verskuldig aan krediteure, dit toon die aantal dae wat betalings uitstaande is.

- As deel van die kredietkontrolestelsel behoort die ouderdomsontleding gereeld ondersoek te word sodat sodat gepaste opvolgaksie kan plaasvind.
- Hersiening van die krediteure-ouderdomsontleding help 'n onderneming om tred te hou met die bewegings van krediteure en agterstallige rekeninge op te volg.
- Krediteure is bedryfslaste. Die onderneming moet kontant beskikbaar hê om die rekeninge te betaal. Dit plaas stremming op kontantvloei indien dit nie korrek bestuur word nie. Die volgende kan gebeur:
 - Oorbetalings, wanneer die onderneming meer betaal as wat hulle die krediteur skuld.
 - Onderbetalings, wanneer die onderneming minder betaal as wat hulle die krediteur skuld. Rente en boetes kan bygevoeg word by die saldo wat nie betyds betaal is nie, wat lei tot in bykomende kostes.

	Totaal	Huidig	30 dae	60 Dae	90 dae
Krediteur A	R2 000	R1 000	R600	R400	
Krediteur B	R1 500		R1 000	R500	
Totaal	R3 500	R1 000	R1 600	R900	
%		29%	46%	25%	0%

Oefening 2.6

Lerato Khumalo, die boekhouer by Rucco Handelaars, moet die bankrekonsiliasie vir Mei 2.10 doen. Sy vra jou om vrae te beantwoord oor die bankrekonsiliasiestaat op 30 April 2.10, asook vrae oor die bankstaat vir Mei 2.10.

NAAM VAN ONDERNEMING: Rucco Handelaars	Debit	Krediet
BANKREKONSILIASIESTAAT OP 30 APRIL 2.10		
Kredietsaldo volgens bankstaat		12 400
Krediteer uitstaande deposito		24 600

Debiteer uitstaande tjeks :		
Nr. 954 (5 Oktober 20.9)	1 346	
Nr. 1078 (12 April 2.10)	9 750	
Nr. 1084 (23 Junie 2.10)	20 000	
Nr. 1086 (20 April 2.10)	2 467	
Nr. 1090 (29 April 2.10)	14 895	

Vrae

- 1 Het die Bankstaat 'n gunstige of ongunstige saldo op 30 April 2.10 getoon? Gee 'n rede vir jou antwoord.

- 2 Hoe kan die deposito van R24 600 uitstaande wees? Gee een moontlike rede.

- 3 Die uitstaande deposito van R24 600 sluit al die ontvangste van 26 April tot 30 April in. Is dit goeie praktyk om kontant elke vyf dae te deponeer? Gee 'n rede vir jou antwoord en maak aanbevelings.

- 4 Wat beteken 'uitstaande tjeks'?

- 5 Verduidelik aan me Khumalo wat verkeerd is met tjek 954 en hoe dit in die rekords van Rucco Handelaars gehanteer behoort te word.

- 6 Tussen watter datums kan tjek 1078 vir betaling aangebied word?

- 7 Verduidelik hoe om tjek 1084 te hanteer by die voorbereiding van die finansiële state. Die tjek is uitgereik aan 'n krediteur, Gregor Beperk.

- 8 Tjek 1086 is uitgereik aan die plaaslike sokkerklub, SoccerStars. Hulle het Rucco Handelaars gevra om die verskaffer van hul toerusting, EquipSoc, te betaal pleks daarvan om die geld aan die sokkerklub te gee. Verduidelik aan me Khumalo in besonderhede hoe om die versoek in die rekords te hanteer.

- 9 Tjek 1090 is aan een van die werknemers uitgereik vir sy salaris. Alle salarissoorte word steeds per tjek betaal. Hierdie tjeks word op die 29ste van elke maand uitgereik om te verseker dat werknemers hul salarissoorte beskikbaar het op die laaste dag van die maand. Is dit die beste

metode om salarisse te betaal? Gee 'n rede vir jou antwoord.

10 Die bankstaat toon 'n inskrywing gemerk V/T. Wat beteken dit? Hoe moet dit in die kontantjoernale gehanteer word?

11 Me Khumalo is onseker oor vier tjeks wat in Mei 2.10 uitgereik is vir dieselfde bedrag, betaalbaar as 'Kontant', wat in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken moet word. Gee 'n moontlike rede vir hierdie tjeks. Is dit goeie beleid om kontanttjeks uit te reik? Gee 'n rede vir jou antwoord.

12 Die laaste deel van die bankrekonsiliasie word vermis. Bereken die saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek op 30 April 2.10. Is dit gunstig of ongunstig?

Oefening 2.7

Deel A: Bankrekonsiliasie

Die volgende inligting verskyn in die rekords van Bathabile Geskenke op 30 Junie 20.3, die einde van die finansiële jaar.

NAAM VAN MAATSKAPPY: . . . BANKREKONSILIASIESTAAT OP 31 MEI 20.3		
	Debiet	Krediet
Kredietsaldo soos op die bankstaat		15 400
Krediteer uitstaande deposito		26 700
Debiteer uitstaande tjeks:		
Nr. 1554 (1 November 20.2)	9 800	
Nr. 2206 (23 Mei 20.3)	8 750	
Nr. 2417 (1 Junie 20.3)	13 200	
Nr. 2435 (23 Augustus 20.3)	15 680	
Kredietsaldo soos op die bankrekening		5 330
	47 430	47 430

NAAM VAN MAATSKAPPY: . . .		
BANKREKONSILIASIESTAAT OP 30 JUNIE 20.3		
	Debiet	Krediet
Debetsaldo soos op die bankstaat	1 450	
Krediteer uitstaande deposito		31 640
Debiteer uitstaande tjeks:		
Nr. 2206 (23 Mei 20.3)	8 750	
Nr. 2435 (23 Augustus 20.3)	15 680	
Nr. 2578 (25 Junie 20.3)	1 460	
Nr. 2611 (30 Junie 20.3)	1 700	
Debetsaldo soos op die bankrekening	2 600	
	31 640	31 640

Vrae

1 Wat beteken die debetsaldo van R1 450 soos op die bankstaat in die bankrekonsiliestaat op 30 Junie 20.3?

2 Wat beteken die debetsaldo van R2 600 soos op die bankrekening in die bankrekonsiliestaat op 30 Junie 20.3?

3.1 Waarom verskyn tjek 1554 nie op die bankrekonsiliestaat van 30 Junie 20.3 nie?

3.2 Hoe het die onderneming tjek 1554 in hul rekords gehanteer?

4 Waarom verskyn tjek 2435 op die bankrekonsiliestaat van 30 Junie 20.3?

5 Verduidelik waarom tjek 2417 nie op die bankrekonsiliestaat van 30 Junie 20.3 verskyn nie.

6 Bestudeer die datums van tjek 2435 (23 Augustus 20.3) en tjek 2578 (25 Junie 20.3). Doen 'n moontlike rede aan die hand vir die verskil.

7 Tjek 2417 (1 Junie 20.3) verskyn korrek op die Mei-bankstaat as R13 500. Die tjek is aan GlamGifts uitgereik vir handelsware. Hoe behoort die onderneming die verskil te hanteer?

- 8 Waarom is dit nodig om die bankrekonsiliestaat van 31 Mei 20.3 met die bankstaat van Junie 20.3 te vergelyk?

--

Deel B: Krediteurerekonsiliestaat

Khabine Handwerk is een van die krediteure van Bathabile Geskenke.

NAAM VAN ONDERNEMING: Bathabile Geskenke						
KREDITEUREGROOTBOEK						
KHABINE HANDWERK						
Datum		Besonderhede	Fol.	Debit	Krediet	Saldo
20.3	Jun.	Rekening gelewer				5 400
	1					
	2	Faktuur 124 (KH230)	KJ		2 300	7 700
	5	Tjek 2498	KBJ	4860		2 840
	5	Tjek 2498 – afslag ontvang	KBJ	540		2 300
	6	D/N 89 (K/N K124)	KAJ	300		2 000
	12	Faktuur 129 (GG8)	KJ		1 670	3 670
	23	Faktuur 135 (KH 276)	KJ		4 580	8 250

Staat ontvang van krediteur, Khabine Handwerk:

REKENINGSTAAT						
KHABINE HANDWERK						
AAN: Bathabile Geskenke						
30 Junie 20.3						
Datum		Besonderhede van transaksie	Debit	Krediet	Saldo	
1 Junie 20.3		Oorgebring				5 400
2 Junie 20.3		Faktuur KH230	2 300			7 700
5 Junie 20.3		Kwitansie 1143 (Tjek 2498)		4860		2 840
6 Junie 20.3		K/N K124		300		2 540
23 Junie 20.3		Faktuur KH 276	4122			6 662
28 Junie 20.3		Faktuur KH 289	10 000			16 662

Toe die Krediteuregrootboekrekening van Khabine Handwerk en die staat wat van Khabine Handwerk ontvang is, bestudeer word, word die volgende foute en weglatings ontdek:

- Faktuur GG8 is ontvang van verskaffer GlamGifts.
- Tjek 2498 is uitgereik aan Khabine Handwerk ter vereffening van die uitstaande bedrag op 1 Junie 20.3. Afslag van 10% is ontvang.
- Faktuur KH289 is deur Khabine Handwerk uitgereik aan Bath Handworkers.
- Khabine Handwerk het 10% handelsafslag toegestaan op faktuur KH 276.

Instruksies

- 1 Bereken die korrekte saldo van die rekening van Khabine Handwerk in die Krediteuregrootboek van Bathabile Geskenke.

2 Berei die krediteurerekonsiliastaat voor wat Bathabile Geskenke moet opstel:

KREDITEUREREKONSILIASIESTAAT		

3.1 Toon die uitwerking van tje 2498 wat aan Khabine Handwerk uitgereik is ter vereffening van die uitstaande bedrag op 1 Junie 20.3, asook die 10% afslag ontvang op die rekeningkundige vergelyking van Bathabile Geskenke.

Bates	Eienaarsekwiteit	Laste

3.2 Dui aan hoe om die transaksie in 3.1 in die Algemene Grootboek van Bathabile Geskenke aan te teken deur die rekeninge te lys wat gedebiteer en gekrediteer moet word.

Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
Krediteurekontrole	Bank
Krediteurekontrole	Afslag ontvang

4 Die handelsware wat op 23 Junie 20.3 van Khabine Handwerk aangekoop is, sal vir kontant deur Bathabile Geskenke verkoop word met 'n winsmarge van 50% op kosprys. Wat sal die uitwerking van hierdie verkoop wees op die rekeningkundige vergelyking van Bathabile Geskenke?

Bates	Eienaarsekwiteit	Laste

Oefening 2.8

Ontleed die transaksies vir Junie 20.2 van Mbedzi Handelaars onder die opskrifte in die tabel.

Transaksies

- 'n Deposito van R9 800 verskyn in die Kontantontvangstejoernaal op 28 Junie 20.2 maar nie op die bankstaat vir Junie 20.2 nie.
- 'n Huurder het die huurgeld vir een maand, R3 200, direk in die bankrekening gedeponeer. Die bedrag verskyn op die bankstaat maar nie in die kontantjoernale nie.
- Die volgende bedrae is gedebiteer op die bankstaat:
 - Aftrekorder vir eienaar se persoonlike versekeringspremie, R1 100.

- Debietorder vir die onderneming se selfoonrekening, R685.
 - Bankkoste, R245.
- 4 Die bankstaat toon 'n geweierde tjek van R900. Die tjek is van debiteur F. Monti ontvang ter vereffening van haar rekening van R950. Die tjek is geweier weens onvoldoende fondse (OF).
- 5 Tjek 655, gedateer 13 November 20.1, moet gekanselleer word. Hierdie tjek vir R7 680 is oorspronklik aan Dakalo Mulaudzi uitgereik vir handelsware wat hy aangekoop het. Hy het die tjek verloor. Vervang die tjek deur tjek 675 op 30 Junie 20.2.
- 6 Mbedzi Handelaars ontvang 'n tjek vir R764 van 'n debiteur. Die tjek is gedateer 3 Julie 20.2. Die boekhouer het dit nie aangeteken nie.
- 7 Tjek 673 vir R2 450, uitgereik aan Manley Motors, is gedateer 10 Julie 20.2. Dit verskyn in die Kontantbetalingsjoernaal maar nie op die bankstaat nie.

Voorbeelde

- Die Bankstaat toon 'n debiet vir die versekeringspremie van die onderneming.
- Tjek 354 is nog nie vir betaling aangebied nie, R5 600.
- Die uitstaande deposito op die vorige Bankrekonsiliastaat verskyn op die Bankstaat van hierdie maand.

Nr.	Besonderhede in hulpjoernaal		Bedrag	Bankrekening		Bankrekonsiliastaat		Geen inskr ywing
	Hulpjoernaal	Naam van rekening in Algemene Grootboek		Debit	Krediet	Debit	Krediet	
a	KBJ	Versekeringsfond			✓			
b						✓		
c								✓

Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Om vir BTW te registreer

Ondernemings met 'n omset bo die perk wat deur die BTW-wet gestel word, moet vir BTW registreer. Enige ander onderneming kan kies om vir BTW te registreer indien dit hul doel pas. Ondernemings hef 'n belasting op die voorsiening van goedere en dienste. BTW word in die verkoopprys ingesluit en word deur ondernemings ingesamel namens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID).

BTW-koerse

- Standaardkoers.* op alle items uitsluitend vrygestelde items, tans 14%.
- Nulkoers.* op basiese goedere om minder bevoordeerde verbruikers te help, tans 0% (bruin brood, melk, eiers).
- Vrygestelde items. Geen BTW word gehef op hierdie goedere nie (rente, tariewe, opvoedkundige dienste en dienste gelewer deur organisasies sonder winsbejag).

* die Minister van Finansies kan die persentasies vir BTW te eniger tyd verander.

BTW-tydperk

Die BTW-tydperk kan een, twee, ses of twaalf maande dek:

- Die standaard belastingtydperk is twee maande, óf op gelyke óf op ongelyke maande.
- Die BTW moet ingedien word op of voor die 25ste van die maand wat volg op die einde van die tweemaandetydperk. Die BTW vir Januarie en Februarie sal byvoorbeeld op of voor 25 Maart ingedien word.

BTW-basis

BTW-basis	Inset-BTW	Uitset-BTW
Faktuur-basis	Geëis by ontvangs van BTW-faktuur, ongeag of betaling gedoen is	Betaal by uitreiking van BTW-faktuur, ongeag of betaling ontvang is
Betaling-basis	Eisbaar by betaling vir aankope	Betaalbaar by ontvangs van betaling vir transaksie

BTW-faktuur

Die volgende inligting moet in die belastingfaktuur ingesluit word:

- Die woorde BTW-faktuur of Belastingfaktuur
- Faktuurnommer
- Datum
- Die naam, adres en BTW-nommer van die onderneming of verskaffer
- Die naam, adres en BTW-nommer van die koper indien meer as R500
- 'n Beskrywing van die aard en hoeveelheid van goedere en/of dienste wat gekoop is
- Die bedrag wat betaal word aan BTW
- Die BTW-koers wat gehef word
- Die bedrag wat betaal word vir die goedere en/of dienste


Berekening van BTW-inklusiewe en BTW-eksklusiewe bedrae

	Verkoopprys (VP)	Bereken VP met BTW uitgesluit	Bereken BTW
Inklusief	Sluit BTW in	$VP_{(ekskl)} = \frac{VP_{(inkl)}}{1} \times \frac{100}{114}$	$BTW = \frac{VP_{(inkl)}}{1} \times \frac{14}{114}$
		$VP_{(ekskl)} = \frac{228}{1} \times \frac{100}{114}$	$BTW = \frac{228}{1} \times \frac{14}{114}$
		$VP_{(ekskl)} = R200$	$BTW = R28$

	Verkoopprys (VP)	Bereken VP insluitende BTW	Bereken BTW
Eksklusief	Sluit BTW uit	$VP_{(inkl)} = \frac{VP_{(ekskl)}}{1} \times \frac{114}{100}$	$BTW = \frac{VP_{(ekskl)}}{1} \times \frac{14}{100}$
		$VP_{(inkl)} = \frac{200}{1} \times \frac{114}{100}$	$BTW = \frac{200}{1} \times \frac{14}{100}$
		$VP_{(inkl)} = R228$	$BTW = R28$

Aantekening van BTW in die Algemene Grootboek

'n BTW-bedrag moet óf as Inset-BTW óf as Uitset-BTW geklassifiseer word. Volg die vloei van



goedere en/of dienste soos aangetoon in die diagram hierbo.

Drie rekeninge word in die Algemene Grootboek gebruik:

Rekening	Beskrywing	Joernale
Inset-BTW Nominaal (<i>E</i>)	BTW betaal op aankope of betalings wat gedoen is	KBJ, KKJ, KJ & KAJ, AJ
Uitset-BTW Nominaal (<i>E</i>)	BTW ontvang op verkope of inkomste	KOJ, DJ & DAJ, AJ
BTW-kontrole Balansstaat (<i>B/L</i>)	Opsomming van Inset-BTW en Uitset-BTW Debietsaldo – SAID skuld geld aan onderneming Kredietsaldo – Onderneming skuld geld aan SAID	AJ

Voorbeelde

Die formate van die drie BTW-rekeninge wat in die Algemene Grootboek gebruik word, word getoon met alle moontlike variasies:

INSET-BTW					N
	Saldo (<i>Openingsaldo van Inset-BTW op eerste dag van maand</i>)	a/b		Krediteurekontrole (<i>Krediteureafslag – aankope teruggestuur aan verskaffers</i>)	KAJ
	Bank (<i>BTW betaal op kontantaankope</i>)	KBJ		Bank (<i>BTW op bateverkoop vir kontant</i>)	AJ
	Krediteurekontrole (<i>BTW betaal op kreditaankope</i>)	KJ		Debiteure vir bateverkoop (<i>BTW op bateverkoop op krediet</i>)	AJ
	Kleinkas (<i>BTW betaal op kleinkasaankope</i>)	KKJ		Diverse rekeninge (<i>Foute en weglatings</i>)	AJ
	Diverse rekeninge (<i>Foute en weglatings</i>)	AJ		BTW-kontrole (<i>Inset-BTW afgesluit na BTW-kontrolerekening op laaste dag van maand</i>)	AJ

UITSET-BTW					N
	Oninbare skuld (<i>BTW-bedrag op onverhaalbare skuld afgeskryf</i>)	AJ		Saldo (<i>Openingsaldo van Inset-BTW op eerste dag van maand</i>)	a/b
	Afslag toegestaan (<i>BTW op afslag toegestaan aan debiteur</i>)	AJ		Bank (<i>BTW gehef op kontantverkope</i>)	KOJ
	Debiteurekontrole (<i>Debiteureafslag – verkope teruggestuur deur debiteure</i>)	DAJ		Debiteurekontrole (<i>BTW gehef op kredietverkope</i>)	DJ
	Diverse rekeninge (<i>Foute en weglatings</i>)	AJ		Afslag toegestaan (<i>BTW op afslag toegestaan aan debiteur word gekanselleer in geval van 'n 'verwys na trekker'-tiek</i>)	AJ
	BTW-kontrole (<i>Uitset-BTW word afgesluit na BTW-kontrolerekening op laaste dag van maand</i>)	AJ		Onttrekkings (<i>BTW op goedere deur eienaar vir persoonlike gebruik geneem</i>)	AJ
				Skenkings (<i>BTW op goedere wat geskenk is</i>)	AJ
				Diverse rekeninge (<i>Foute en weglatings</i>)	

BTW-KONTROLE					B		
	Saldo*	a/b			Saldo*	a/b	
	Bank(<i>Betaling gedoen aan SAID</i>)	KBJ			Uitset-BTW (<i>Sluitingsbedrag</i>)	AJ	
	Inset-BTW (<i>Sluitingsbedrag</i>)	AJ			Saldo	a/b	
	Saldo	a/b					
	Saldo*	a/b			Saldo*	a/b	

*Die opening- en sluitingsaldo's sal daarvan afhang of die onderneming geld aan SAID skuld en of SAID geld aan die onderneming skuld.

Etiese kwessies met betrekking tot BTW

- Registrasie as 'n onderneming (registrasie wanneer omsetperk bereik is).
- Hefting van belasting op vrygestelde en nulkoers-items.
- Die vraag of 'n onderneming 'n belastingfaktuur moet uitreik in die geval van kontantverkope.
- Aanpassing van die boeke ten einde meer Inset-BTW te eis of minder Uitset-BTW te betaal.
- Inskrywing van aankope wat die eienaar gedoen het in die boeke van die onderneming ten einde meer Inset-BTW te eis.
- Nie fakture uitreik totdat betaling ontvang is nie ten einde die BTW betaalbaar op faktuurbasis te verminder.

Interne audit- en beheerprosesse met betrekking tot BTW

Die bestuur moet verseker dat:

- voldoende rekords gehou word van BTW gehef op die voorsiening van goedere en/of dienste
- BTW-fakte korrek uitgereik word
- alle fakture wat ontvang word, ingeskryf en geliasseer word
- alle kontanttransaksies ingeskryf word en fakture en kwitansies voltooi word
- rekords (brondokumente) in sistematiese orde gehou word (numeries of alfabeties) sodat kontrole uitgeoefen kan word en bedrog/diefstal opgespoor kan word
- alle betalings van BTW aan SAID goedgekeur word
- alle betalings aan SAID betyds plaasvind
- belastingontduiking nie plaasvind nie.

Oefening 2.9

Veronderstel dat TTA (Tumi se Tennisakademie) vir BTW geregistreer word. Bestudeer die volgende inligting:

Totaal van fakture ontvang gedurende Mei 2.11	BTW ekskl.	28 250
Totaal van fakture uitgereik gedurende Mei 2.11	BTW ekskl.	24 216
Totale inkomste verdien uit tennislesse gedurende Mei 2.11	BTW ekskl.	15 200

Uitgawes vir Mei 2.11 (BTW inklusief waar van toepassing)

Telefoon	320
Reklame	3 000
Skryfbehoefte	265
Tumi se salaris	8 000

Vrae

- 1 Is dit verpligtend vir TTA om vir BTW te regstreer? Gee 'n rede vir jou antwoord.

- 2 Bereken die Uitset-BTW vir Mei 2.11.

- 3 Bereken die Inset-BTW vir Mei 2.11.

- 4 Stel die BTW-kontrolerekening op vir Mei 2.11.

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN TTA
BALANSSTAATREKENINGEAFDELING**

BTW-KONTROLE

B

- 5 Waar moet die saldo van die BTW-kontrolerekening gebruik word in die Balansstaat vir Mei 2.11?

- 6 Een van Tumi se vriende stel voor dat Tumi BTW hef selfs al is die onderneming is nie vir BTW geregistreer nie. Skryf 'n kort nota aan Tumi om te verduidelik of dit aanvaarbaar is of nie.

Oefening 2.10

Bereken die bedrag verskuldig aan SAID:

Transaksies vir die tweemaandetydperk (BTW inklusief tensy anders vermeld)

- 1 Kontantverkope van handelsware, R90 000 (BTW eksklusief).
- 2 Kredietverkope van handelsware, R108 300.
- 3 Kreditaankope van handelsware en toerusting, R178 980.
- 4 Terugsending van handelsware deur klante, R8 500 (BTW eksklusief).
- 5 Terugsending van handelsware aan verskaffers, R14 136.
- 6 'n Ou voertuig met 'n drawarde van R50 000 word verkoop vir R61 560.
- 7 Oninbare skuld afgeskryf, R5 597,40.
- 8 Oninbare skuld verhaal, R649,80.
- 9 Afslag toegestaan aan klante, R6 726.
- 10 Afslag ontvang van verskaffers, R15 390.

Nr.	Beskrywing (en berekening)	Bedrag verskuldig aan SAID vermeerder of verminder met . . .
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		
	Bedrag verskuldig aan SAID / Bedrag verskuldig deur SAID	

Kwartaal 3

Oorsig: Hantering van die KABV in Via Afrika se handboek

Kwartaal 3 Oorsig	Onderwerp 12	Kosterekeningkunde	<ul style="list-style-type: none">• Rekeningkundige begrippe uniek aan 'n vervaardigingsonderneming• Die produksiekostestaat• Die Inkomstestaat met aantekeninge vir 'n vervaardigingsonderneming• Etiese kwessies wat verband hou met vervaardiging• Interne audit- en beheerprosesse wat verband hou met vervaardiging
	Onderwerp 13	Die opstel van 'n begroting	<ul style="list-style-type: none">• Inleiding tot die opstel van 'n begroting• Die geprojekteerde Inkomstestaat• Die kontantbegroting• Etiese kwessies wat verband hou met die opstel van 'n begroting en projeksies• Interne audit- en beheerprosesse, die vergelyking van die begroting en projeksies met werklike syfers

Geprojekteerde Inkomstestaat

Geprojekteerde Inkomstestaat: 'n staat wat die geprojekteerde inkomste, uitgawes en wins vir

toekomstige finansiële tydperke toon.

Einde-van-tydperk-inkomstestaat	Geprojekteerde Inkomstestaat
Historiese (werklike) inkomste en uitgawes wat voorgekom het	Projeksies van verwagte inkomste & uitgawes in die toekoms
Historiese netto wins vir laaste finansiële tydperk	Netto wins wat vir toekomstige finansiële tydperk(e) in die vooruitsig gestel word

Waarom ons 'n Geprojekteerde Inkomstestaat opstel

- Vir finansiële voorspelling om toekomstige winsgewendheid te bepaal wanneer die onderneming aansoek doen om 'n lening.
- As 'n kontrolemekanisme om werklike transaksies te kontroleer teen die finansiële voorspelling.
- As 'n bestuursinstrument om aansuiwerings aan inkomste en uitgawes te maak indien en wanneer nodig.

Hoe om 'n Geprojekteerde Inkomstestaat op te stel

Stap 1 Begin met die formaat van die einde-van-tydperk-inkomstestaat.

Stap 2 Voeg toekomstige tydperke by.

Stap 3 Skryf werklike geprojekteerde syfers vir die eerste finansiële tydperk in.

Stap 4 Bereken geprojekteerde syfers vir toekomstige finansiële tydperke:

- **Horizontale ontleding:** Verkope het met 10% toegeneem op 'n jaar-tot-jaar-basis en daar word verwag dat hierdie tendens sal voortduur.
- **Voorspelbare items:** Lone sal jaarliks met 10% styg. Vyf nuwe werkers sal in 2.13 indien wees teen 'n loon van R20 000 elk.

STAP 1

NAAM VAN ONDERNEMING: . . . Beperk

GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE TYDPERKE WAT EINDIG OP 28 FEBRUARIE

	2.11	2.12	2.13	2.14
Verkope	600 000	660 000	726 000	798 600
Koste van verkope	(280 000)			
Bruto wins	320 000			
Ander bedryfsinkomste	150 000			
Inkomste 1	60 000			
Inkomste 2	50 000			
Inkomste 3	40 000			
Bruto bedryfsinkomste	470 000			
Bedryfsuitgawes	(190 000)			
Uitgawe 1	20 000			
Uitgawe 2	30 000			
Uitgawe 3	40 000			
Uitgawe 4	50 000	55 000	80 000	88 000
Uitgawe 5	50 000			
Uitgawe 6				
Uitgawe 7				

STAP 2

STAP 3

STAP 4

Bedryfswins (verlies)	280 000			
Rente-inkomste	20 000			
Wins (Verlies) voor rente-uitgawe	300 000			
Rente-uitgawe	50 000			
Wins (Verlies) voor inkomstebelasting	250 000			
Inkomstebelasting	(75 000)			
Netto wins (verlies) vir die tydperk	175 000			

Oefening 3.1

Frank Mason is die eienaar van Frank se Meubels, 'n onderneming wat houtmeubels vervaardig.

Deel A

Dui aan of die volgende situasies die totale produksiekoste vir die finansiële jaar sal verhoog, verlaag, of geen uitwerking daarop sal hê nie.

- 1 Die verskaffer van die hout stel die fabriek in kennis dat hulle hul pryse met 10% wil verhoog vanaf die eerste dag van die volgende maand.
- 2 Al die werkers wat direk betrokke is by die produksieproses is opgelei om nuwe toerusting te gebruik. Die werkers sal nou meer eenhede per dag kan produseer. Hulle sal hul daagliks teiken bereik sonder om oortyd te werk.
- 3 Die bestuurder besluit om 'n deel van die fabriek aan 'n kunstenaar te onderverhuur.
- 4 'n Nuwe telefoonstelsel word in die kantoor geïnstalleer.
- 5 Die kommissie wat aan 'n agent betaal word, styg van 10% tot 12% van totale verkope.

Nr.	Situasie	Verhoging/Verlaging/Geen uitwerking
1	Verskaffer van hout stel ons in kennis dat hulle hul pryse met 10% wil verhoog vanaf die eerste dag van die volgende maand	
2	Werkers in produksie sal nuwe toerusting gebruik om meer eenhede per dag te produseer en hul teiken te behaal sonder om oortyd te werk	
3	Bestuurder besluit om 'n deel van die fabriek te onderverhuur	
4	'n Nuwe telefoonstelsel word in die kantoor geïnstalleer	
5	Agent se kommissie styg van 10% tot 12% van totale verkope	

Deel B

Die inligting is afkomstig uit die rekords van Frank se Meubels vir Maart 20.5. Hulle het 25 houttafels gedurende die maand geproduseer. Daar was geen tafels in produksie aan die begin of die einde van die maand nie. Vervang die letters A tot P met die korrekte bedrae of beskrywings.

PRODUKSIEKOSTESTAAT		
	Totaal	Per tafel
A	B	?
Grondstowwe	C	300
Direkte arbeid	D	180
Fabrieksbokoste	F	E
Vervaardigingskoste	?	696
Onvoltooide werk (begin van maand)	0	0
Onvoltooide werk (einde van maand)	0	0
H	G	?

INKOMSTESTAAT		
	Totaal	Per tafel
Verkope (koste plus 150%)	L	K
Koste van verkope	J	I
M	N	?
Bedryfsuitgawes	?	?
Administratiewe koste	2 125	85
Verkoops- en verspreidingskoste	2 875	115
O	P	?

Deel C

Die inligting is afkomstig uit die rekords van Frank se Meubels vir Mei 20.5.

- Produksie vir Mei: 28 tafels.
- Totale vaste koste vir Mei, R9 500.
- Total veranderlike koste vir Mei, R18 312.
- Verkooprys per tafel, R1 750.

Vrae

1 Wat is die verskil tussen vaste en veranderlike kostes?

2 Gee een voorbeeld elk van vaste en veranderlike kostes.

3 Verduidelik die gelykbreekpunt.

4 Bereken die gelykbreekpunt.

Oefening 3.2

Die volgende inligting het betrekking op Woodpeckers. Die onderneming produseer meubels.

Saldo's	2.11-02-28	2.10-02- 28
Voorraad grondstowwe		170 000
Voorraad onvoltooide werk	260 000	230 000
Voorraad verbruiksgoedere: Fabriek	22 100	28 900
Voorraad verbruiksgoedere: Algemeen	5 800	7 200
Fabrieksmasjinerie	1 200 000	950 000
Opgehopte waardevermindering op fabrieksmasjinerie	620 000	380 000
Winkel- en kantoortoerusting	190 000	190 000
Opgehopte waardevermindering op winkel- en kantoortoerusting	52 725	28 500

Opsomming van transaksies vir jaar geëindig 28 Februarie 2.11

Aankope van grondstowwe op krediet	930 000
Aankope van grondstowwe vir kontant	840 300
Grondstowwe uitgereik aan fabriek	1 820 000
Verbruiksgoedere aangekoop: Fabriek	92 951
Verbruiksgoedere aangekoop: Winkel en kantoor	22 400
Produksielone	960 000
Salaris: Fabrieksbestuurder	238 000
Lone: Fabriekskoonmakers	132 000
Salaris: Verkoopspersoneel en administrasie	288 000
Water en elektrisiteit: Fabriek	87 000
Water en elektrisiteit: Algemeen	11 780
Onderhoud: Fabrieksmasjinerie	?
Onderhoud: Algemeen	?
Diverse uitgawes: Fabriek	178 000
Diverse uitgawes: Winkel en administrasie	108 000
Versekeringskoste	45 000

Bykomende inligting

- 1 'n Faktuur vir R9 700, ontvang van Log Vervoer vir die vervoer van grondstowwe na die fabriek, is nie aangeteken nie.
- 2 Nuwe masjinerie is aangekoop op 1 Maart 2.10. Waardevermindering word soos volg afgeskryf: 20% p.j. op kosprys van fabrieksmasjinerie en 15% p.j. volgens die verminderdesaldometode op winkel- en kantoortoerusting.
- 3 Versekeringskoste word soos volg verdeel: Fabriek 80%, Winkel en kantoor 20%.
- 4 Op 1 Maart 2.10 kry die onderneming kwotasies vir onderhoud van twee ondernemings:
 - Emanuel Labor stel voor dat ons hom maandeliks 'n kontantbedrag van R17 500 betaal. Soos hy sê: 'Geen faktuur nie beteken geen BTW nie.' Onderhoud vir die fabriek word bereken teen R15 000 per maand.
 - Don Right kwoteer 'n totale jaarlikse bedrag van R229 824 (14% BTW ingesluit).
 - Woodpeckers aanvaar Emanuel Labor se aanbod. Alle betalings gedurende die jaar is in kontant.

Instruksies

- 1 Bereken die voorraad grondstowwe voorhande op 28 Februarie 2.11.

- 2 Stel die Fabrieksbokoste-aantekening by die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2.11.

FABRIEKSBOKOSTE	

- 3 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2.11.

NAAM VAN ONDERNEMING: Woodpeckers	
PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2.11	

- 4.1 Bereken die totale jaarlikse bedrag wat in kontant aan Emanuel Labor betaal is vir onderhoud.

--

- 4.2 Watter tipe BTW word ingesluit in die bedrag van R229 824 soos gekwoteer deur Don Right?

--

- 4.3 Watter uitwerking sou hierdie tipe BTW hê op die BTW-bedrag verskuldig aan SAID?

--

- 4.4 Bereken die bedrag gekwoteer deur Don Right met BTW uitgesluit.

4.5 Het Woodpeckers die regte besluit geneem deur Emanuel Labor se aanbod te aanvaar?
Gee twee redes om jou antwoord te staaf.

Oefening 3.3

Die volgende besonderhede het betrekking op T-Designs, 'n onderneming wat T-hemde produseer en verkoop:

Saldo's	30 Junie 2.11	30 Junie 2.10
Voorraad grondstowwe	14 630	12 300
Voorraad onvoltooide werk	1 350	1 830
Voorraad voltooide goedere	27 000	1 500
Voorraad verbruiksgoedere	2 900	5 700
Grond en geboue	950 000	950 000
Fabrieksmasjinerie	?	30 000
Opgehopte waardevermindering op fabrieksmasjinerie	?	18 000
Winkeltoerusting	?	21 000
Opgehopte waardevermindering op winkeltoerusting	?	8 000

Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 30 Junie 2.11	
Aankope van grondstowwe op krediet	26 550
Aankope van grondstowwe vir kontant	21 200
Terugsending van grondstowwe aan krediteure	4 300
Vervoerkoste op aankope van grondstowwe	2 850
Verbruiksgoedere aangekoop op krediet	7 400
Verbruiksgoedere aangekoop vir kontant	10 200
Nuwe fabrieksmasjinerie aangekoop op 1 Maart 2.11	15 000
Alle ou winkeltoerusting vir kontant verkoop op 31 Desember 2.10	11 000
Nuwe winkeltoerusting op krediet aangekoop op 31 Desember 2.10	24 000
Produksielone	44 000
Salaris: Fabrieksopsiener	28 000
Salaris: Verkoopspersoneel	28 000
Salaris: Administrasie	8 000
Water en elektrisiteit	3 000
Onderhoud: Fabrieksmasjinerie	5 200
Diverse uitgawes: Fabriek	1 090
Diverse uitgawes: Winkel	730
Diverse uitgawes: Administrasie	420
Versekering	9 960

Bykomende inligting

- 1 Verbruiksgoedere word soos volg gebruik: 60% van koste vir fabriek, 25% van koste vir winkel en die res vir administrasie.
- 2 Versekeringspolis word volgens oppervlak verdeel: Fabriek is 200 m²; winkel is 25 m² en kantoor is 15 m². Die jaarlikse premie van R4 800 vir een van die versekeringspolisse is betaal op 1 Januarie 2.11.
- 3 Die werkewer se bydrae tot die WVF is weggelaat uit lone en salaris.
- 4 Waardevermindering moet soos volg in rekening gebring word:
 - Op fabrieksmasjinerie teen 20% p.j. op kosprys.
 - Op winkeltoerusting teen 15% p.j. op die verminderde saldo.
- 5 Inligting voorsien deur die winkel:
 - Winsmarge op kosprys: 50%
 - Verkoopprys per T-hemp: R90

Instruksies

Voltooи die volgende:

- 1 Bateverkoop-rekening:

BATEVERKOOP						B
Datum	Besonderhede		Bedrag	Datum	Besonderhede	Bedrag

- 2 Aantekening oor vaste bates by finansiële state op 30 Junie 2.11.

AANTEKENING BY FINANSIELE STATE OP 30 JUNIE 2.11		
3 VASTE BATES	Fabrieksmasjinerie	Winkeltoerusting
Drawaarde aan einde van vorige jaar		
Bewegings		
Drawaarde aan einde van huidige jaar		

- 3 Aantekeninge by produksiekostestaat vir jaar geëindig 30 Junie 2.11:

1 VOORRAAD GRONDSTOWWE	

3 **FABRIEKS BOKoste**

4 Produksiekostestaat:

PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2.11

Primêre (direkte) koste	
Totale produksiekoste	
Tel by: Onvoltooide werk (begin van jaar)	
Minus: Onvoltooide werk (einde van jaar)	

5 Bruto wins:

--

Vervaardigingsondernemings en produksiekostes

Bedryfskoste

Die totaal van alle koste-items word getoon as produksiekostes op die Produksiekostestaat en as termynkostes op die Inkomstestaat.

Direkte materiaalkoste: die koste kan direk (eksklusief) gekoppel word aan 'n spesifieke eenheid wat geproduseer word, d.w.s. die direkte materiaalkoste plus die direkte arbeidskoste. Vra jouself of jy koste direk kan toedeel aan 'n spesifieke produk (byvoorbeeld vier skroewe om die tafelblad aan die staalraamwerk vas te skroef). Die randwaarde van materiale wat gebruik word om 'n spesifieke produk te vervaardig, byvoorbeeld die waarde van die hout wat gebruik word om 'n tafel te maak, word aangeteken as die netto koopbedrag (koopprys op die faktuur minus handelsafslag) plus vervoerkoste, stoorkoste en hanteringskoste.

Direkte arbeidskoste: dit sluit in die salarisse en lone van werkers wat direk betrokke is by die produksie van die produk, byvoorbeeld masjienoperateurs) en kan geïdentifiseer word as 'n spesifieke hoeveelheid tyd (per uur of dag) of koste per eenheid.

Verwerkingskoste: die koste wat bygereken word by die grondstofkoste om grondtowwe te verwerk tot voltooide goedere; dit word bereken as die direkte arbeidskoste plus oorhoofse vervaardigingskoste.

Oorhoofse vervaardigingskoste: die deel van die koste wat verband hou met die vervaardigingsproses, maar nie direk geïdentifiseer word as deel van die kostes van 'n spesifieke produk nie. Oorhoofse vervaardigingskoste sluit die randwaarde in van materiale wat nodig is om 'n produk te produseer, maar wat nie gekoppel kan word aan die vervaardiging van 'n enkele produk nie, soos die koste van skoonmaakmiddels om masjinerie skoon te maak.

- Kostes wat aangegaan word deur die produksie-afdeling en kantore wat deur die produksie-afdeling gebruik word, wat nie maklik aan 'n spesifieke produk toegedeel kan word nie, byvoorbeeld administratiewe uitgawes, huuruitgawe vir kantoorruimte en fabrieksgeboue, dienste soos water, elektrisiteit en eiendomsbelasting, versekering van bates, onderhoud en herstelwerk aan fabriekstoerusting en fabrieksgeboue, salaris van die produksiebestuurder, waardevermindering op kantoorstoerusting en voertuie.
- Nievervaardigingskostes soos verkoops-, bemarkings- en administratiewe uitgawes en wat betrekking het op die finansiële jaar eerder as op die aantal produkte wat vervaardig is, d.w.s. dit word teen die jaareinde afgesluit na die Wins-en-verlies-rekening.

Indirekte arbeidskoste: Salarisse en lone van werkers wat nie direk betrokke is by die produksie van die produk nie, byvoorbeeld opsiener en skoonmakers.

Veranderlike koste (TKveranderlik & GKveranderlik): Veranderlike koste het betrekking op die aantal eenhede geproduseer. Veranderlike koste wissel in direkte verhouding tot die aantal eenhede wat geproduseer word: hoe meer eenhede geproduseer word, hoe hoër sal die totale veranderlike koste wees.

$$GKveranderlik = \frac{TKveranderlik}{H} = Rx,xx \text{ per eenheid}$$

T = Totaal vir alle eenhede

Vaste koste (TKvas en GKvas): dit is die deel van die totale koste wat onveranderd bly en nie wissel afhangende van die aantal goedere wat geproduseer word nie, byvoorbeeld huurgeld wat vir die fabriek betaal word. Die totale vaste koste bly konstant, ongeag of 1 of 10 000 eenhede geproduseer word.

$$GKvas = \frac{TKvas}{H} = Rx,xx \text{ per eenheid}$$

Totale koste (TK): die totale produksiekoste is gelyk aan totale vaste koste (TKvas) plus totale veranderlike koste (TKveranderlik).

$$TK = TKvas + TKveranderlik = Rx,xx$$

Gemiddelde koste per eenheid (GK): die koste per eenheid geproduseer word bereken as die totale produksiekoste (TK) gedeel deur die aantal eenhede geproduseer.

$$GK = \frac{TKvas}{H} + \frac{TKveranderlik}{H} = Rx,xx \text{ per eenheid}$$

$$GK = GKvas + GKveranderlik = Rx,xx \text{ per eenheid}$$

H per maand	TKveranderlik	GKveranderlik	TKvas	GKvas	TK	GK
(A)	(B)	(C) = (B) (A)	(D)	(E) = (D) (A)	(F) = (B) + (D)	(G) = (F) (A) of (C) + (E)
2 500	R10 000	R4	R60 000	R24	R70 000	R28
5 000	R20 000	R4	R60 000	R12	R80 000	R16
7 500	R30 000	R4	R60 000	R8	R90 000	R12
10 000	R40 000	R4	R60 000	R6	R100 000	R10


Produksiekoste: die somtotaal van die direkte materiaalkoste plus die direkte arbeidskoste plus die oorhoofse vervaardigingskoste.

Primêre (direkte) koste: die som van direkte materiaalkoste plus direkte arbeidskoste.

Koste van onvoltooide werk: dit sluit in direkte materiale, arbeid en oorhoofse koste van goedere wat reeds in die produksieproses is, maar die produk is nog nie voltooi nie.

Berekening van koste per eenheid (staan bekend as gemiddelde koste): Jy kan enige koste per eenheid bereken deur die totale koste deur die aantal eenhede te deel:

$$\begin{aligned} \text{direkte materiale per eenheid} &= \frac{\text{totale koste van direkte materiale}}{H} \\ &= Rx,xx \text{ per eenheid} \end{aligned}$$



Die gelykbreekpunt (GBP)

Die GBP dui aan hoeveel eenhede verkoop moet word om die totale vaste koste vir die jaar te dek. Indien die GBP bereik word, sal die onderneming nie 'n verlies ly nie. Dit is die punt waar die onderneming 'n wins sal begin maak.

Berekening van die gelykbreekpunt (GBP_h):

$$GBP_h = \frac{TKvas}{VP - GKveranderlik} = x \text{ eenhede}$$

Berekening van bydrae per eenheid: Bydrae per eenheid dui die bydrae aan van elke eenheid wat verkoop is om vir die vaste koste te betaal, of die verkoopprys minus gemiddelde veranderlike koste.

$$\text{Bydrae per eenheid} = VP - GKveranderlik = Rx$$

Kosterekeninge in die Algemene Grootboek

- 'n Vervaardigingsonderneming gebruik grondstowwe en verwerk dit tot voltooide produkte.
- Dit neem tyd om grondstowwe tot voltooide produkte te verwerk. Voorraad sal dus in drie verskillende stadiums van voltooiing wees. Die diagram toon die vloei van voorraad in vervaardiging:



Die Algemene Grootboek van 'n vervaardigingsonderneming bevat drie afdelings:

- Die Balansstaatrekeningeafdeling
- Die Nominalerekeningeafdeling
- Die kosterekeningeafdeling.

Vir praktiese doeleindes strek die finansiële jaar van 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN 'N VERVAARDIGINGSONDERNEMING

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

VOORRAAD GRONDSTOWWE							B	
2019 Jul.	01	Saldo <i>(Waarde van grondstowwe nie gebruik in vorige finansiële jaar)</i>	a/b		2020 Jun.	30	Krediteurekontrole <i>(Aankope teruggestuur)</i>	KA J
2020 Jun.	30	Bank <i>(Aankope en vervoerkoste vir kontant)</i>	KB J				Grondstowwe uitgerek <i>(Waarde van grondstowwe uitgerek aan fabriek vir gebruik in vervaardigingsproses, gewoonlik die sluitsyfer)</i>	AJ
		Krediteurekontrole <i>(Aankope en vervoerkoste op krediet)</i>	KJ				Saldo <i>(Waarde van grondstowwe wat nie in huidige finansiële jaar)</i>	a/b

						gebruik is nie)	
2020 Jul.	01	Saldo (Waarde van grondstowwe wat nie in huidige finansiële jaar gebruik is nie)	a/d				

VOORRAAD ONVOLTOOIDE WERK B

2019 Jul.	01	Saldo (Waarde van onvoltooide goedere op laaste dag van vorige finansiële jaar)	a/b		2020 Jun.	30	Voorraad voltooide goedere (Waarde van voltooide goedere gereed vir verkoop, gestuur van fabriek na winkel)	AJ
2020 Jun.	30	Direkte materiaal- (grondstof-) koste (Waarde van direkte materiaal gebruik vir die jaar)	AJ				Saldo (Waarde van onvoltooide goedere op laaste dag van huidige finansiële jaar)	a/b
		Direkte arbeidskoste (Waarde van direkte arbeid vir die jaar)	AJ					
		Fabrieksbokoste (Waarde van fabrieksbokoste vir die jaar)	AJ					
2020 Jul.	01	Saldo (Waarde van onvoltooide goedere op eerste dag van volgende finansiële jaar)	a/d					

VOORRAAD VOLTOOIDE GOEDERE B

2019 Jul.	01	Saldo (Waarde van voltooide goedere op laaste dag van vorige finansiële jaar)	a/b		2020 Jun.	30	Koste van verkoop (Waarde van voltooide goedere verkoop soos op die laaste dag van die huidige finansiële jaar)	AJ
2020 Jun.	30	Voorraad onvoltooide werk (Waarde van voltooide goedere gereed vir verkoop, gestuur van fabriek na winkel)	AJ				Saldo (Waarde van voltooide goedere gereed vir verkoop op laaste dag van huidige finansiële jaar)	a/b
Jul.	01	Saldo (Waarde van voltooide goedere gereed vir verkoop op laaste dag van huidige finansiële jaar)	a/b					

VERBRUIKSGOEDEREVOORRAAD (INDIREKTE MATERIAAL) B

2019 Jul.	01	Saldo (Waarde van verbruiksgoedere voorhande op laaste dag van vorige finansiële jaar)	a/b		2020 Jun.	30	Oorhoofse fabriekskoste (Dra waarde van verbruiksgoedere voorhande oor)	AJ
2019 Jul.	01	Oorhoofse fabriekskoste (Waarde van verbruiksgoedere voorhande op laaste dag van huidige finansiële jaar)	AJ					

NOMINALEREKENINGEAFDELING

VERKOPE

N

2020 Jun.	30	Debiteureafslag (Verkope teruggestuur)	DAJ		2019 Jul.	01	Saldo (Indien van toepassing)	a/b
		Handelsrekening (Sluitingsoordrag)	AJ		2020 Jun.	30	Bank (Kontantverkope vir huidige finansiële jaar)	KOJ
							Debiteurekontrole (Kredietverkope vir huidige finansiële jaar)	DJ

KOSTE VAN VERKOPE

N

2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Handelsrekening (<i>Sluitingsoordrag</i>)	AJ	
2020 Jun.	30	Voorraad voltooide goedere (<i>Waarde van voltooide goedere verkoop soos op laaste dag van huidige finansiële jaar</i>)	AJ						

GRONDSTOWWE UITGEREIK

N

2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Grondstofkoste (<i>Waarde van direkte materiaal gebruik in vervaardigingsproses</i>)	AJ	
2020 Jun.	30	Voorraad grondstowwe (<i>Waarde van direkte materiaal uitgereik aan fabriek vir gebruik in vervaardigingsproses</i>)	AJ						

BRUTO LONE EN SALARISSE

N

2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Direkte arbeidskoste (<i>Toedeling van koste van direkte arbeid wat in vervaardigingsproses gebruik is</i>)	AJ	
2020 Jun.	30	Bank (<i>Betalings</i>)	KBJ				Fabriekslone en salarisse (<i>Toedeling van koste van indirekte arbeid wat in vervaardigingsproses gebruik is</i>)	AJ	
							Administratiewe kostes (<i>Toedeling van koste deur administratiewe personeel gebruik</i>)	AJ	
							Verkoops- en verspreidingskostes (<i>Toedeling van koste van verkooparbeid wat in die verkoops- en bemarkingsproses gebruik is</i>)	AJ	

FABRIEKSLONE EN -SALARISSE

N

2020 Jun.	30	Bruto lone en salarisse (<i>Toedeling van koste van indirekte arbeid wat in vervaardigingsproses gebruik is</i>)	AJ		2020 Jun.	30	Oorhoofse fabriekskoste (<i>Toedeling van koste van indirekte arbeid gebruik in vervaardigingsproses</i>)	AJ	
--------------	----	---	----	--	--------------	----	--	----	--

ELEKTRISITEIT

N

2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Fabriekselektrisiteit (<i>Toedeling van elektrisiteit wat deur fabriek gebruik is in vervaardigingsproses</i>)	AJ	
2020 Jun.	30	Bank (<i>Betalings</i>)	KBJ				Administratiewe kostes (<i>Toedeling van elektrisiteit deur administratiewe personeel gebruik</i>)	AJ	
							Verkoops- en verspreidingskostes (<i>Toedeling van elektrisiteit deur verkoops- en bemarkingspersoneel gebruik</i>)	AJ	

FABRIEKSELEKTRISITEIT

N

2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Oorhoofse fabriekskoste (<i>Dra waarde oor van uitgawes deur</i>)	AJ	
--------------	----	--	-----	--	--------------	----	---	----	--

							<i>fabriek aangegaan)</i>	
2020	Jun.	30	Bank (Betalings)	KBJ				

HUURGELD

N

2019	Jul.	01	Saldo (Indien van toepassing)	a/b		2020	Jun.	30	Fabriekshuurgeld (Toedeling van huurgeld van fabriek)	AJ
2020	Jun.	30	Bank (Betalings)	KBJ					Administratiewe kostes (Toedeling van huurgeld van administratiewe kantoor)	AJ
									Verkoops- en verspreidingskostes (Toedeling van huurgeld van winkel)	AJ

FABRIEKSHUURGELD

N

2019	Jul.	01	Saldo (Indien van toepassing)	a/b		2020	Jun.	30	Oorhoofse fabriekskoste (Dra waarde oor van uitgawes wat deur fabriek aangegaan is)	AJ
2020	Jun.	30	Bank (Betalings)	KBJ						

WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING

N

2019	Jul.	01	Saldo (Indien van toepassing)	a/b		2020	Jun.	30	Waardevermindering op fabriekstoerusting (Toedeling van waardevermindering van toerusting gebruik deur fabriek)	AJ
2020	Jun.	30	Opgehoopde waardevermindering op toerusting (Jaareind-aansuiwing)	AJ					Administratiewe kostes waardevermindering op toerusting (Toedeling van waardevermindering van toerusting gebruik deur administratiewe kantoor)	AJ

WAARDEVERMINDERING OP FABRIEKSTOERUSTING

N

2019	Jul.	01	Saldo (Indien van toepassing)	a/b		2020	Jun.	30	Oorhoofse fabriekskoste (Dra waarde oor van uitgawes deur fabriek aangegaan)	AJ
2020	Jun.	30	Bank (Betalings)	KBJ						

KOSTEREKENINGEAFDELING

Grondstofkoste (DIREKTE MATERIAALKOSTE)

K

2019	Jul.	01	Saldo (Indien van toepassing)	a/b		2020	Jun.	30	Voorraad onvoltooide werk (Waarde van totale direkte materiale oorgedra na onvoltooide werk vir huidige finansiële jaar)	AJ
2020	Jun.	30	Grondstowwe uitgereik (Waarde van direkte materiale wat in die vervaardigingsproses gebruik is)	AJ					(In die werklike lewe kan daar meer as een tipe grondstof gebruik word. Ons tel dit dus alles by.)	

DIREKTE ARBEIDSKOSTES								K
2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Onvoltooide werk (<i>Waarde van totale direkte materiale oorgedra na onvoltooide werk vir huidige finansiële jaar</i>)	AJ
2020 Jun.	30	Bruto lone en salarisse (<i>Koste van direkte arbeid gebruik in vervaardigingsproses</i>)	AJ					
OORHOOFSE FABRIEKSKOSTE								K
2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Onvoltooide werk (<i>Waarde van totale indirekte kostes oorgedra na onvoltooide werk vir huidige finansiële jaar</i>)	AJ
2020 Jun.	30	Fabriekslone (<i>Indirekte arbeidskoste vir fabrieke</i>)	AJ					
		Fabriekselektrisiteit (<i>Elektrisiteit vir fabrieke</i>)	AJ					
		Fabriekshuurgeld (<i>Huur van fabrieke</i>)	AJ					
		Waardevermindering op fabriekstoerusting (<i>Koste van waardevermindering gebruik in vervaardigingsproses</i>)	AJ					
ADMINISTRATIEWE KOSTES								K
2019 Jul.	01	Saldo <i>Indien van toepassing</i>	a/b		2020 Jun.	30	Wins en verlies (<i>Sluitingsoordrag</i>)	AJ
2020 Jun.	30	Administratiewe lone (<i>Gebruik deur administratiewe kantoor</i>)	AJ					
		Elektrisiteit vir administrasie (<i>Elektrisiteit gebruik deur administratiewe kantoor</i>)	AJ					
		Administratiewe huurgeld (<i>Huurgeld gebruik deur administratiewe kantoor</i>)	AJ					
		Waardevermindering op administratiewe toerusting (<i>Koste van waardevermindering gebruik deur die administratiewe kantoor</i>)	AJ					
VERKOOPS- EN VERSPREIDINGSKOSTES								K
2019 Jul.	01	Saldo (<i>Indien van toepassing</i>)	a/b		2020 Jun.	30	Wins en verlies (<i>Sluitingsoordrag</i>)	AJ
2020 Jun.	30	Verkoops- en verspreidingslone (<i>Koste van arbeid gebruik in verkoops- en verspreidingskantoor</i>)	AJ					
		Verkoops- en verspreidingselektrisiteit (<i>Elektrisiteit gebruik deur verkoops- en verspreidingskantoor</i>)	AJ					
		Verkoops- en verspreidingshuurgeld (<i>Huurgeld gebruik deur verkoops- en</i>	AJ					

	verspreidingskantoor) Waardevermindering op verkoops- en verspreidingstoerusting <i>(Koste van waardevermindering gebruik in verkoops- en verspreidingskantoor)</i>	AJ							
--	--	----	--	--	--	--	--	--	--

Finansiële state van 'n vervaardigingsonderneming

Produksiekostestaat: 'n staat wat die koste bereken van die produksie van voltooide goedere.

Inkomstestaat: 'n staat wat die netto wins vir die jaar bereken.

Aantekeninge by die finansiële state: die aantekeninge by die produksiekostestaat en inkomstestaat gee bykomende inligting oor die kosterekeninge.

Voorbeeld van die state wat vir 'n vervaardigingsonderneming opgestel word

NAAM VAN ONDERNEMING: Exemplia Vervaardigers		
PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2020		
	Aantekeninge	R
Direkte materiaalkoste	1	xx xxx
Direkte arbeidskoste	2	xx xxx
Primêre (direkte) koste		xx xxx
Fabrieksbokoste koste	3	xx xxx
Totale produksiekoste		xx xxx
Onvoltooide werk aan die begin van die jaar		xx xxx
		xx xxx
Minus: Onvoltooide werk aan die einde van die jaar		(xx xxx)
Koste van produksie van voltooide goedere		xx xxx

NAAM VAN ONDERNEMING: Exemplia Vervaardigers		
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2020		
	Aantekeninge	R
Verkope		xx xxx
Minus: koste van verkope		(xx xxx)
Bruto wins		xx xxx
Verkoops- en verspreidingskoste	4	xx xxx
Administratiewe koste	5	xx xxx
Netto wins		xx xxx

NAAM VAN ONDERNEMING: Exemplia Vervaardigers		
AANTEKENINGE BY DIE FINANSIELLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2020		
1	DIREKTE MATERIAALKOSTE (GRONDSTOFKOSTE)	R

Saldo aan begin van jaar		xx xxx
Aankope		xx xxx
Vervoerkoste en ander kostes op aankope		xx xxx
		xx xxx
Minus: Saldo aan einde van jaar		(xx xxx)
		xx xxx

2	DIREKTE ARBEIDSKOSTE	R
Direkte lone (en salarisse)		xx xxx
Pensioen-, mediese en WFV-voordele		xx xxx
		xx xxx

3	FABRIEKSBOKSTE KOSTE	R
Indirekte materiale		xx xxx
Indirekte lone		xx xxx
Pensioen-, mediese en WFV-voordele		xx xxx
Fabriekshuurgeld		xx xxx
Fabriekselektrisiteit		xx xxx
Waardevermindering op fabriekstoerusting		xx xxx
(Enige ander indirekte kostes wat gespesifiseer word)		xx xxx
		xx xxx

4	VERKOOPS- EN VERSPREIDINGSKOSTE	R
Lone		xx xxx
Pensioen-, mediese en WFV-voordele		xx xxx
Kommissie op verkope		xx xxx
Elektrisiteit		xx xxx
Huuruitgawe		xx xxx
Waardevermindering op toerusting		xx xxx
Reklame		xx xxx
Oninbare skuld		xx xxx
Skryfbehoeftes		xx xxx
(Enige ander verkoops- en verspreidingskostes wat gespesifiseer word)		xx xxx
		xx xxx

5	ADMINISTRATIEWE KOSTE	R
Kantoorsalarisse/lone		xx xxx
Pensioen-, mediese en WFV-voordele		xx xxx
Elektrisiteit		xx xxx
Huuruitgawe		xx xxx
Waardevermindering op toerusting		xx xxx
Skryfbehoeftes		xx xxx
(Enige ander administratiewe kostes wat gespesifiseer word)		xx xxx
		xx xxx

Etiese kwessies met betrekking tot 'n vervaardigingsonderneming

Die volgende etiese kwessies het betrekking op 'n vervaardigingsonderneming:

- Produkgehalte ('n mens kan spaar op kospryse indien jy goedkoper grondstowwe van minderwaardige gehalte gebruik).
- Produkouderdom ("verkoop teen"-datums, vervaardigingsdatums, die gebruik van grondstowwe wat verby hierdie datums is).
- Grondstowwe (volhoubare gebruik).
- Steun vir plaaslike produkte (gebruik van goedkoop ingevoerde produkte eerder as plaaslik geproduseerde grondstowwe).
- Prysvasstelling (waar mededingers saam besluit om prysse op sekere vlakke vas te stel of te verhoog).
- Diefstal (prosesse om diefstal deur werkers te voorkom).
- Bedrog (beheerprosesse om bedrog te voorkom wanneer kontrakte met verskaffers aangegaan word).

Interne oudit- en beheerprosesse met betrekking tot 'n vervaardigingsonderneming

Die bestuur moet verseker dat:

- Bestellings vir direkte en indirekte materiale slegs deur die aankoopafdeling gedoen word.
- Bestellings aan verskaffers, fakture ontvang en afleveringsnotas vir ontvangs van direkte en indirekte materiale deur die stooffasiliteit nagegaan word vir hoeveelhede, prysse en tekorte (agterstallige bestellings).
- Direkte en indirekte materiale slegs na die fabriek oorgeplaas word wanneer 'n rekvisisie ontvang en goedgekeur is.
- Rekords (brondokumente) in 'n sistematiese orde gehou word (numeries/alfabeties) sodat beheer uitgeoefen kan word en bedrog/diefstal nagespeur kan word.
- Rekord gehou word van alle voltooide goedere wat oorgeplaas word tussen die fabriek en die verkoops- en verspreidingsafdeling.
- Opeenvolgende stappe in die vloei van materiale gedelegeer word sodat verskillende mense verantwoordelik is vir die ontvangs en uitreiking van voorraad.
- Sekuriteitsmaatreëls van toepassing by die ingang/uitgang van die fabriek en ander persele.

Die opstel van 'n begroting

Kontantbegroting: Dit is 'n projeksie van geraamde bedrae wat binne 'n sekere tydperk ontvang en betaal is. Dit is 'n instrument om te gebruik in bestuur en interne beheer. Die doel van 'n begroting is om:

- te verseker dat die onderneming binne hul finansiële perke bly
- die onderneming te help om risiko's te identifiseer
- die onderneming te help om befondsing te vind indien nodig.

Geprojekteerde Inkomstestaat: Die opstel van 'n geprojekteerde Inkomstestaat help 'n onderneming om te besluit of hulle hul werkzaamhede kan voorsit met hul geprojekteerde inkomste en uitgawes. Dit word gebruik om toekomstige inkomste en uitgawes te projekteer. 'n

Inkomstestaat is die resultaat van werkzaamhede gedurende die afgelope finansiële jaar. Die tabel verteenwoordig moontlike ontvangste en betalings in 'n kontantbegroting:

Ontvangste	Betalings
Kontantverkope	Kontantaankope
Debiteure-invordering	Betalings aan krediteure
Rente ontvang op belegging of bankrekeninge	Bedryfsuitgawes wat maandeliks betaal word
Verkoop van bates vir kontant	Terugbetaling van lenings
Belegging wat uitkeerbaar raak	Kontantaankoop van vaste bates
Huurinkomste	Beleggings
Oninbare skuld verhaal (in kontant)	Geld onttrek deur eienaar

Items wat nie op 'n kontantbegroting sal verskyn nie aangesien dit niekontant-items is:

Waardevermindering	Oninbare skuld
Afslag toegestaan	Afslag ontvang
Oninbare skuld	Handelsvoorraad* onttrek deur eienaar vir persoonlike gebruik

* Indien die eienaar elke maand voorraad vir persoonlike gebruik neem, moet dit vervang word en sal dus ingesluit wees in aankope.

Oefening 3.4

Jy ontvang die Kontantbegroting en die Geprojekteerde Inkomstestaat van Top Tuine. Die onderneming verkoop plante, tuintoerusting en tuinmeubels, en lewer ook tuindienste.

NAAM VAN ONDERNEMING: Top Tuine		
KONTANTBEGROTING VIR DIE TWEE MAANDE GEËINDIG OP 30 APRIL 2.11		
	Maart 2.11	April 2.11
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	63 600	52 200
Invorderings van debiteure	36 880	35 610
Inkomste uit fooie	30 000	30 000
Rente op vaste deposito (10% p.j.)	700	700
Vaste deposito	0	84 000
Rente ontvang op lopende rekening	106	280
Toerusting verkoop	0	9 500
TOTALE ONTVANGSTE	131 286	212 290
BETALINGS		
Kontantaankope van voorraad	39 750	32 625
Betalings aan krediteure	22 088	25 175
Salarisse en lone	10 000	10 800
Materiaalkoste	3 000	3 000
Verbruiksgoedere	200	200

Rente op lening (15% p.j.)	625	625
Betaling van lening	0	50 000
Diverse uitgawes	3 400	3 400
TOTALE BETALINGS	79 063	125 825
KONTANTSURPLUS/TEKORT	52 223	86 465
SALDO AAN BEGIN VAN MAAND	31 800	84 023
KONTANT VOORHANDE AAN EINDE VAN MAAND	84 023	170 488

Inligting oor debiteure en krediteure

- 1 60% van totale verkope is kontantverkope.
- 2 Tendense in die verlede dui aan dat debiteure soos volg betaal:
 - 50% betaal in die maand van die verkoop en ontvang 5% afslag
 - 45% betaal in die volgende maand
 - 5% word afgeskryf in die tweede maand na die verkoop.
- 3 Die onderneming ontvang kontant vir alle dienste gelewer.
- 4 60% van totale aankope is kontantaankope.
- 5 Die onderneming voldoen aan die volgende voorwaardes vir die betaal van krediteure: Alle krediteure word betaal in die maand na aankoop om 'n 5% afslag te ontvang.

NAAM VAN ONDERNEMING: Top Tuine		
	Maart 2.11	April 2.11
Verkope	106 000	87 000
Minus: koste van verkope	(66 250)	(54 375)
Bruto wins	39 750	32 625
Inkomste uit dienste gelewer	30 000	30 000
Tel by: ander bedryfsinkomste	1 162	2 025
Afslag ontvang	1 162	1 325
Wins op verkoop van bates	0	700
Bruto bedryfsinkomste	70 912	64 650
Minus: Bedryfsuitgawes	(25 487)	(25 337)
Salarisse en lone	10 000	10 800
Handelsvoorraadtekort	660	540
Materiaalkoste	3 000	3 000
Oninbare skuld	1 700	1 860
Verbruiksgoedere	200	200
Diverse uitgawes	3 400	3 400
Afslag toegestaan	1 060	870
Waardevermindering (Toerusting)	2 467	1 667
Waardevermindering (Voertuig)	3 000	3 000
Bedryfswins	45 425	39 313
Tel by: Rente-inkomste	806	980
Wins voor rente-uitgawe	46 231	40 293
Minus: Rente-uitgawe	(625)	(625)
Netto wins	45 606	39 668

Instruksies

- 1 Bereken die drawaarde van die toerusting wat in April 2.11 verkoop is.

- 2 Is die toerusting op 1 April 2.11 of 30 April 2.11 verkoop? Gee 'n rede vir jou antwoord.

- 3 Waardevermindering word afgeskryf teen 20% p.j. op kosprys van toerusting. Bereken die kosprys van die toerusting wat verkoop is.

- 4 Die totale verkoopsbedrag vir Januarie 2.11 is R85 000. Doen 'n berekening om hierdie bedrag te bevestig.

- 5 Het die onderneming 'n beleid om handelsvoorraad te handhaaf teen 'n vaste voorraadbasis (hulle vervang net dit wat hulle verkoop)? Staaf jou antwoord met 'n berekening.

- 6 Gee 'n kort verduideliking vir die positiewe verskil in die surplus tussen Maart en April.

- 7 Verduidelik die verskil tussen die surplus op die Kontantbegroting en die Netto wins op die Geprojekteerde Inkomstestaat.

- 8 Noem drie items wat nooit op 'n Kontantbegroting verskyn nie en verduidelik waarom dit nie op 'n Kontantbegroting verskyn nie.

9 Bereken die jaarlikse persentasie rente wat op die lopende rekening verdien word.

10 Verduidelik waarom die betaling van die lening nie op die Geprojekteerde Inkomstestaat verskyn nie, maar die Rente op lening (Rente-uitgawe) wel op die Geprojekteerde Inkomstestaat verskyn.

11 Noem twee moontlike bronne vir die geld wat gebruik word om die lening terug te betaal.

12 Wat is die hoofrede vir die afname in die netto wins oor die twee maande?

13 Watter persentasie winsmarge gebruik die onderneming?

Oefening 3.5

Kenosi Lenyalo, die eienaar van Lenyalo Stores, gee vir jou die volgende kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Augustus 20.7. Hy het 'n vriend gevra om die begroting op te stel, maar hy verstaan nie werklik die begroting nie.

NAAM VAN ONDERNEMING: Lenyalo Winkels

DEBITEURE-INVORDERING SKEDULE				
Maand	Kredietverkope	Invorderings: Junie	Invorderings: Julie	Invorderings: Augustus
April	70 000	10 500		
Mei	56 000	28 000	8 400	
Junie	70 000	19 950	35 000	10 500
Julie	84 000		23 940	42 000
Augustus	77 000			21 945
		58 450	67 340	74 445

NAAM VAN ONDERNEMING: Lenyalo Winkels				
KREDITEUREBETALINGSKEDULE				
Maand	Kreditaankope	Junie	Julie	Augustus
Mei	32 000	30 400		
Junie	40 000		38 000	
Julie	72 000			68 400
Augustus	56 000			—
		30 400	38 000	68 400

NAAM VAN ONDERNEMING: Lenyalo Winkels				
KONTANTBEGROTING VIR DIE TYDPERK 1 JUNIE TOT 31 AUGUSTUS 20.7				
		Junie	Julie	Augustus
ONTVANGSTE				
Kontantverkope		30 000	36 000	33 000
Invorderings van debiteure		58 450	67 340	74 445
Lening		180 000		
Voertuig verkoop			10 000	
TOTALE ONTVANGSTE		268 450	113 340	107 445
BETALINGS				
Kontantaankope van voorraad		10 000	18 000	14 000
Betalings aan krediteure		30 400	38 000	64 400
Deposito op nuwe voertuig			15 000	
Betaling op voertuig				6 750
Salarisse en lone		25 000	25 000	26 750
Onttrekkings		20 000	20 000	20 000
Huuruitgawe		12 000	12 000	12 000
Bedryfsuitgawes		3 200	3 200	3 200
Rente op lening			1 650	1 650
TOTALE BETALINGS		100 600	132 850	148 750
KONTANTSURPLUS/TEKORT		167 850	(19 510)	(41 305)
SALDO AAN BEGIN VAN MAAND		13 500	181 350	161 840
KONTANT VOORHANDE AAN EINDE VAN MAAND		181 350	161 840	120 535

Instruksies

Beantwoord die vrae. Staat jou antwoorde met berekeninge waar nodig.

- 1 Wat is 'n kontantbegroting en waarom is dit belangrik vir 'n onderneming om 'n kontantbegroting te hê?

- 2 Wat is die verskil tussen kontantverkope en kontant ontvang van debiteure in die kontantbegroting?

- 3 Bereken die totale verkope vir Augustus 20.7.

- 4 Ontvang die onderneming afslag van verskaffers? Indien wel, watter persentasie afslag ontvang hulle?

- 5 Lenyalo Winkels staan afslag toe aan klante vir stipte betaling. Hulle skryf ook 5% as onverhaalbaar af in die derde maand ná die verkope. Bereken die invorderingsbeleid wat van toepassing is op Lenyalo Winkels.

- 6 Sal die ou voertuig verkoop word vir kontant, op krediet, of ingeruil word? Gee 'n rede vir jou antwoord.

- 7 Die onderneming sal 'n nuwe voertuig aankoop op 1 Julie 20.7. Volgens die ooreenkoms moet die onderneming 'n deposito betaal en 20 gelyke betalings daarna. Bereken die kosprys van die voertuig.

- 8 Die bank staan 'n lening toe aan Lenyalo Winkels. Die geld sal op 1 Junie 20.7 ontvang word. Die onderneming moet 'n vaste bedrag van R18 000 elke ses maande betaal, asook 'n maandelikse rentebetaling teen 'n vaste persentasie. Bereken die persentasie rente per annum.

- 9 Verduidelik aan Kenosi Lenyalo die verskil tussen 'n surplus en 'n tekort.

Algemene hersiening en wenke vir Rekeningkunde

Eksamwenke

Dit is maklik om uitstekende resultate in Rekeningkunde te behaal indien jy een reël nakom: oefen en nogmaals oefen! Jy kan nooit sê: ‘Ek verstaan Rekeningkunde, ek hoef nie vir die eksamen te leer nie.’ Rekeningkunde handel oor die aanbieding van finansiële inligting. Jy moet die begrippe, basiese beginsels en formate ken om dit op die gegewe inligting te kan toepas. Voorbereiding vir die Rekeningkunde-eksamen neem tyd – begin nou! Jou ‘inset’ sal vir jou ’n ‘uitset’ oplewer in die vorm van punte.

Voorbereiding vir die eksamen

- 1 Lees jou handboek. Indien jy probleme ondervind met ’n sekere begrip, slaan dit na in die handboek. As jy nog steeds onseker is, raadpleeg ander handboeke of gebruik die Internet.
- 2 Jy moet enige begrip wat in Rekeningkunde gebruik word, kan verduidelik. Kan jy vrae soos die volgende beantwoord:
 - Wat is waardevermindering?
 - Wat is ’n verdelingsrekening?
 - Wat beteken ‘beperkte aanspreeklikheid’?
- 3 Leer ken die formate van die basiese rekeninge: Debiteurekontrole, Handelsvoorraad (in deurlopende voorraadstelsel), Opgehopte waardevermindering, Verdelingsrekening, SAID: Inkomstebelasting en so meer. Jy moet ook kan verduidelik waarom die rekening gedebiteer of gekrediteer moet word in ’n bepaalde transaksie of aansuiwering.
- 4 Leer ken die formate van state soos die bankrekonsiliaiestaat, produksiekostestaat. In sommige vrae sal jy gevra word om ’n sekere deel van ’n staat op te stel. Jy moet weet waar pas dit in die Rekeningkundige rekords in en waarom dit opgestel moet word.
- 5 Maak seker dat jy al die formules ken. Jy moet die formule kan toepas, en ook die formule kan gebruik om ontbrekende inligting te vind. Voorbeeld: om die Verdienste per aandeel (VPA) te bereken, verdeel die netto wins ná belasting deur die aantal aandele uitgereik. Indien die VPA asook die aantal aandele uitgereik gegee word, kan jy die netto wins ná belasting bereken.
- 6 Werk deur so veel eksamenvraestelle as moontlik. Hou binne die tyd wat aangegee word vir elke vraag. Dit is belangrik om jou berekeninge tussen hakies te toon selfs wanneer jy studeer. Voltooи die vraag voor jy die nasienriglyne gebruik (dit word in jou handboek aangegee). Indien jy nie te goed gevaaг het in die vraag nie, gebruik die nasienriglyne om vas te stel waar jy verkeerd gegaan het en doen dan weer die vraag.
- 7 Namate jy deur die eksamenvraestelle werk, sal jy bepaalde teoretiese vrae teekom. Maak jou eie opsomming oor sekere onderwerpe deur hierdie vrae te gebruik. Jy sal vind dat sommige vrae nogal dikwels herhaal word.
- 8 Namate jy deur verskillende eksamenvraestelle werk, sal jy ooreenkoms bemerk in die uitleg van die vraestelle. Dit sal jou help om meer selfvertroue te hê wanneer jy jou eindeksamen skryf, omdat die vraestel vir jou bekend sal lyk.

Beantwoording van 'n Rekeningkunde-vraestel

- 1 Die meeste eksamenvraestelle word opgestel met die veronderstelling dat jy sal begin met vraag 1 en deur die vraestel sal werk tot by die laaste vraag. Ons beveel aan dat jy dit so doen.
- 2 Tyd kan 'n probleem wees in Rekeningkunde-vraestelle. Jy moet jou werk so goed ken dat jy nie tyd nodig het om te dink nie. Dit is egter ook belangrik om noukeurig te lees. Dit is te laat om paniekerig te raak wanneer jy die vrae begin lees. Haal diep asem en beantwoord die vraestel na die beste van jou vermoë. Onthou dat jou 'inset' jou sal help om die regte 'uitset' te bereik.
- 3 Begin elk vraag deur die gegewe inligting te vluglees. Lees nou die vrae ('Gevra' of 'Instruksies'). Dit is 'n goeie idee om sleutelpunte (woorde of frase) met 'n verligpen te merk. Soek byvoorbeeld die woorde *Bateverkoop* in 'Stel die Bateverkoop-rekening op'. Verlig die woorde *gelykbreek*, *kommentaar*, *tevrede* en *verduidelik* in 'n vraag soos: 'Bereken die gelykbreekpunt en lewer kommentaar daarop. Behoort Betta Bins tevrede te wees met die huidige produksie van 12 000 eenhede? Verduidelik.'
- 4 Indien jy nie die inligting en die instruksies vir elk vraag noukeurig lees nie, spring jy dalk te vinnig weg en doen onnodige berekeninge, wat jou tyd kan mors.
- 5 Indien jy iets moet bereken, moet jy duidelik aandui watter bedrag is jou werklike beantwoord. Toon jou berekeninge tussen hakies om deelpunte te verdien. Gee altyd 'n rede vir 'n 'ja'- of 'nee'-antwoord (motiveer).
- 6 Verwys na aanwysers, bedrae of syfers in jou kommentare, byvoorbeeld, 'Die vuurproefverhouding het verbeter van 0,8:1 in 2013 tot 1,2:1 in 2014.'

ONDERWERP		WAT JY MOET WEET
Rekonsiliasie	Bank	Wat om aan te teken in die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal, Bankrekening, Bankrekonsiliastaat, Ontleding, Kontantbeheermaatreëls, Doel van rekonsiliasie
	Debiteure	Debiteurekontrolerekening, Debituregrootboek en Debiturelyls/Skedule, Korrigeer Debiturekontrolerekening en Debiturelyls Debiture-ouderdomsontleding, Beheermaatreëls
	Krediteure	Krediteurekontrolerekening, Krediteuregrootboek en Krediteurelyls/Skedule Korrigeer Krediteurekontrolerekening en Krediteurelyls Krediteurerekonsiliastaat, Beheermaatreëls
Voorraad	Aantekening van stelsels	Deurlopende voorraadstelsel: Handelsvoorraadrekening, Handelsrekening/staat Periodiese voorraadstelsel: Aankoperekening, Berekening van koste van verkope, Handelsrekening/staat Doel, voordele en nadadele van elke stelsel
	Waardasiestelsel	EIEU-metode: Doel, voordele en nadadele Geweegde-gemiddelde-metode: Doel, voordele en nadadele Berekening van koste van verkope, waarde van voorraad voorhande en bruto wins onder elke stelsel
Vervaardiging	Begrippe	Direkte (Primère) koste, Fabrieksbokoste, Produksiekoste, Administratiewe koste, Verkoops- en verspreidingskoste, Vaste

		Koste, Veranderlike koste, Gelykbreekpunt, Beheermaatreëls en advies oor hoe om produktiwiteit te verhoog
	Rekening en state	Grondstowwe, Onvoltooide werk, Voltooide goedere, Handelsrekening, Wins-en-verlies-rekening Produksiekostestaat (aantekeninge), Handels- + wins/verlies-staat
	Berekening	Grondstowwe uitgerek, Indirekte materiale gebruik, Fabrieksbokoste, Administratiewe koste, Verkoops- en verspreidingskoste, koste van verkope, Bruto wins en Netto wins
Vaste bates	Begrippe	Waardevermindering, Drawaarde, Bateregister (ook doel). Beheermaatreëls Die vergelyking van verskillende bates en die gee van advies
	Berekening	Waardevermindering, persentasie gebruik, datum waarop verkoop of aangekoop
	Rekening en aantekeninge	Opgehopte waardevermindering op voertuie of toerusting, Bateverkoop, Waardevermindering. Vastebate-aantekening by Balansstaat
Begroting	Begrippe	Doel, beheermaatreëls
	Kontantbegroting	Ontleding en interpretasie Debiteure-invorderingskedule, Krediteurebetalingskedule.
	Geprojekteerde inkomstestaat	Ontleding en interpretasie Verskil tussen surplus, tekort en wins, verlies.
BTW	Begrippe	Inset-BTW, Uitset-BTW, wie moet regstreer, koers
	Berekening	Inklusief of eksklusief
	Rekening	Inset-BTW, Uitset-BTW, BTW-kontrole
Maatskappye	Begrippe	Regsentiteit, Beperkte aanspreeklikheid, gemagtigde en uitgereikte aandele, ens.
	Rekening	SAID: Inkomstebelasting, Dividende op gewone aandele, Verdelingsrekening
	Aansuiwerings	Joernaalinskrywing, Algemene grootboekrekeninge, Finale rekening
	State	Inkomstestaat, Balansstaat met aantekeninge Kontantvloeistaat met aantekeninge
	Ontleding	Formules en doel van elk Kommentare op resultate.
	Jaarlikse verslag	Kommentaar op direkteur se verslag Pligte van maatskappysekretaris Kommentaar op en verduideliking van ouditeursverslag Verskil tussen interne ouditeur en onafhanklike ouditeur
Ander aspects	Rekeningkundige vergelyking	Vir inskrywings aangaande al die bogenoemde onderwerpe (ook rekening om te debiteer of krediteer)
	Etiek	Gedragkode, SAIGR, SAIPA, IRBA, King III-verslag
	Oudit	Prosedures (Intern en ekstern)
	Beginsels	AARP, IFVS, Rekeningkundige standarde

Die Rekeningkundige vergelyking en die Rekeningkundige siklus

Die basiese elemente van die Rekeningkundige vergelyking is:

$$E = B - L$$

Ekwiteit = Bates – Laste

Dus: Bates = Ekwiteit + Laste en Laste = Bates – Ekwiteit.

Bate (B): 'n bron van skaars hulpbronne met 'n fisieke vorm. 'n Tasbare bate is een wat 'n mens kan aanraak, byvoorbeeld eiendom, aanleg en toerusting. 'n Nietasbare bate (soos 'n patent en kopiereg) is iets wat die onderneming besit as gevolg van 'n transaksie wat in die verlede plaasgevind het en moontlik toekomstige ekonomiese voordeel kan bring. Bates kan:

- gebruik word in die produksie van goedere of dienste wat deur die onderneming verkoop kan word
- geruil word vir ander bates
- gebruik word om 'n las te vereffen
- verdeel word aan die eienaars van die onderneming.

Las (L): 'n huidige verpligting is 'n verantwoordelikheid of plig om op 'n sekere wyse op te tree as gevolg van 'n transaksie wat in die verlede plaasgevind het en moontlik toekomstige ekonomiese voordeel uit die onderneming kan laat uitvloei. Laste kan vereffen word deur:

- die betaling van kontant
- oordrag van ander bates
- lewering van dienste
- vervanging van een verpligting met 'n ander
- omskepping van die verpligting tot ekwiteit.

Ekwiteit (E): die oorblywende belang in die bates van die onderneming nadat al die laste afgetrek is, bekend as die belang van die eienaar(s) van die onderneming.

Die reël van die Rekeningkundige vergelyking:

E		=	B		-	L	
Debiet	Krediet		Debiet	Krediet		Debiet	Krediet
-	+		+	-		-	+

Die dubbelinskrywingsbeginsel

In Rekeningkunde gebruik ons die dubbelinskrywingsbeginsel: inskrywing aan die debietkant van

rekeninge moet gelyk wees aan die inskrywing aan die kredietkant van rekeninge. So sal die rekeningkundige vergelyking altyd balanseer.

Indien die eienaar kapitaal bydra tot die onderneming, neem die kapitaal toe ($E+ \rightarrow$ kredietinskrywing) en bank neem toe ($A+ \rightarrow$ debietinskrywing).

- Indien Ekwiteit afneem, word die rekening gedebiteer. Indien Ekwiteit toeneem, word die rekening gekrediteer.
- Indien Bates toeneem, word die rekening gedebiteer. Indien Bates afneem, word die rekening gekrediteer.
- Indien Laste afneem, word die rekening gedebiteer. Indien Laste toeneem, word die rekening gekrediteer.

Elemente van die rekeningkundige vergelyking: Bates

Bates word in drie groepe verdeel.

- **Bedryfsbates** sluit in handelsvoorraad, debiteure en ander rekeninge ontvangbaar, asook kontant en kontantekwivalente. 'n Bate word as 'n bedryfsbate geklassifiseer wanneer dit aan een of meer van die volgende voorwaardes voldoen:
 - die bate sal in die finansiële jaar gerealiseer word of is bedoel vir verkoop binne daardie tyd
 - die bate word hoofsaaklik gehou om te verhandel
 - die bate is kontant of 'n kontantekwivalent.
- **Niebedryfsbates** sluit in grond en geboue, voertuie en toerusting. 'n Bate sal geklassifiseer word as 'n niebedryfs- of vaste bate wanneer dit nie aan enige van die kriteria van 'n bedryfsbate voldoen nie.
- **Finansiële bates** sluit in vaste deposito's met 'n uitkeerdatum van meer as twaalf maande.

Mense maak soms die fout om na bedryfsbates te verwys as korttermynbates en na niebedryfsbates as langtermynbates. Daar word aanvaar dat korttermynbates binne twaalf maande gebruik of verkoop sal word en dat langtermynbates vir langer as twaalf maande gebruik sal word.

Elemente van die rekeningkundige vergelyking: Laste

Laste word in twee groepe verdeel.

- **Bedryfslaste** sluit in krediteure en ander betaalbare rekeninge, bankoortrekking en korttermynlenings. 'n Las word geklassifiseer as 'n bedryfslas wanneer dit aan een of meer van die volgende voorwaardes voldoen:
 - die las is bedoel om binne die finansiële jaar vereffen te word
 - die las word hoofsaaklik gehou om te verhandel.
- **Niebedryfslaste** sluit in verbandlenings op eiendom. 'n Las word geklassifiseer as 'n niebedryfsbate wanneer dit nie aan enige van die kriteria van 'n bedryfslas voldoen nie.

Mense maak soms die fout om na bedryfslaste te verwys as korttermynlaste en na niebedryfslaste as langtermynlaste. Daar word aanvaar dat korttermynlaste binne twaalf maande vereffen sal word en dat langtermynlaste ná twaalf maande vereffen sal word.

Elemente van die rekeningkundige vergelyking: Ekwiteit

Ekwiteit word verdeel in drie groepe:

- **Eienaarsekwiteit** is die belang van die eienaars in die onderneming. Die eienaarsekwiteit bestaan uit die kapitaalbydraes deur die eienaars, onttrekkings en ander reserwes (d.w.s. die behoue inkomste van 'n maatskappy).
- **Inkomste** is 'n toename in ekonomiese voordele gedurende die rekeningkundige tydperk in die vorm van 'n toename in bates of 'n afname in laste wat lei tot 'n toename in ekwiteit (uitsluitende 'n bydrae van eienaars).
- **Uitgawes** is 'n afname in ekonomiese voordele gedurende die rekeningkundige tydperk in die vorm van 'n afname in bates of 'n toename in laste wat lei tot 'n toename in ekwiteit (uitsluitende verdelings aan eienaars).

Die klassifisering van rekeninge

Eienaarsekwiteit	Alleenhandelaar of eienaar	Kapitaal Onttrekkings
	Venootskap	Kapitaal A en Kapitaal B Onttrekkings A en Onttrekkings B Private rekening A en Private rekening B
	Maatskappye	Gewone aandelekapitaal Behoue inkomste
Inkomste	Alle ondernemings	Verkope Huidige inkomste Rente op lopende rekening Rente op vaste deposito Rente-inkomste Oninbare skuld verhaal 'Voorsiening vir oninbare skuld'-aansuiwing (afname) Wins uit verkoop van niebedryfsbates
Besteding	Alle ondernemings	Koste van verkope Reklame Bankkoste Verbruiksgoedere Handelslisensie Skryfbehoeftes Herstelwerk Lone Salarisse Telefoon Water en elektrisiteit Verpakking Versekerig Brandstof Rente betaal Huurrugawe 'Voorsiening vir oninbare skuld'-aansuiwing (toename) Verlies met verkoop van niebedryfsbates

	Maatskappye	Direkteursgelde Ouditeursfooie
Niebedryfsbates	Alle ondernemings	Grond en geboue Voertuie Toerusting
Finansiële bates	Alle ondernemings	Vaste deposito: XXX Bank (meer as 12 maande)
Bedryfsbates	Alle ondernemings	Debiteurekontrole Handelsvoorraad Verbruiksgoedere voorhande Bank Sparrekening Kleinkas Kaskontant Vaste deposito: XXX Bank (indien binne 12 maande uitkeerbaar) Opgelope inkomste Vooruitbetaalde uitgawes Verbruikerdeposito's SAID:LBS SAID: BTW
	Maatskappye	SAID: Inkomstebelasting
Niebedryfslaste	Alle ondernemings	Verbandlening: XXX Bank
Bedryfslaste	Alle ondernemings	Krediteurekontrole Opgelope uitgawes Inkomste vooruit ontvang Krediteure vir lone SAID: LBS SAID: BTW Krediteure vir lone Krediteure vir salaris Krediteure vir mediese fonds Krediteure vir WVF Bankoortrekking Korttermynlenings
	Maatskappye	SAID: Inkomstebelasting

Die ontleding van transaksies met die rekeningkundige vergelyking

Ons gebruik die volgende vier stappe om te bepaal watter rekening om te debiteer en watter rekening om te krediteer:

Stap 1 Identifiseer die name van die twee rekeninge

Stap 2 Klassifiseer die twee rekeninge as *E*, *B* of *L*.

Stap 3 Identifiseer wat met elke element van die rekeningkundige vergelyking gebeur. Toename of afname?

Stap 4 Gebruik die rekeningkundige vergelyking om te bepaal watter rekening om te debiteer en watter rekening om te krediteer.

Transaksie: die eienaar dra R10 000 by as kapitaal

Stap 1	Kapitaal en Bank	
Stap 2	Kapitaal → Ekwiteit	Bank → Bate
Stap 3	Kapitaal → Ekwiteit → Neem toe	Bank → Bate → Neem toe
Stap 4	Kapitaal → Ekwiteit → Neem toe → Krediteer	Bank → Bate → Neem toe → Debiteer

Transaksie: Skryfbehoeftes word gekoop vir R2 000 kontant

Stap 1	Skryfbehoeftes en Bank	
Stap 2	Skryfbehoeftes → Ekwiteit	Bank → Bate
Stap 3	Skryfbehoeftes → Ekwiteit → Neem af	Bank → Bate → Neem af
Stap 4	Skryfbehoeftes → Ekwiteit → Neem af → Gedebiteer	Bank → Bate → Neem af → Gekrediteer

Onthou: Indien kontant betaal of ontvang word, sal een van die twee rekeninge Bank wees.

Indien die transaksie 'n krediettransaksie is, sal een van die rekeninge Debiteurekontrole wees (vir kredietverkope) en Krediteurekontrole (vir kreditaankope).

Die rekeningkundige siklus

Die rekeningkundige siklus gee 'n aanduiding van die rekeningkundige prosedure gedurende die finansiële jaar (die dinge wat aangeteken moet word). Dit sluit die inskrywing in wat die rekenmeester daagliks, aan die einde van elke maand en aan die einde van elke finansiële jaar maak.

Die finansiële jaar: dit is 'n rekeningkundige tydperk van twaalf opeenvolgende maande. Dit kan wees:

- Van 1 Januarie 20.0 tot 31 Desember 20.0
- Van 1 Maart 20.0 tot 28 Februarie 20.1
- Van 1 Julie 20.0 tot 30 Junie 20.0
- Of enige ander twaalf opeenvolgende maande.

Daagliks	Transaksie vind plaas en 'n brondokument word uitgereik of ontvang
	Die brondokument word ingeskryf in die boeke van eerste inskrywing (die joernale)
	Daagliks inskrywing word oorgeplaas van die joernale na die Algemengrootboek- en hulpgroutboek-rekeninge (die Debiteuregroutboek en die Krediteuregroutboek)
Maandeliks	Die joernale word afgesluit en die totale word oorgeplaas na die rekeninge in die Algemene Grootboek
	Die rekeninge in die Algemene Grootboek word gebalanseer
	'n Proefbalans word opgestel
Die jaareinde	Die 12e proefbalans staan bekend as die Vooraansuiweringsproefbalans
	Aansuiwerings word gejoernaliseer in die Algemene Joernaal
	Die aansuiwerings word oorgeplaas van die Algemene Joernaal na die rekeninge in die Algemene Grootboek
	Die rekeninge in die Algemene Grootboek word gebalanseer
	Die saldo's van die rekeninge in die Algemene Grootboek word gebruik om 'n Na-aansuiweringsproefbalans op te stel
	Sluitingsoordragte word gejoernaliseer in die Algemene Grootboek
	Die sluitingsoordragte word oorgeplaas van die Algemene Joernaal na die rekeninge in die Algemene Grootboek
	Die Nominale rekening (inkomste- en uitgawerekeninge) in die Algemene Grootboek

	<p>word afgesluit na die finale rekeninge:</p> <ul style="list-style-type: none"> · Die bruto wins vir die jaar word bereken in die Handelsrekening (finale rekening) en oorgedra na die Wins-en-verlies-rekening · Die netto wins vir die jaar word bereken in die Wins-en-verlies-rekening (finale rekening) en oorgedra na die Kapitaalrekening (alleenhandelaar) of die Verdelingsrekening (vennootskap en maatskappy)
	Die saldo's van die Balansstaatrekeninge in die Algemene Grootboek word gebruik om 'n Nasluitingsproefbalans op te stel
	<p>Die finansiële state word opgestel:</p> <ul style="list-style-type: none"> · Inkomstestaat · Balansstaat · Kontantvloeistaat
	Die finansiële state word ontleed en geïnterpreteer

Die rekeningkundige siklus bly dieselfde vir alle ondernemings tot op die punt waar netto inkomste verdeel moet word.

Brondokumente

'n Brondokument is 'n dokument wat deur 'n onderneming uitgereik of ontvang word, wat bewys dat 'n transaksie plaasgevind het. Dit bevat inligting met betrekking tot die aard van die transaksie wat plaasgevind het en word gebruik om die transaksie in te skryf in die boeke van eerste inskrywing (d.w.s. die joernale). Die volgende inligting verskyn (gewoonlik) op brondokumente:

- die datum
- die naam van die party wat betrokke is (bv. aangekoop van of verkoop aan)
- die aard van die transaksie (kontant of krediet, en kredietvoorwaardes)
- die bedrag.

Aard van transaksie	Joernaal	Transaksie	Brondokument
Kontantontvangste	KOJ	Kontant ontvang vir verkope, lewering van dienste	Kasregisterstrokie Duplikaatkwitansie
		Kontant direk in bankrekening gedeponeer	Bankstaat EFO
Kontantbetalings	KBJ	Betalings per tjek gemaak	Tjekteenstrokie
		Betalings per debietorder of stoporder	Bankstaat
		Kontant betaal direk uit die bankrekening	Bankstaat EFO
	KKJ	Klein bedrae uit die kleinkas betaal vir daagliks uitgawes	Kleinkasbewys
Kredietverkope	DJ	Goedere verkoop / dienste gelewer op krediet	Duplikaat-kredietfaktuur
Kreditaankope	KJ	Goedere/dienste op krediet aangekoop	Oorspronklike kredietfaktuur
Terugsending van verkope	DAJ	Goedere op krediet verkoop, word teruggestuur, of afslag is weggelaat op faktuur	Duplikaat-kredietnota
Terugsending van aankope	KAJ	Goedere aangekoop op krediet of afslag weggelaat op faktuur	Oorspronklike kredietnota OF duplikaat-debietnota
Diverse transaksies	AJ	Korreksies, aansuiwerings, ens.	Joernaalaantekening

Antwoorde op oefeninge

Oefening 1.1

1 Inkomstebelasting-rekening:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN JOHNSON HANDELAARS BEPERK

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING

SAID: INKOMSTEBELASTING

B12

20.0				20.0						
Jul.	28	Bank	KBJ1	135 000	Jul.	1	Saldo	a/b	135 000	
20.0					20.1		Inkomstebelasting			
Des.	30	Bank	KBJ6	337 500	Jun.	30	(28% x 2 570 000)	AJ1	719 600	
20.1			KBJ1							
Jun.	29	Bank	2	278 100						
	30	Saldo	a/d	104 000						
				854 600					854 600	
					Jul.	1	Saldo	a/b	104 000	

2 Inkomstebelastingbedrae:

Inkomstestaat/Staat van omvattende inkomste	719 600
Balansstaat/Staat van finansiële posisie	104 000
Spesifieke afdeling en beskrywing in Balansstaat / Staat van finansiële posisie	Bedryfslaste: Handels- en ander krediteure

3 Inkomstebelasting betaal:

Saldo aan begin van jaar	(135 000)
Bedrag in Inkomstestaat	(719 600)
Saldo aan einde van jaar	104 000
Inkomstebelasting betaal gedurende jaar	(750 600)
(or 135 000 + 337 500 + 278 100 = 750 600)	

Oefening 1.2

1 Inkomstebelasting-rekening:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN PACCO BEPERK

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING

SAID: INKOMSTEBELASTING

B12

20.1 Mrt.	1	Saldo	a/b	48 000	20.2 Feb.	28	Inkomstebelasting	AJ1	514 000
20.1 Aug.	31	Bank (247 000 – 48 000)	KBJ6	199 000					
20.2 Feb.	28	Bank (514 000 – 247 000 – 58 000)	KBJ1 2	209 000					
	30	Saldo	a/d	58 000					
				514 000					514 000
					Mrt.	1	Saldo	a/b	58 000

2 Balansstaat-opskrif:

Bedryfsbates: Handels- en ander rekeninge ontvangbaar / debiteure

3 Inkomstebelasting betaal:

Saldo aan begin van jaar	48 000
Bedrag in die Inkomstestaat	(514 000)
Saldo aan einde van jaar	58 000
Inkomstebelasting betaal gedurende jaar (199 000 + 209 000)	(408 000)

4 Waar inkomstebelasting betaal verskyn:

Bedryfsaktiwiteite

Oefening 1.3

ALGEMENE GROOTBOEK VAN PLATINUM BEPERK

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING

SAID: INKOMSTEBELASTING

B12

20.2 Nov.	16	Saldo	a/b	289 000	20.2. Nov.	1	Saldo	a/b	289 000
20.3 Apr.	30	Bank	KBJ6	480 000	20.3 Okt.	31	Inkomstebelasting (2 570 400 x 28 ÷ 72)	AJ1	999 600
20.3 Okt.	31	Bank	KBJ1 2	480 000					
	31	Saldo	a/d	39 600					
				1 288 600					1 288 600
					Nov.	1	Saldo	a/b	39 600

Oefening 1.4

1 Aandeelhouers vir dividende en Dividende op gewone aandele rekeninge:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SHARPCO BEPERK

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

AANDEELHOUERS VIR DIVIDENDE

B13

20.3 Mrt.	19	Bank	KBJ	118 400	20.3 Mrt.	1	Saldo (740 000 x 0,16)	a/b	118 400
					20.4 Feb.	28	Dividende op gewone aandele (900 000 x 0,18)	AJ	162 000

NOMINALEREKENINGEAFDELING

DIVIDENDE OP GEWONE AANDELE

N15

20.3 Jun.	15	Bank (740 000 x 0,25)	KBJ 6	185 000	20.4 Feb.	28	Verdelingsrekening	AJ1 2	347 000
20.4 Feb.	28	Aandeelhouers vir dividende (900 000 x 0,18)	AJ12	162 000					347 000

2 Dividende betaal:

Saldo aan die begin van die jaar	(118 400)
Bedrag in finansiële state	(347 000)
Saldo aan die einde van die jaar	162 000
or 118 400 + 185 000 = 303 400	(303 400)

3 Opskrif in kontantvloeistaat:

Bedryfsaktiwiteite

Oefening 1.5

1 Gewone aandelekapitaal:

Saldo van Gewone aandelekapitaal op 30 Junie 20.4	1 920 000
50 000 aandele teruggekoop (50 000 x 2,40)	(120 000)
	1 800 000
150 000 aandele verkoop (150 000 x 2,75)	412 500
Saldo van Gewone aandelekapitaal op 30 Junie 20.5	2 212 500

2 Dividende op gewone aandele:

Tussentydse dividende [(1 920 000 ÷ 2.40) = 800 000 aandele uitgereik. 800 000 x 0,34 = 272 000]	272 000
Finale dividende [800 000 – 50 000 + 150 000 = 900 000. 900 000 x 0,42 = 378 000]	378 000
Totale dividende op gewone aandele	650 000

3 Verdelingsrekening:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SAMOA BEPERK

NOMINALEREKENINGEAFDELING

VERDELINGSREKENING

N18

20.5 Jun	30	Inkomstebelasting	AJ	232 400	20.5 Jun.	30	Wins en verlies	AJ	830 000
		Dividende op gewone aandele	AJ	650 000			Behoue inkomste	AJ	220 000
		Behoue inkomste	AJ	167 600					
				1 050 000					1 050 000

4 Aandeelhouersekwiteit

Gewone aandelekapitaal	2 212 500
Behoue inkomste Opgehopte wins	167 600
Aandeelhouersekwiteit	2 380 100

5.1 Verdienste per aandeel (VPA van vorige jaar: 61,6c per aandeel)

$830\ 000 - 232\ 400 = 597\ 600$	= 66,4c per aandeel
900 000	900 000

5.2 Dividende per aandeel (DPA van vorige jaar: 51c per aandeel)

$650\ 000 = 72,2c$	per aandeel
900 000	

5.3 Netto batewaarde (NBW van vorige jaar: 267,5c per aandeel)

$2\ 380\ 100 = 264,5c$	per aandeel
900 000	

5.4 Kommentare:

VPA: Toegeneem van 61,6c tot 66,4c per aandeel
DPA: Toegeneem van 51c tot 72,2c per aandeel
NBW: Afgenem van 267,5c tot 264,5c per aandeel
Slotsom: die aandeelhouers behoort tevrede te wees met die VPA en DPA. Hoewel die NBW effens afgenem het, sal slegs die nuwe 150 000 aandeelhouers nie gelukkig wees nie. Die hoër dividende wat in die huidige jaar betaal is, het 'n laer behoue inkomste tot gevolg gehad. Die uitwerking hiervan is die laer NBW.

6 Opbrengs uit aandele:

$(150\ 000 \times 2,75) - (50\ 000 \times 2,40) = 412\ 500 - 120\ 000 = 292\ 500$

Oefening 1.6

1 Ontbrekende bedrae:

	Maatskapp y A Beperk	Maatskapp y B Beperk	Maatskapp y C Beperk
Kontantuitwerking van bedryfsaktiwiteite	760 000	435 000	738 000
Kontantuitwerking van beleggingsaktiwiteite	(2 340 000)	(502 000)	(367 000)
Kontantuitwerking van finansieringsaktiwiteite	645 000	210 000	(120 000)
Netto verandering in kontant en kontantekwvalente	(935 000)	143 000	251 000

Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	430 000	(27 000)	(124 000)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	(505 000)	116 000	127 000

2 Kontantvloe-aktiwiteite:

Maatskappy A	Die wins vir die jaar en veranderinge in bedryfskapitaal het tot 'n kontantinvloe gelei.
	Die onderneming het heelwat fondse in niebedryfsbates belê.
	Die onderneming het sy fondse vermeerder deur 'n lening uit te reik of daarvoor aansoek te doen.
	Die kontantuitvloe vir die jaar was meer as die kontantinvloe.
	Die positiewe banksaldo aan die begin van die jaar het verander in 'n bankoortrekking weens die bedrag wat gebruik is vir die verkryging van niebedryfsbates.
Maatskappy B	Die wins vir die jaar en veranderinge in bedryfskapitaal het gelei tot 'n kontantinvloe.
	Die bedrag gebruik vir die verkryging van niebedryfsbates was nie minder as die kontantinvloe van bedryfs- en finansieringsaktiwiteite nie.
	Die onderneming het sy fondse vermeerder deur 'n lening uit te reik of daarvoor aansoek te doen.
	Die positiewe verandering in die kontant en kontantekwivalente het daartoe gelei dat die bankoortrekking afbetaal is.
	Die onderneming is nou in 'n beter kontantposisie.
Maatskappy C	Die wins vir die jaar en veranderinge in bedryfskapitaal het gelei tot 'n baie goeie kontantinvloe.
	Fondse is gebruik vir die verkryging van niebedryfsbates.
	Die onderneming het nie enige fondse uit aandele of lenings verkry nie. Hulle het 'n lening afbetaal.
	Die fondse wat gegenereer is, is gebruik om die bankoortrekking af te betaal.
	Die onderneming is nou in 'n beter kontantposisie.

3 Aandeelhouers:

Maatskappy: C
Motivering: die maatskappy se kontantvloe uit bedryfsaktiwiteite lyk baie beter indien dit vergelyk word met ander bedrae in die kontantvloeistaat. Die netto kontantinvloe vir die jaar was beter as dié van die ander ondernemings en dit het gelei tot 'n meer positiewe banksaldo.

Oefening 2.1

Rekening:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SHABANGU HANDELAARS

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING

VOERTUIE

B

20.8 Mrt. 1	Saldo	350 000	20.9 Feb. 1	Bateverkoop	70 000
Nov. 30	Krediteurekontrole	120 000	28	Saldo	400 000
		470 000			470 000
20.9 Mrt. 1	Saldo	400 000			

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE B

20.9 Feb. 1	Bateverkoop	49 300	20.8 Mrt. 1	Saldo	150 000
28	Saldo	134 900	20.9 Feb. 1	Waardevermindering	3 300

						28	Waardevermindering (26 400 + 4 500)			30 900
				184 200						184 200
					Mrt.	1	Saldo			134 900

Berekening:

Waardevermindering op voertuig wat verkoop is: $15\% \times (70 000 - 46 000) \times \frac{11}{12} = R3 300$

Waardevermindering op oorblywende voertuie:

$15\% \times [(350 000 - 70 000) - (150 000 - 46 000)]$

$= 15\% \times (280 000 - 104 000) = R26 400$

Waardevermindering op nuwe voertuig: $15\% \times 120 000 \times \frac{3}{12} = R4 500$

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING B

					20.8		Saldo (90 000 - 46 000)			44 000
					20.9		Waardevermindering			22 000
					Feb.	28				66 000

BATEVERKOOP B

				70 000	20.9		Opgehoopte waardevermindering op voertuie (46 000 + 3 300)			49 300
				1 300			Krediteurekontrole			22 000
				71 300						71 300

WAARDEVERMINDERING B

20.9	1	Opgehoopte waardevermindering op voertuie		3 300	20.9		Wins en verlies			56 200
Feb.	28	Opgehoopte waardevermindering op voertuie		30 900						
		Opgehoopte waardevermindering op toerusting		22 000						56 200

Oefening 2.2

1 Vastebateregister:

BATEREGISTER VAN THABO MPY.

TOERUSTING

Nommer: SIM078/RT

Datum aangekoop: 1 Maart 20.5

Kosprys: R80 000

Waardevermindingsmetode: 20% p.j. op drawaarde

Datum	Waardevermindering vir jaar	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
28 Februarie 20.6	16 000	16 000	64 000

28 Februarie 20.7	12 800	28 800	51 200
28 Februarie 20.8	10 240	39 040	40 960
1 Desember 20.8	6 144	45 184	34 816
AANTEKENING:	Ingeruil teen R33 000 by Afrika Ondernemings Wins/Verlies: ... R1 816...		

Berekening:

Waardevermindering op 28 Feb. 20.8: $20\% \times 51 200 = R10 240$

Waardevermindering op 1 Des. 20.9: $20\% \times 40 960 \times \frac{9}{12} = R6 144$

2 Bateverkoop-rekening:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN THABO MPY.

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

BATEVERKOOP

B

20.8 Des.	1	Toerusting	80 000	20.8 Des.	1	Opgehopte waardevermindering op toerusting			45 184
						Krediteurekontrole			33 000
						Verlies op verkoop van bate			1 816
			80 000						80 000

3 Aantekening vir vaste bates:

3 VASTE BATES		Grond & geboue	Voertuie	Toerusting	Totaal
	Drawaarde aan begin van jaar	480 000	113 000	143 360	736 360
	Koste	480 000	260 000	280 000	1 020 000
	Opgehopte waardevermindering	–	(147 000)	(136 640)	(283 640)
	Bewegings				
	Byvoegings (teen kosprys)	440 000	360 000	160 000	960 000
	Verkope teen drawaarde	0	–	(34 816)	(34 816)
	Waardevermindering vir die jaar	0	(95 000)	(31 624)	(126 624)
	Drawaarde aan einde van jaar	920 000	378 000	236 920	1 534 920
	Koste	920 000	620 000	360 000	1 900 000
	Opgehopte waardevermindering	0	(242 000)	(123 080)	(365 080)

Berekening:

Waardevermindering op voertuie vir jaar:

Oud: $25\% \times 260 000 = 65 000$

Nuut: $25\% \times 360 000 \times \frac{4}{12} = 30 000$

Totaal: R95 000

Waardevermindering op toerusting vir jaar:

Oorblywend: $20\% \times [(280 000 - 80 000) - (136 640 - 39 040)] = 20 480$

Nuut op 1 Des. 20.8: $20\% \times 70 000 \times \frac{3}{12} = 3 500$

Nuut op 1 Feb. 20.9: $20\% \times (86 000 + 4 000) \times \frac{1}{12} = 1 500$

Totaal: $6 144 + 20 480 + 3 500 + 1 500 = R31 624$

Byvoegings tot toerusting: $70 000 + 86 000 + 4 000 = 160 000$

Toerusting op 28 Feb 20.9: $280 000 - 80 000 + 70 000 + 86 000 + 4 000 = R360 000$

Opgehopte waardevermindering op toerusting op 28 Feb 20.9: $136 640 + 31 624 - 45 184 =$

R123 080

Oefening 2.3

Deel A

1 Bateverkoop-rekening:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN THABO MPY.

BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

BATEVERKOOP

Datum		Besonderhede		Bedrag	Datum		Besonderhede		Bedrag
2.10 Mei	31	Voertuie		110 000	2.10 Mei	31	Opgehoekte waardevermindering op voertuie		71 500
		Wins op verkoop van bates		6 500			Bank		45 000
				116 500					116 500

2 Opgehoekte waardevermindering op voertuie:

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE

Datum		Besonderhede		Bedrag	Datum		Besonderhede		Bedrag
20.10 Mei	31	Bateverkoop		71 500	2.10 Mrt.	1	Saldo		198 000
20.11 Feb.	28	Saldo		196 000	Mei	31	Waardevermindering		5 500
				267 500	2.11 Feb.	28	Waardevermindering		64 000
					Mrt.	1	Saldo		267 500
									196 000

Berekeninge:

Waardevermindering: $(20\% \times 110\ 000 \times 3) + (20\% \times 110\ 000 \times \frac{3}{12}) = 66\ 000 + 5\ 500 = 71\ 500$

Saldo (2.10-03-01): $[3 \text{ voertuie} \times 20\% \times 110\ 000 \times 3 \text{ jr}] = 198\ 000$

Waardevermindering: Oud: $[2 \text{ voertuie} \times 20\% \times 110\ 000] = 44\ 000$

Nuut: $20\% \times 200\ 000 \times \frac{6}{12} = 20\ 000$

64 000

3 Aantekening vir vaste bates:

AANTEKENING BY FINANSIELLE STATE OP 28 FEBRUARIE

2.11

3 VASTE BATES	Grond & geboue	Voertuie
Drawaarde aan begin van jaar	300 000	132 000
Kosprys	300 000	330 000
Opgehoekte waardevermindering	–	(198 000)
Bewegings		
Byvoegings	160 000	200 000
Verkope teen drawaarde	–	(38 500)
Waardevermindering	–	(69 500)
Drawaarde aan einde van jaar	460 000	224 000
Kosprys	460 000	*420 000
Opgehoekte waardevermindering	–	(196 000)

* $330\ 000 - 110\ 000 + 200\ 000$

Deel B

1 Begroting:

Opsomming van verwagte inkomste (ontvangste) en verwagte uitgawes (betalings) vir 'n sekere tydperk
Beheermaatreël

2 Totale inkomste vir die jaar:

$618\ 300 + 222\ 800 + 279\ 900 = 1\ 121\ 000$

3 Totale brandstof- en herstelkostes vir die jaar:

$439\ 680 + 290\ 640 + 136\ 840 = 867\ 160$

4 Waarom Me Hono bekommerd behoort te wees:

Ja, daar is rede tot kommer:

Inkomste is baie minder: Verwagte inkomste 1 500 000, werklike inkomste 1 121 000

Kostes is baie hoër: Verwagte inkomste 710 000, werklike inkomste 867 160

Lei tot laer wins: Verwagte inkomste 790 000, werklike inkomste 253 840

5 Kommer oor die taxi's:

Taxi 1:

Ouderdom: Baie oud (11 jaar)

Drawaarde: R1

Inkomste/km: $(618\ 300 \div 68\ 200)$ R9

Koste/km: R6,40

Wins/km: R2,60

Die voertuig is oud: Hoewel dit steeds baie verdien, is die koste hoog en sal dit toeneem weens ouerdom

Aksie: Vervang voertuig.

Taxi 2:

Ouderdom: 3 jaar

Drawaarde: R144 000

Inkomste/km: $(222\ 800 \div 69\ 200)$ R3,22

Koste/km: R4,38

Verlies/km: R1,16

Iets is verkeerd hier. Die voertuig is slegs 3 jaar oud (nie te oud nie). Dit ry baie verder as taxi 1 maar die inkomste is baie laer (verlies per kilometer).

Aksie: Ondersoek bestuurder, roetes, bestuurvaardighede, ens.

Taxi 3:

Ouderdom: 1 jaar

Drawaarde: R240 000

Inkomste/km: $(279\ 900 \div 31\ 100)$ R9

Koste/km: R4,40

Wins/km: R4,60

Dit 'n goeie voertuig en word goed bedryf.

Aksie: Hou.

Oefening 2.4

Berekening vir die gebruik van die geweegde gemiddelde voorraadwaardasiemetode:

Koste van verkope:

200 @ R1 500	300 000
(100 – 20) @ R1 500	120 000
(90 @ R1 600) + R300	144 300
50 @ R1 800	90 000
Totaal: 420 pare	R654 300
Gemiddelde prys per paar	R1 557,86

Koste van verkope: 380 pare verkoop @ R1 557,86 = R591 986,80

Bruto wins: Verkope – koste van verkope = R775 200 – R591 986,80 = R183 213,20

Waarde van voorraad voorhande: 40 x R1 557,86 = R62 314,40

1 Koste van verkope (EIEU en periodiek):

200 @ R1 500	300 000
(100 – 20) @ R1 500	120 000
(90 @ R1 600) + R300	144 300
10 @ R1 800	18 000
Koste van verkope	582 300

2 Wins:

(Verkope – koste van verkope) = R775 200 – R582 300 = R192 900

3 Waarde van voorraad voorhande:

40 x R1 800 = R72 000

4 Koste van verkope (EIEU + deurlopend):

Voorraad beskikbaar:

200 @ R1 500 = R300 000

80 @ R1 500 = R120 000

Gemiddelde prys: R420 000 = R1 500
280

Verkoop 90: koste van 90 verkoop = 90 x R1 500 = R135 000

Oorblywende voorraad: (280 – 90) 190 @ R1 500 = R285 000

Aangekoop: (90 @ R1 600) + R300 = R144 300

Gemiddelde prys: R429 300 = R1 533,21
280

Verkoop 120: koste van 120 verkoop = 120 x 1 533,21 = R183 985,20

Oorblywende voorraad: (280 – 120) 160 @ R1 533,21 = R245 313,60

Aangekoop: 50 @ R1 800 = R90 000

Gemiddelde prys: R335 313 = R1 596,73
210

Verkoop 110+60: koste van 170 verkoop = 170 x R1 596,73 = R271 444,10

Totale koste van verkope: 135 000 + 183 985,20 + 271 444,10 = R590 429,30

5 Berekening en advies:

	Geweegde gemiddelde	EIEU + Periodiek	EIEU + Deurlopend
Koste van verkope	R591 986,80	R582 300,00	R590 429,30
Bruto wins	R183 213,20	R192 900,00	R184 770,70
Voorraad voorhande	R72 000,00	R72 000,00	R63 869,20 (40 x R1 596,73)

Kommentaar (Uitwerking op finansiële state):

EIEU + Periodiek toon hoogste wins en realistiese korrekte waarde van voorraad voorhande.

Die EIEU + periodieke stelsel toon meer realistiese resultate. Die geweegde-gemiddelde-metode verminder die uitwerking van fluktuerende prys. Die onderneming kan kies watter metode om te gebruik solank hulle die metode konsekwent gebruik en nie na 'n ander stelsel oorskakel nie.

Oefening 2.5

1 Waarde van voorraad voorhande op 30 Junie 2.12:

$$\text{Gemiddelde prys: } \frac{176\ 750 + 24\ 000}{1\ 500 + 200} = \frac{200\ 750}{1\ 700} = \text{R}118,09$$

$$\text{Aantal T-hemde voorhande: } 200 + 1\ 500 - 1\ 430 = 270$$

$$\text{Waarde van voorraad voorhande: } 270 \times \text{R}118,09 = \text{R}31\ 884,03$$

2 Koste van verkope vir die jaar:

$$1\ 430 \times \text{R}118,09 = \text{R}168\ 868,70$$

Hoewel klante sommige van die T-hemde teruggestuur het, het die onderneming die waarde daarvan verloor. Hulle kon nie die T-hemde aan die verskaffers terugstuur nie en moes dit skenk. (Dit sou waar wees in die periodieke voorraadstelsel.)

$$(1\ 430 - 130) \times \text{R}118,09 = \text{R}153\ 517$$

Die onderneming gebruik die deurlopende stelsel. Hulle sal die voorraad wat teruggestuur is, kanselleer op die koste-van-verkope-rekening. Hulle sal die verlies vanweë die 130 items wat geskenk is, aanteken in die Wins-en-verlies-rekening, wat 'n uitwerking het op die netto wins.

3 Totale verkope vir die jaar:

$$\text{Aantal T-hemde verkoop teen volle prys: } 1\ 430 - 130 - 110 = 1\ 190$$

Verkope:

$$1\ 190 \times \text{R}200 = \text{R}238\ 000$$

$$+ 110 \times \text{R}100 = \begin{array}{r} \text{R}11\ 000 \\ \hline \text{R}249\ 000 \end{array}$$

4 Bruto wins vir die jaar:

$$249\ 000 - 168\ 868,70 = \text{R}80\ 131,30 \text{ (periodieke stelsel)}$$

$$249\ 000 - 153\ 517 = \text{R}95\ 483,00 \text{ (deurlopende stelsel)}$$

5 Uitwerking van besluit om T-hemde van straatverkopers aan te koop:

Berekening van R76 762,40:

$$\text{Gemiddelde prys van T-hemde: } \frac{(24\ 000 + 176\ 750 + 48\ 000)}{1\ 700} = \text{R}146,32$$

Verkope (1 430 x R200)	286 000
Koste van verkope (1 430 x R146,32)	(209 237,60)
Bruto wins	76 762,40

Enige van die volgende:

Oneties om 'Trots Suid-Afrikaans'-logo te gebruik indien jy nie seker is waar handelsware vandaan kom nie.

Oneties om swakker gehalte goedere teen dieselfde prys (R200) te verkoop as goedere van beter gehalte. Die bruto wins behaal is slegs R3 368,90 meer as wat dit sou wees. Die besluit was meer skadelik as winsgewend.

Die onderneming het klante verloor as gevolg van die swak gehalte van die T-hemde.

Die verhouding tussen die onderneming en sommige verskaffers kon benadeel word.

Negatiewe publisiteit kan toekomstige verkope affekteer.

Oefening 2.6

1 Banksaldo:

Gunstige saldo = kredietsaldo volgens bankstaat.

2 Moontlike redes:

Deposito gedoen op laaste dag van maand, bank kon die bankstaat opgestel het van 25ste tot 24ste van volgende maand, bank het nie die deposito aangeteken nie.

3 Rede en aanbevelings:

Nee, dit bied die geleentheid vir diefstal. Die geld is nodig in die bankrekening vir daaglikse betalings. Geld moet elke dag gedeponeer word.

4 ‘Uitstaande tjeks’:

Tjeks nog nie aan bank aangebied vir betaling.

5 Hoe om tjek 954 te hanteer:

Dit is verouderd – ouer as ses maande en moet gekanselleer word in die Kontantontvangstejoernaal.

6 Datums:

Tussen 12 April 2.10 en 12 Oktober 2.10.

7 Hoe om tjek 1084 te hanteer:

In die Balansstaat: Tel die bedrag by die Bankrekening-saldo in Kontant en kontantekwivalente. Tel die bedrag by die Krediteurekontrole-saldo in Handels- en ander krediteure.

8 Hoe om tjek 1086 te hanteer:

Kanselleer tjek in Kontantontvangstejoernaal. Reik 'n nuwe tjek uit aan EquipSoc en teken dit aan in die Kontantbetalingsjoernaal. Die tjek sal op die bankrekonsiliastaat verskyn totdat dit betaal is.

9 Metode om salarisste te betaal:

Nee, sommige banke verreken tjeks eers na 10 dae – salaristjeks is uitsonderings. Die werknemer moet steeds die tjek in bank deponeer.

10 Hoe om ‘verwys na trekker’-tjeks te hanteer:

'n Tjek wat van 'n debiteur ontvang is, word geweier – geen fondse beskikbaar nie. Kanselleer die ontvangs deur dit in die Kontantbetalingsjoernaal aan te teken. Debiteer die debiteur se rekening en die Debiteurekontrolerekening met die volle bedrag.

11 Uitreiking van kontanttjeks:

Kontanttjeks kan gebruik word vir lone, kleinkas, ontrekkings deur eienaar. Dit is nie 'n goeie idee om kontanttjeks uit te reik nie – indien 'n tjek verlore raak, kan enige persoon dit wissel.

12 Gunstige of ongunstige Bankrekening:

$12\ 400 + 24\ 600 - (1\ 346 + 9\ 750 + 20\ 000 + 2\ 467 + 14\ 895) = (\text{R}11\ 458)$ Ongunstige saldo.

Oefening 2.7

Deel A

1 Debetsaldo van R1 450:

Die saldo is ongunstig (bankoortrekking) – die onderneming skuld die bank geld (dit is 'n las).

2 Debetsaldo van R2 600:

Die saldo is gunstig – die onderneming het geld in die bank (dit is 'n bate).

3.1 Tjek 1554:

Dit is ouer as ses maande (verouderd).

3.2 Hoe om tjek 1554 te hanteer:

Dit moet by die bank gestop en in die Kontantontvangstejoernaal gekanselleer word.

4 Tjek 2435:

Dit is 'n vooruitgedateerde tjek uitgereik deur die onderneming. Dit behoort op die bankrekonsiliastaat te verskyn totdat dit aangebied word vir betaling op 23 Augustus 20.3.

5 Tjek 2417:

Dit is moontlik reeds vir betaling by die bank aangebied.

6 Tjek 2435 (23 Augustus 20.3) en tjek 2578 (25 Junie 20.3):

Alle tjeke moet in chronologiese orde aangeteken word sodra dit uitgereik word, ongeag van die datum van betaling (beheermaatreël). Tjek 2435 is in Mei uitgereik. Tjek 2578 is eers in Junie uitgereik.

7 Hoe om Tjek 2417 te hanteer:

Die onderneming moet 'n bykomende inskrywing vir R300 (13 500 – 13 200) in die Kontantbetalingsjoernaal maak. Die bedrag moet ook in die Handelsvoorraad-kolom wees.

8 Rede vir die vergelyking van Mei se bankrekonsiliastaat met Junie se bankstaat:

Die bankrekonsiliastaat sluit items in wat nog nie deur die bank aangeteken is nie. Dit is belangrik om te verseker dat die bank die items aangeteken het.

Deel B

1 Korrekte saldo:

$8\ 250 - 1\ 670 - (10\% \times 4\ 580) = R6\ 122$

2 Krediteurerekonsiliastaat:

KREDITEUREREKONSILIASIESTAAT

	Debit	Krediet
Saldo soos op die Krediteurestaat		16 662
Afslag weggelaat	(540)	
Korreksie – verkeerde faktuur	(10 000)	
		6 122

3.1 Uitwerking van tjek 2498:

Bates	Eienaarsekwiteit	Laste
-4 860	+540	-5 400

3.2 Rekeninge om te debiteer en te krediteer:

Rekening om te debiteer	Rekening om te krediteer
Krediteurekontrole	Bank
Krediteurekontrole	Afslag ontvang

4 Uitwerking van verkoop op rekeningkundige vergelyking:

Bates	Eienaarsekwiteit	Laste
+6 183	+2 061	
-4 122		

Oefening 2.8

Transaksies:

Nr.	Besonderhede in hulpjoernaal		Bedrag	Bankrekening		Bankrekonsiliasierstaat		Geen inskr ywing
	Hulpjoernaal	Naam van rekening in Algemene Grootboek		Debiet	Krediet	Debit	Krediet	
1			9 800		✓			
2	KOJ	Huurinkomste	3 200	✓				
3	KBJ	Onttrekkings	1 100		✓			
3	KBJ	Telefoon/Selfoon	685		✓			
3	KBJ	Bankkoste	485		✓			
4	KBJ	Debiteurekontrole	900		✓			
5	KBJ	Handelsvoorraad/voorraad	7 680	✓				
	KBJ	Handelsvoorraad/voorraad	7 680		✓			
6								✓
7								

Oefening 2.9

1 BTW-registrasie:

Ondernemings met 'n jaarlikse omset van R1 000 000 of meer moet vir BTW registreer. TTA se omset is minder as dit.

2 Uitset-BTW:

$$14\% \times (24 216 + 15 200) = R5 518,24$$

3 Inset-BTW:

$$\text{Handelsvoorraad: } 14\% \times 28 250 = 3 955$$

$$\text{Uitgawes: } 14/_{114} \times (320 + 3 000 + 265) = 440,26$$

Totale Inset-BTW: 3 955 + 440,26 = R4 395,26

4 BTW-kontrolerekening:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN TTA
BALANSSTAATREKENINGEAFDELING

BTW-KONTROLE				B		
	Inset-BTW		4 395,26		Uitset-BTW	
	Saldo	a/d	1 122,98			
			5 518,24			
	Saldo	a/b	1 122,98		Saldo	a/b
						5 518,24
						1 122,98

5 Saldo van die BTW-kontrolerekening:

Onder Handels- en ander krediteure in bedryfslaste

6 Nota aan Tumi:

Dit is oneties, want dit buit klante uit. Hulle kan die tennisbane gratis gebruik, en hierdie voordeel moet aan die klante oorgedra word.

Oefening 2.10

Bedrag verskuldig aan SAID tot op die naaste sent:

Nr.	Beskrywing (en Berekening)	Bedrag verskuldig aan SAID vermeerder of verminder met
		...
1	Kontantverkope van handelsware, R90 000 (BTW ekskl.)	✓✓ 12 600
2	Kredietverkope van handelsware, R108 300	✓✓ 13 300
3	Kreditaankope van handelsware en toerusting, R178 980	✓✓ (21 980)
4	Terugsending van handelsware deur klante, R8 500 (BTW ekskl.)	✓✓ (1 190)
5	Terugsending van handelsware aan verskaffers, R14 136	✓✓ 1 736
6	'n Ou voertuig met 'n drawarde van R50 000 is verkoop vir R61 560	✓✓ 7 560
7	Oninbare skuld afgeskryf, R5 597,40	✓✓ (687,40)
8	Oninbare skuld verhaal, R649,80	✓✓ 79,80
9	Afslag toegestaan aan klante, R6 726	✓✓ (826)
10	Afslag ontvang van verskaffers, R15 390	✓✓ 1 890
	Bedrag verskuldig aan SAID/Bedrag verskuldig deur SAID	<input checked="" type="checkbox"/>
		12 482,40

Oefening 3.1

Deel A

Verhoging, verlaging of geen uitwerking op kosprys van produksie:

Nr.	Situasie	Verhoging/verlaging/geen uitwerking
1	Verskaffer van hout lig ons in dat hulle hul pryse met 10% wil verhoog vanaf die eerste van volgende maand	Verhoging (Grondstowwe verhoog)
2	Werkers in produksie sal nuwe toerusting gebruik om meer eenhede per dag te produseer en hul teiken te bereik sonder om oortyd te werk	Verlaging (Direkte arbeid verminder)
3	Bestuurder besluit om deel van die fabriek te onderverhuur	Verlaging (Fabrieksbokoste verlaag)
4	'n Nuwe telefoonstelsel word in die kantoor geïnstalleer	Geen uitwerking (Administratiewe koste)
5	Agent se kommissie neem toe van 10% tot 12% van totale verkope	Geen uitwerking (Verkoops- en verspreidingskoste)

Deel B

Korrekte bedrae of beskrywings:

PRODUKSIEKOSTESTAAT		
	Totaal	Per tafel
Primêre/direkte koste $[25 \times (300 + 180) = 25 \times 480]$	12 000	?
Grondstowwe (25×300)	7 500	300
Direkte arbeid (25×180)	4 500	180
Fabrieksbokoste $[(696 - 480) \times 25]$	5 400	216
Vervaardigingskoste	?	696
Onvoltooide werk (begin van maand)	0	0
Onvoltooide werk (einde van maand)	0	0
Totale produksiekoste van voltooide goedere $[(7 500 + 4 500) + 5 400 = 12 000 + 5 400] \text{ of } (696 \times 25)$	17 400	?

INKOMSTESTAAT		
	Totaal	Per tafel
Verkope (Koste plus 150%) $(696 \times \frac{250}{100} = 1 740)$ $(1 740 \times 25 \text{ of } 17 400 \times \frac{250}{100})$	43 500	1 740
Koste van verkope (alle tafels verkoop)	17 400	696
Bruto wins $(43 500 - 17 400)$	26 100	?
Bedryfsuitgawes	?	?
Administratiewe koste	2 125	85
Verkoops- en verspreidingskoste	2 875	115
Netto wins $[26 100 - (2 125 + 2 875)]$	21 100	?

Deel C

1 Vaste koste en veranderlike koste:

Vaste koste: koste wat nie verander in verhouding tot produksie nie. Dit moet betaal word ongeag die produksielakkie.

Veranderlike koste: koste wat wissel na gelang van produksie-uitset. Dit hou direk verband met die vlakke van produksie.

2 Voorbeeld van vaste en veranderlike kostes:

Vaste koste: enige fabriekskoste of administratiewe koste

Veranderlike koste: Grondstowwe, Direkte arbeid, Verkoops- en verspreidingskoste

3 Gelykbreekpunt:

Punt waar onderneming genoeg produkte produseer om sy koste te dek / punt waar daar geen wins of verlies is nie

4 Gelykbreekpunt:

$$\frac{9\ 500}{1\ 750 - \left(\frac{18\ 312}{28}\right)} = \frac{9\ 500}{1\ 750 - 654} = \frac{9\ 500}{1\ 096} = 8,668 \text{ tafels} = 9 \text{ tafels}$$

Oefening 3.2

1 Voorraad grondstowwe voorhande:

Beskikbaar aan begin van jaar 170 000

Aankope (930 000 + 840 300) 1 770 300

Vervoerkoste op aankope 9 700

1 950 000

Beskikbaar aan einde van jaar (130 000)

Grondstowwe uitgereik 1 820 000

2 Fabrieksbokoste-aantekening:

FABRIEKSBOEKOSTE	
Verbruiksgoedere (28 900 + 92 951 – 22 100)	99 751
Indirekte arbeid (238 000 + 132 000)	370 000
Water en elektrisiteit	87 000
Onderhoud (15 000 x 12)	180 000
Diverse uitgawes	178 000
Waardevermindering (620 000 – 380 000)	240 000
Versekeringskoste ($\frac{80}{100} \times 45\ 000$)	36 000
	1 190 751

3 Produksiekostestaat:

NAAM VAN ONDERNEMING: Woodpeckers	
PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2.11	
Direkte koste / grondstofkoste	1 820 000
Direkte arbeidskoste	960 000
Primêre (direkte) koste	2 780 000
Fabrieksbokoste (werk met)	1 190 751
Totale produksiekoste	3 970 751
Tel by: Onvoltooide werk (begin van jaar)	230 000
	4 200 751
Minus: Onvoltooide werk (einde van jaar)	(260 000)
Koste van produksie van voltooide goedere	3 940 751

4.1 Totale jaarlikse bedrag wat betaal word:

$$17\ 500 \times 12 = R210\ 000$$

4.2 Tipe BTW:

Inset-BTW

4.3 Uitwerking:

Verminder die bedrag verskuldig aan SAID. Dit kan teruggeëis word.

4.4 Bedrag gekwoteer deur Don Right BTW uitgesluit:

$$229\ 824 \times \frac{100}{114} = 201\ 600$$

4.5 Besluit en redes:

Nee. Dit is oneties om nie BTW wat aan die regering verskuldig is, te betaal nie. Indien Don Right se kwotasie aanvaar is, kon Inset-BTW geëis word. Die bedrag betaal vir onderhoud sou dan minder gewees het (R201 600 pleks van R210 000).

Oefening 3.3

1 Bateverkoop-rekening in die Algemene Grootboek:

BATEVERKOOP						B		
Datum		Besonderhede		Bedrag	Datum	Besonderhede		Bedrag
2.10 Des.	31	Winkeltoerusting		21 000	2.10 Des.	31	Opgehopte waardevermindering op winkeltoerusting (8 000 + 975)	8 975
							Bank	11 000
							Verlies op verkoop van bate	1 025
				21 000				21 000

2 Aantekening oor vaste bates by finansiële state op 30 Junie 2.11:

AANTEKENING BY FINANSIËLE STATE OP 30 JUNIE 2.11		
3 VASTE BATES	Fabrieksmasjinerie	Winkeltoerusting
Drawaarde aan einde van vorige jaar	12 000	13 000
Koste	30 000	21 000
Opgehopte waardevermindering	(18 000)	(8 000)
Bewegings		
Byvoegings teen kosprys	15 000	24 000
Verkope teen drawaarde	...	(12 025)
Waardevermindering vir die jaar	(7 000)	(2 775)
Drawaarde aan einde van huidige jaar	20 000	22 200

Koste	45 000	24 000
Opgehopte waardevermindering	(25 000)	(1 800)

3 Aantekeninge by produksiekostestaat vir jaar geëindig 30 Junie 2.11:

VOORRAAD GRONDSTOWWE	
Saldo aan begin van jaar	12 300
Aankope (21 200 + 26 550 – 4 300)	43 450
Vervoerkoste op aankope	2 850
	58 600
Minus: Saldo aan einde van jaar	(14 630)
Grondstowwe gebruik	43 970

FABRIEKSBOEKOSTE	
Verbruiksgoedere [(5 700 + 10 200 + 7 400 – 2 900) x 60%]	12 240
Waardevermindering	7 000
Indirekte arbeid (28 000 + 1% van 28 000)	28 280
Water en elektrisiteit ($3000 \times \frac{200}{240}$)	2 500
Diverse uitgawes	1 090
Onderhoud	5 200
Versekering [$9 960 - (\frac{6}{12} \times 4 800)$] $\times \frac{200}{240}$	6 300
	62 610

4 Produksiekostestaat:

PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2.11	
Grondstowwe	43 970
Direkte arbeid	44 440
Primêre (direkte) koste	88 410
Fabrieksboekoste	62 610
Totale produksiekoste	151 020
Tel by: Onvoltooide werk (begin van jaar)	1 830
	152 850
Minus: Onvoltooide werk (einde van jaar)	(1 350)
Koste van produksie van voltooide goedere	151 500

5 Bruto wins:

Verkope ($126 000 \times \frac{150}{100}$)	189 000
Minus: koste van verkope (1 500 + 151 500 – 27 000)	(126 000)
Bruto wins	<u>63 000</u>

Oefening 3.4

1 Drawaarde:

Kontant ontvang	9 500
Minus Wins op verkoop van bate	<u>700</u>
Drawaarde van toerusting	<u>8 800</u>

2 Datum van verkoop en rede:

Toerusting is verkoop op 1 April 2.11. Waardevermindering het afgeneem van R2 467 tot R1 667 in April 2.11.

3 Verskil in waardevermindering:

$$2\ 467 - 1\ 667 = 800$$

Waardevermindering op toerusting verkoop vir Maart 2.11 is R800.

Waardevermindering vir Maart: $800 = 20\% \times \text{koste} \times \frac{1}{12}$

Oorspronklike prys was: $800 \times 12 \times \frac{100}{20} = \text{R}48\ 000$
kosprys

4 Januarieverkope:

Oninbare skuld afgeskryf in tweede maand ná verkope.

5% van Januarie-kredietverkope = Oninbare skuld in Maart R1 700.

Kredietverkope vir Januarie: $1\ 700 \times \frac{100}{5} = 34\ 000$

Kredietverkope = 40% van totale verkope

Totale verkope: $34\ 000 \times \frac{100}{40} = 85\ 000$

5 Vaste voorraadbasis:

Vaste voorraadbasis beteken hulle vervang wat hulle verkoop, dus: koste van verkope = Totale aankope.

Kontantaankope vir Maart = 60% van totale verkope: 39 750

Totale aankope: $39\ 750 \times \frac{100}{60} = 66\ 250$ = koste van verkope vir Maart

Of: Totale aankope vir Maart = 66 250

Kreditaankope vir Maart: $40\% \times 66\ 250 = 26\ 500$

Bedrag betaal in April na 5% afslag: $26\ 500 \times 95\% = 25\ 175$

6 Verskil in surplus:

$$86\ 465 - 52\ 223 = \text{R}34\ 242$$

Die vaste deposito raak uitkeerbaar en Top Tuine ontvang die kontant. Die onderneming kon die geld gebruik het om hul lening terug te betaal met die surplus van R34 000. Die res van die ontvangste en betalings was relatief konstant.

7 Verskil tussen surplus en netto wins:

Surplus: Verskil tussen ontvangste en betalings (res van kontant ontvang nadat alle betalings gemaak is).

Netto wins: Verskil tussen inkomste wat ontvang of ontvangbaar is en uitgawes wat betaal of betaalbaar is binne 'n rekeningkundige tydperk.

8 Items nie op die Kontantbegroting:

Afslag ontvang

Afslag toegestaan

Waardevermindering

Oninbare skuld

Handelsvoorraadtekort

Alles is niekontant-items en verteenwoordig waarde verloor of ontvang eerder as kontant ontvang of betaal.

9 Jaarlikse persentasietename:

Rente verdien gedurende Maart = R106
Jaarlikse bedrag: $106 \times 12 = 1\ 272$
Openingsbanksaldo = R31 800
$\frac{1\ 272}{31\ 800} \times 100 = 4\% \text{ p.j.}$
Of: $\frac{106}{31\ 800} \times 100 \times 12 = 4\% \text{ p.j.}$ of: $(280 \times 12) \times 100 = 4\% \text{ (afgerond)}$ 84 023

10 Betaling van lening en Rente op lening (Rente-uitgawe):

Die Balansstaat toon wat die onderneming werd is. Dit toon die bates en laste teen 'n vaste tyd. 'n Lening is 'n las. Betaling van die lening sal 'n uitwerking hê op die Balansstaat, nie op die Inkomstestaat nie.
Die netto wins, die verskil tussen die inkomste en uitgawes vir 'n sekere tydperk, word op die Inkomstestaat bereken. Rente op die lening is 'n finansieringskoste, wat 'n uitwerking op die wins sal hê.

11 Moontlike bronne vir geld om lening terug te betaal:

Vaste deposito wat uitkeerbaar raak
Kontantsurplus van Maart

12 Afname in netto wins:

Afname in verkope of afname in bruto wins

13 Winsmarge-percentage:

$$\begin{aligned} \text{Winsmarge} &= \frac{\text{Wins}}{\text{koste van verkope}} \times 100 \\ &= \frac{39\ 750}{66\ 250} \times 100 = 60\% \quad \text{Of: } \frac{32\ 625}{54\ 375} \times 100 = 60\% \end{aligned}$$

Oefening 3.5

1 Kontantbegroting en die belang daarvan:

Kontantbegroting: Dit is 'n voorspelling van hoeveel kontant ontvang of betaal sal word gedurende 'n sekere tydperk.

Belang: Die onderneming het 'n kontantbegroting om ondernemingsaktiwiteite te monitor. Dit is 'n beheerinstrument. Dit behoort 'n riglyn te wees vir besteding asook vir teikens wat vir inkomste gestel word.

2 Verskil tussen kontantverkope en kontant ontvang van debiteure:

Kontantverkope: Kontant wat ontvang moet word vir goedere wat in daardie spesifieke maand verkoop is.

Kontant ontvang van debiteure: Goedere word ook op krediet verkoop. Nie alle debiteure betaal aan die einde van die maand van verkope nie. Op grond van ervarings in die verlede kan die onderneming 'n invorderingsbeleid formuleer wat hulle 'n aanduiding gee van wanneer hulle van debiteure kan verwag om hul uitstaande skuld te betaal. Die debiteure-invorderingskede help met die berekening.

3 Totale verkope vir Augustus:

Kontantverkope vir Augustus: 33 000
Kredietverkope vir Augustus: 77 000 (volgens debiteure-invorderingskede)

Totale verkope R110 000

4 Afslag van verskaffers en persentasie:

Ja, hulle ontvang 5,26% afslag van die verskaffers.

5 Invorderingsbeleid van Lenyalo Winkels:

Gebruik betalings vir kredietverkope in Junie, afgeskryf: 5%

Ontvang in tweede maand ná verkope: $\frac{10\ 500}{70\ 000} \times 100 = 15\%$

Ontvang in eerste maand ná verkope: $\frac{35\ 000}{70\ 000} \times 100 = 50\%$

Ontvang in maand van verkope: Moet wees 30%. $[100 - 15 - 50] (30\% \times 70\ 000 = 21\ 000)$

Ontvang minus: $21\ 000 - 19\ 950 = 1\ 050 = \text{afslag}$

Persentasie afslag: $\frac{1\ 050}{21\ 000} \times 100 = 5\%$

Kredietverkope soos volg ingesamel:

30% in maand van verkoop met 5% afslag toegestaan

50% in maand ná verkoop

15% in tweede maand na die verkoop

5% afgeskryf as onverhaalbaar

6 Ou voertuig:

Verkoop vir kontant. Dit word in die kontantbegroting aangeteken as 'n ontvangs.

7 Kosprys van die voertuig:

$15\ 000 + (20 \times 6\ 750) = \text{R}150\ 000$

8 Persentasie rente per jaar:

Maandelikse rente: 1 650

Jaarlikse rente: $1\ 650 \times 12 = 19\ 800$

Persentasie rente: $\frac{19\ 800}{180\ 000} \times 100 = 11\% \text{ p.j.}$

9 Verskil tussen surplus en tekort:

Surplus: Totale bedrag kontant ontvang gedurende maand wat die bedrag kontant wat uitbetaal is, oorskry.

Tekort: Totale bedrag kontant ontvang gedurende maand wat minder is as bedrag kontant wat uitbetaal is.